



**Wes-Kaapse
Regering**

Kultuursake en Sport



Jaarverslag
2018/2019

Departement Kultuursake en Sport

Wes-Kaapse Regering

Begrotingspos 13

Jaarverslag
2018/2019

Inhoudsopgawe

Deel A	4
1. Algemene inligting oor die Departement	5
2. Lys van afkortings/akronieme	6
3. Voorwoord	9
4. Verslag van die Rekenpligtige Beamppte.....	10
5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die Jaarverslag	15
6. Strategiese oorsig	16
6.1. Visie	16
6.2. Missie	16
6.3. Waardes	16
7. Wetgewende en ander mandate	16
7.1. Grondwetlike mandate	16
7.2. Wetgewende mandate	19
7.3. Beleidsmandate	23
8. Organisatoriese struktuur.....	26
9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer.....	28
 Deel B	 31
1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte	32
2. Oorsig oor departementele prestasie	32
2.1. Diensleweringomgewing	33
2.2. Diensleweringverbeteringsplan	37
2.3. Organisatoriese omgewing	50
2.4. Kernbeleidsontwikkelings en veranderinge aan wetgewing	51
3. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte.....	52
4. Prestasie-inligting per program	58
4.1. Program 1: Administrasie.....	58
4.2. Program 2: Kultuursake	62
4.3. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste.....	75
4.4. Program 4: Sport en Ontspanning.....	85
5. Oordragbetalings	101
5.1. Oordragbetalings aan openbare entiteite	101
5.2. Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite	102
6. Voorwaardelike toekennings	129

6.1.	Voorwaardelike toekennings en geoormerkte fondse betaal	129
6.2.	Voorwaardelike toekennings en geoormerkte fondse ontvang	130
7.	Skenkerfondse	136
8.	Kapitaalbelegging	136
8.1.	Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan	136
Deel C.....		137
1.	Inleiding	138
2.	Risikobestuur	138
3.	Bedrog en korrupsie	141
4.	Vermindering van botsende belange	142
5.	Gedragkode	142
6.	Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies	143
7.	Portefeuljekomitees.....	144
8.	SKOOR-besluite	145
9.	Vorige wysigings aan ouditverslae	145
10.	Interne beheer	145
11.	Interne oudit en ouditkomitees.....	145
12.	Verslag van die Ouditkomitee	147
Deel D.....		150
1.	Inleiding	151
2.	Stand van Mensebestuur in die Departement	151
3.	Oorsigstatistiek rakende Mensebestuur	154
Deel E.....		185
1.	Verslag van die Ouditeur-Generaal.....	186
2.	Finansiële jaarstate.....	192

Deel A

ALGEMENE INLIGTING

1. Algemene inligting oor die Departement

Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport

STRAATADRES	Protea Assuransie-gebou, Groentemarkplein Kaapstad 8001
POSADRES	Privaat Sak X9067 Kaapstad 8000
TELEFOONNOMMER	0860 142 142
FAKSNOMMER	021 483 9504
E-POSADRES	dcas.com@westerncape.gov.za
WEBTUISTE	www.westerncape.gov.za/dept/cas

2. Lys van afkortings/akronieme

FJS	Finansiële jaarstate
NSSW	Naskoolse Spelwisselaar
RB	Rekenpligtige Beampte
AU	Afrika-unie
CCDI	Kaapse Handwerk- en Ontwerpinstituut
KOP	Klubontwikkelingsprogram
HFB	Hoof- finansiële beampte
CHEC	Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys
VvW	Vergoeding van Werknemers
CTSA	Kaapstad Sagtebalvereniging
DKK	Nasionale Departement van Kuns en Kultuur
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
D: ORB	Direktoraat: Ondernemingsrisikobestuur, Departement van die Premier
DISWEC	Sport vir Gestremdes Wes-Kaap
DGV	Departement van Gemeenskapsveiligheid
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste
DvdP	Departement van die Premier
DSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DPME	Departement van Prestasiemonitering en Evaluering in die kantoor van die president
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
EAP	Werknemerbystandsprogram
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
EE	Gelyke indiensneming
WGWP	Werknemer gesondheid en -welstandprogram
UOWP	Uitgebreide Openbare werkeprogram
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBK	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
FEDANSA	Federasie vir Danssport Suid-Afrika
FMIP	Verbeteringsprogram vir Finansiële Bestuur
FMPPi	Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting
GG	Goewermentsgarage
SMV	Staatsmotorvervoer
ASDSBR	Algemene Staatsdienssektorbedingingsraad
AARP	Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk
RWM&E-stelsel	Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel
MBT	MIV-berading-en-toetsing
HBI	Histories benadeelde individu
DH	Departementshoof
MH	Menslike Hulpbronne
EHB	Erfenishulpbronbestuur
HS	Hoërskool

EWK	Erfenis Wes-Kaap
ICAS	Onafhanklike Berading- en Adviseringsdienste
IKT	Inligtings- en kommunikasietegnologie
IFSC	Internasionale Federasie van Klmsport
IT	Inligtingstegnologie
KKNK	Klein Karoo Nasionale Kunstefees
LIASA	Biblioteek- en Inligtingvereniging van Suid-Afrika
M&E	Monitering en evaluering
LUR	Lid van die (Provinsiale) Uitvoerende Raad (Provinsiale Minister)
MIT	Munisipale Infrastruktuurtoekenning
MISS	Minimum Inligtingsekuriteitstandaarde
MGO	Program vir Massadeelname; Geleentheid en Toegang; Ontwikkeling en Groei
BPAI	Bestuursprestasie-assesseringsinstrument van die DBME
MRBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MTSR	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk
NKR	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NRO	Nieregeringsorganisasie
NER	Nasionale Erfenisraad
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne
NIF	Nasionale Inkomstefonds
NSOP	Nasionale Sport- en Ontspanningsplan
MSW	Maatskappy sonder winsbejag
OSW	Organisasie sonder winsbejag
BGV	Beroepsgesondheid en -veiligheid
BSB	Beroepspesifieke bedeling
PO	Prestasie-ooreenkoms
WOO	Wet op Openbare Oudit
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PBD	Provinsiale Billike Deel
PERSAL	Personeelsalarisstelsel
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
PBD	Provinsiale Bedrogdienste
PILIR	Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid
PTF	Provinsiale Taalforum
PTK	Provinsiale Taalkomitee
PK	Provinsiale Kennisgewing
LS	Laerskool
KBRS	Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PSRMF	Risikobestuursraamwerk vir die Openbare Sektor
SSEP	Streeks- Sosio-ekonomiese Projek

SA	Suid-Afrika/Suid-Afrikaanse
SAFA	Suid-Afrikaanse Sokkervereniging
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SANSK	Suid-Afrikaanse Nasionale Skolekampioenskap
RSAGN	Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SARU	Suid-Afrikaanse Rugbyunie
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
SATTB	Suid-Afrikaanse Tafeltennisraad
SK	Suid-Kaap
VKB	Verkrygingsketteringbestuur
SGMDP	Siyadlala Gemeenskapsmassadeelnameprogram
SCOA	Standaardstaat van Rekening
SKOOR	Staande Komitee oor Openbare Rekening
SHEQ	Veiligheid-, Gesondheid-, Omgewing-, Risiko- en Gehaltebestuur
SITA	Staatsinligtingstechnologie-agentskap
SKGODU	Suid-Kaapse Gemeenskapsontwikkelingsdomino-unie
SLIMS	SITA Biblioteekinligtingsbestuurstelsel
SBD	Seniorvlakbestuursdiens
SBP	Standaardbedryfsprosedure
SOSA	Sport en Ontspanning Suid-Afrika (nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning)
SSMDP	Skolesportmassadeelnameprogram
SOI's	Seksueel oordraagbare infeksies
SWD	Suidwestelike Distrikte
TB	Tuberkulose
UNAIDS	Gesamentlike Program van die Verenigde Nasies oor MIV/vigs
UNESCO	Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
VBT	Vrywillige Berading en Toetsing
GVSO	Geweldvoorkoming deur Stedelike Opgradering
WK	Wes-Kaap
WEKSA	Wes-Kaapse Sportakademie
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering
WTK	Wes-Kaapse Taalkomitee
WKPSK	Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie
WKPGNK	Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee
WFK	Wêreldfederasie vir Karate
WP	Westelike Provinsie

3. Voorwoord



Die Departement van Kultuursake en Sport bied hierdie Jaarverslag vir die 2018/19-tydperk aan as bewys van voortgesette diensleweringse uitkomst. Ons vertrou dat dit die wetgewer en die algemene publiek sal help om insig te kry in ons prestasies en die uitdagings waarvoor ons in hierdie tydperk ten opsigte van bedryfsprestasie, bestuursoorsig, menslike hulpbronne en finansiële bestuur te staan gekom het.

Die Departement lewer 'n toonaangewende diens aan almal vir wie die Wes-Kaap 'n tuiste is, en met die omvattende netwerk vennootskappe, vergroot ons ons diensleweringse voetspoor regoor die provinsie steeds deur voortgaande ondersteuning waar daar te min hulpbronne is.

Die Departement het gedurende die oorsigjaar 'n groot rol gespeel in die implementering van die Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) 2 en 3, sowel as die Naskoolse Spelwisselaar en die Hele-samelewing-benadering tot die bereiking van die Provinsiale Strategiese Doelwitte. Die besonderhede van hierdie maatreëls word meer omvattend in die verslag gedek. Hierbenewens het die Departement ook steundienste vir die Spelwisselaar vir Alkoholskadevermindering (AHR) ingestel.

Om uitvoering te gee aan die Departement van Kultuursake en Sport se algemene visie om 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap te wees, het ons voortgegaan om ons toonaangewende dienste reg deur die jaar te lewer en sodoende uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur deur die doeltreffende, doelmatige en volhoubare gebruik van ons hulpbronne aan te moedig.

Saam met die Departementshoof, Senior Bestuursspan en die personeel is ek teenoor al ons belanghebbendes en vennote dankbaar vir hulle volgehoue ondersteuning. Ek gebruik hierdie geleentheid om die uittredende Premier en my kollegas in die kabinet te bedank vir hulle voortgesette ondersteuning en leiding regdeur die jaar.

Anroux Marais

Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport

4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Oorsig oor die werksaamhede van die Departement

Die Jaarverslag van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport (DKES) word aangebied ingevolge artikel 40(1)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1 van 1999.

Die strategiese stukrag van die WKR word weerspieël in vyf Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD's). Hierdie strategiese doelwitte kan breedweg gegroepeer word in die gebiede van ekonomiese geleentheid (PSD 1), maatskaplike samehorigheid (PSD 2 en PSD 3), ruimtelike integrasie (PSD 4) en goeie bestuursoorsig (PSD 5). Hoewel die werk van ons departement bydra tot al die PSD's, val die hoofstukrag van die Departement in die besonder binne die bestek van PSD 2 – Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling en PSD 3 – Verbeter welstand en veiligheid en pak die maatskaplike euwels aan.

DKES het ook deelgeneem aan die Hele-samelewing-benadering wat in vier areas binne die provinsie van stapel gestuur is (Drakenstein, Saldanhaabaai, Manenberg/Hanover Park en Khayelitsha).

Die visie van die Departement is "n maatskaplik inklusiewe, aktiewe, kreatiewe en verbonde Wes-Kaap".

Die Departement het sy mandaat uitgevoer deur die lewering van dienste via vier strategiese doelwitte:

1. Om 'n doeltreffende, doelmatige en ekonomiese administrasiediens te lewer.
2. Om alle kulturele aktiwiteite in die Wes-Kaap te bevorder, ontwikkel en transformeer om tot nasiebou, goeie bestuursoorsig, maatskaplike en menslikekapitaalontwikkeling en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede by te dra.
3. Om volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste te bevorder, ontwikkel en transformeer.
4. Om maatskaplik inklusiewe sport- en ontspanningstrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en te ondersteun.

Hierdie strategiese doelwitte dek die volle demografiese en geografiese bestek van die besigheid van die Departement regoor alle gemeenskappe deur die bevordering van: die kunste, kultuur en taal; biblioteek- en argiefdienste; museums, erfenis en geografiese name en sport en ontspanning.

Die Departement is ook verantwoordelik vir drie openbare entiteite, naamlik die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, die Wes-Kaapse Taalkomitee en Erfenis Wes-Kaap.

Die Departement het 106 uit 108 prestasie-aanwysers (75 uit 77 programprestasie-aanwysers + 31 voorwaardeliketoekenningsaanwysers) bereik deur die gesamentlike pogings van sy dienslewering.

'n Paar ander belangrike prestasies van die Departement sluit in ondersteuning aan 132 sportfederasies, ondersteuning aan 69 kultuurorganisasies wat aktief is op die gebied van dans, musiek, kuns, drama en letterkunde, ondersteuning aan 30 museums en 375

biblioteeksentrums (die grootste netwerk openbare biblioteke in die land), die bou van twee nuwe biblioteke, en die aanbied van verskeie toekenningsfunksies in die Wes-Kaap.

Die Departement was gedurende die oorsigjaar ook direk betrokke by die volgende spelwisselaarprojekte:

Die Departement was die leidinggewende departement vir die Naskoolse Spelwisselaar. Ander belanghebbers het ingesluit die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Departement van Gemeenskapsveiligheid, die Departement van die Premier, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, die Stad Kaapstad, en die NRO-sektor. Hierdie spelwisselaar het gefokus op die bou van verantwoordelike, bemagtigde jong volwassenes wat beter voorberei is vir die lewe deur belegging in en die voorsiening van die nodige ondersteuning aan naskoolse dienste deur vennootskappe. Die naskoolse program is suksesvol by 568 skole geïmplementeer. Die Departement is direk betrokke by die befondsing en lewering van programme by 353 skole. Dit sluit in 181 MGO-sentrums, 134 buurtskoolsentrums en 48 akademiese steunpersele.

As die leidinggewende departement vir die transversale naskoolse spelwisselaarprogram het die Departement die konsep van 'n naskoolse program en die bevordering van uitgebreide onderrig gemik op die holistiese ontwikkeling van ons kinders in die provinsie suksesvol vasgelê.

DKES was verantwoordelik vir deel 2a van die Spelwisselaar vir Alkoholskadevermindering, naamlik die implementering en ontwikkeling van alternatiewe ontspanningsaktiwiteite in aangewese/geteikende gebiede in die Wes-Kaap onder die leierskap van die Departement van Gemeenskapsveiligheid. Hierdie program is gerig op die opheffing van gemeenskappe en die vermindering van die skade wat deur alkohol veroorsaak word. Die teikengroep was manlike jeugdiges in die ouderdomsgroep 16 tot 35 jaar, wat gereeld sjebeens besoek het. Die Departement het vier-aan-n-kant-voetbal op Vrydagaande aangebied, asook bordspeletjies en verwante aktiwiteite in die twee teikengebiede vir hierdie spelwisselaar, naamlik Khayelitsha (Town 2) en Paarl-Oos (Fairlyland).

Die Departement moes gedurende die oorsigjaar agtergrondwerk doen vir die vestiging van 'n argeologiese en paleontologiese erfenistoerisme-roete in die provinsie. Hierdie roete sal na verwagting die toerisme van die gebied bevoordeel, en terselfdertyd die streek belig as die wieg van die menslike kultuur – 'n groot geleentheid en verantwoordelikheid vir ons provinsie. Die *Wieg van Menslike Kultuur* sal na verwagting 'n viering wees van alle kulture in die Wes-Kaap en die belangrikste bemarkingspunt daarvoor sal wees om toeriste van die Wieg van die Mensdom (Gauteng) na die Wes-Kaap te lok en omgekeerd. Die roete is op 11 April 2019 bekendgestel tydens die wêreldreismark Afrika wat by die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum aangebied is. Dit val buite die oorsigtydperk.

Die BPAI-proses vereis dat die senior bestuur van die Departement 'n assessering doen volgens 'n reeks standaarde. Dit het gelei tot beter bestuurspraktyke en uiteindelik ook tot beter diensleweringuitsomste. Die Departement het vir die boekjaar onder oorsig 'n vlak 3+ BPAI-gradering behaal, wat 'n verbetering is op vorige assesserings.

Die Departement het vir die sewende opeenvolgende jaar 'n skoon oudituitsom behaal.

Uitdagings gedurende die jaar

Die ekonomiese situasie van die land het die rasionalisasie van werksaamhede genoodsaak. Ondanks hierdie uitdaging het die Departement steeds goed presteer.

Oorsig oor die finansiële resultate van die Departement

Departementele ontvangste

Naam van program	2018/19			2017/18		
	Skatting (R'000)	Werklike bedrag ingevorder (R'000)	Oor-/ (Onder-) invordering (R'000)	Skatting (R'000)	Werklike bedrag ingevorder (R'000)	(Oor-)/ Onder- invordering (R'000)
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates ¹	1 959	2 700	741	1 745	2 592	847
Oordragte ontvang van ander regeringseenhede ²	174	174	-	531	532	1
Boetes, strafgelde en verbeurings	646	714	68	730	608	(122)
Rente, dividende en huurgeld op grond	-	-	-		8	8
Finansiële transaksies in bates en laste		201	201		160	160
Totaal	2 779	3 789	1 010	3 006	3 900	894

1 Sluit museumtoegangsfooie en gimfooie in.

2 Oordrag ontvang van DSA om veldtog teen bendes te befonds.

Die oorinvordering rakende die Departement se ontvangste is hoofsaaklik weens die oorinvordering van toegangsfooie by provinsiale museums. Dit is 'n vraaggedrewe inkomstebron wat gebaseer is op die aantal besoeke aan provinsiale museums gedurende die boekjaar.

Programbesteding

Naam van program	2018/19			2017/18		
	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-)/ Onder- besteding (R'000)	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-)/ Onder- besteding (R'000)
Administrasie	65 160	64 657	503	63 803	63 679	124
Kultuursake	115 200	113 231	1 969	111 308	110 020	1 288
Biblioteek- en Argiefdienste	372 908	371 224	1 684	368 586	364 357	4 229
Sport en Ontspanning	185 934	183 226	2 708	183 636	182 955	681
Totaal	739 202	732 338	6 864	727 333	721 011	6 322

Viremente/fondse oorgedra

Viremente:

Van program	Standaarditem	Bedrag R'000	Na program	Standaarditem	Bedrag R'000
Program 3	Lopende betalings (G&D)	-379	Program 1	Lopende betalings (G&D)	379
Program 3	Lopende betalings (G&D)	-1 508	Program 2	Lopende betalings (G&D)	14
				Oordragte & Subsidies (Dept. Ag)	273
				Oordragte & Subsidies (NPI)	1 221
					1 508
Program 4	Lopende betalings (G&D)	-543	Program 2	Oordragte & Subsidies (NPI)	555
	Oordragte & subsidies (NPI)	-12			
		-555			
TOTAAL		-2 442			2 442

Fondse oorgedra:

Die Departement het een versoek vir die oordrag van fondse na die 2019/20-boekjaar ingedien, wat verband hou met die aankoop van IT-toerusting vir Biblioteekdienste wat nie teen 31 Maart 2019 gelewer kon word nie.

Ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die Departement het nie gedurende die oorsigjaar enige ongemagtigde, vrugtelose of verkwistende uitgawes aangeaan nie.

Toekomsplanne van die Departement

Die Departement, in samewerking met die Departement van Plaaslike Regering, doen 'n studie van die impak van die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoisan-leierskap en die gevolglike erkenning van tradisionele leiers in die Khoi- en San-gemeenskappe.

Openbare-private vennootskappe

Geen.

Gestaakte aktiwiteite/Aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen aktiwiteite is gedurende die oorsigjaar gestaak nie.

Nuwe of beoogde aktiwiteite

Geen nuwe aktiwiteite is gedurende die oorsigjaar ingestel nie.

Verkrygingskettingbestuur

Geen ongevraagde aanbiedings is gedurende die oorsigjaar aanvaar nie.

VKB-prosesse en -stelsels is in werking om onreëlmatige uitgawes te verhoed.

VKB het tydens die oorsigjaar geen belangrike uitdagings ervaar nie.

Geskenke en donasies in natura ontvang van nieverwante partye

Raadpleeg Bylae 1E in die Finansiële Jaarstate.

Vrystellings en afwykings van die Nasionale Tesourie ontvang

Geen vrystellings of afwykings is gedurende die oorsigjaar van die Nasionale Tesourie ontvang nie.

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Geen.


Samevatting

Ter afsluiting wil ek graag erkenning gee aan die werk van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, wat 'n audit van die finansiële jaarstate en prestasie-inligting gedoen het. Ek spreek my waardering uit teenoor die Ouditkomitee wat 'n kritiese beoordeling van die jaarverslag verskaf het.

Ek gee ook graag erkenning aan die bydrae van ons belanghebbers in die burgerlike gemeenskap en interregeringstrukture en ons susterdepartemente vir hulle voortgesette ondersteuning.

Ek wil hierdie geleentheid graag gebruik om my opregte waardering uit te spreek teenoor die hele DKES-span vir hulle ondersteuning regdeur die jaar op die pad van dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap. Sonder hulle harde werk en toewyding sou die vordering wat ons gemaak het, nie moontlik gewees het nie.

Laastens wil ek graag erkenning gee aan die rol en ondersteuning van ons Minister, me. Anroux Marais, vir haar strategiese rigtinggewing, leiding en volgehoue ondersteuning vir die werk van hierdie departement.



Breun Marais

Rekenpligte Beampste

Departement van Kultuursake en Sport

31 Augustus 2019

5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die Jaarverslag

Na my beste wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat regdeur die jaarverslag openbaar gemaak is, is konsekwent.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.
- Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die jaarverslagriglyne soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie.
- Die finansiële jaarstate (Deel E) is opgestel ingevolge die gewysigde kontantstandaard en die relevante raamwerke en riglyne soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die vestiging en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike gerusstelling te bied rakende die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate.
- Die eksterne ouditeure is verbind om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na my mening bied hierdie jaarverslag 'n redelike weergawe van die werksaamhede, prestasie-inligting, menslikehulpbroninligting en die finansiële sake van die Departement van Kultuursake en Sport vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2019.

Die uwe



Rekenpligtige Beampte

Brent Walters

31 Augustus 2019

6. Strategiese oorsig

6.1. Visie

'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.

6.2. Missie

Ons moedig uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur die effektiewe, doelmatige en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, en deur middel van kreatiewe vennootskappe. Op pad na uitnemendheid en die ontwikkeling van die Wes-Kaap tot die sport- en kultuursentrum van Suid-Afrika, sal ons die omstandighede vir toeganklikheid en massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling skep.

6.3. Waardes

Sorgsaamheid, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovering en responsiwiteit.

7. Wetgewende en ander mandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou die wetgewende mandaat waarop sy oorhoofse funksionering gebaseer is as bindend, veral ten opsigte van doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering gegrond op die nasionale regering se Witskrif oor die Transformasie van Dienslewering in die Staatsdiens, die Batho Pele-inisiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die volgende tabelle uiteengesit word:

7.1. Grondwetlike mandate

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3),(4) en (5): Taal	Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en billik behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) is in samewerking met die DKES verantwoordelik vir die monitoring en evaluering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, wat in 2001 aangeneem is, en moet ten minste een keer per jaar aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die WTK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee verleen.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die DKES fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat dit aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en	Die DKES moet verseker dat sy programme en projekte die kultuur- en taaldiversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.

Artikel	Beskrywing
taalgemeenskappe	
Artikel 41: Beginsels van regering van samewerking en interregeringsbetrekkinge	Die DKES werk saam met alle regeringsfere. Ingevolge sy spesifieke mandate werk die DKES nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA, die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning), nasionale en provinsiale openbare entiteite, en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Artikel 156(4): Toekenning van magte	Die DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikerwys op plaaslike regering betrekking het, indien— • daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en • die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer. Die DKES fasiliteer die lewering van openbarebiblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur gelewer deur middel van die Voorwaardelike Toekenning vir Gemeenskapsbiblioteke, en met verdere ondersteuning van die Provinsiale Tesourie se Munisipale Vervangingsbefoersing.
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Kultuuraangeleenthede: • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane sover dit konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede aangaan. Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in die mate dat die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer verleen: • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende taalbeleidaangeleenthede.
Bylae 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdheid	Argiewe buiten nasionale argiewe: • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe, buiten nasionale argiewe, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens. Biblioteke buiten nasionale biblioteke: • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke, buiten nasionale biblioteke, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en om nou saam te werk met plaaslike owerhede om 'n openbarebiblioteek- en inligtingsdiens te lewer. Museums buiten nasionale museums: • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende museums, buiten nasionale museums, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale museumdiens, om nou saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun. Provinsiale kultuuraangeleenthede (insluitend erfenishulpbronbestuur en geografiese name): • Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH) aangestel is – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy regsmandaat uit te voer en te administreer. Die LUR (Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad) stel die Raad van EWK aan en is die

Artikel	Beskrywing
	aangestelde erfenisappèlowerheid vir die Wes-Kaap. - Die DKES verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee (WKPGNK) om openbare deelname in verband met die standaardisering van en veranderinge aan geografiese name te fasiliteer. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die provinsiale komitee aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. Sport, ontspanning en geriewe: - Die DKES het 'n mandaat om te help met die skep van 'n bemagtigende omgewing vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers	DKES-amptenare moet die bepalings van artikel 195 nakom, wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers. Artikel 195(1)(b) vereis die bevordering van die doelmatige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laags moontlike koste moet lewer.
Artikel 92 en 133	Artikel 92 bepaal dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien. Artikel 133 bepaal dat LUR'e van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik teenoor die provinsiale wetgewer aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die wetgewer van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997	
Artikel 5	Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet: - die amptelike tale Afrikaans, Engels en Xhosa gebruik word; en - hierdie tale gelyke status geniet. Die WKR moet sy gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur wetgewende en ander maatreëls reël en monitor. Die WKR moet praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status en gebruik van dié inheemse tale van die mense van Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en te bevorder.
Artikel 70	Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike finansiering, binne die beskikbare middele van die Wes-Kaapse Regering, vir 'n kultuurraad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Registrasie van en steun vir kultuurrade: Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is belas met die registrasie van en steun vir geregistreerde kultuurrade. Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.
Artikel 81	Die Wes-Kaapse Regering moet beleide om die welsyn van die mense van die provinsie daadwerklik te bevorder en te handhaaf, aanneem en uitvoer, insluitend beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik: - die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en - die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. Die DKES implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalings te ondersteun.
Artikel 82	Die rigtinggewende provinsiale beleidsbeginsels in Hoofstuk 10 (artikel 81) rig die Wes-Kaapse Regering by die opstel en toepassing van wette.

7.2. Wetgewende mandate

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB): • reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, gelyste openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers; • verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instansies doeltreffend en doelmatig bestuur word; en • definieer die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van hierdie liggame toevertrou is.
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur onder andere die Staatsdienswysigingswet, 2007)	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791, 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007	Hierdie wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die DKES, die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens, en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)	Daar is elke jaar 'n nuwe wet.	Die Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA): • maak elke jaar voorsiening vir die billike verdeling van inkomste, wat nasionaal ingevorder is, tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; • bepaal elke jaar elke provinsie se billike deel van die provinsiale gedeelte van daardie inkomste; en • maak elke jaar toekennings aan provinsies, plaaslike regerings of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste, onderhewig aan voorwaardes. Die DKES ontvang voorwaardelike toekennings van die nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die regering, staatsinstellings en privaat instansies gehou word. Die DKES en elke ander openbare en privaat liggaam moet onder meer: • 'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om toegang tot inligting, wat deur die betrokke liggaam gehou word, in te dien; en • 'n inligtingsbeamppte aanstel om versoeke om toegang tot inligting, wat deur die betrokke liggaam gehou word, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie wet: • gee 'n uiteensetting van die reëls en riglyne wat administrateurs moet volg wanneer hulle besluite neem; • vereis dat administrateurs mense in kennis stel van hul reg op hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek; • vereis dat administrateurs redes vir hulle besluite verskaf; en • gee lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in die hof te betwis.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Kultuurstellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die DKES moet met nasionaal verklaarde kultuurstellings skakel en saamwerk ten opsigte van kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Wet op Kultuurbevordering, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op die Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Adviesraad van die Nasionale Argiewe te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die nasionale norme en standaarde wat ingevolge hierdie wet gestel is.
Wet op die Nasionale Kunstraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Nasionale Kunstraad (NKR) te dien, vir samewerking en skakeling met die NKR, en vir die administrasie van NKR-befondsing vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Nasionale Erfenisraad (NER) te dien, vir samewerking met die NER, en vir die koördinering van aktiwiteite wat verband hou met die befondsing en projekte van die NER in die Wes-Kaap.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die DKES verseker nakoming van die WNEH deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, om in die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) te dien. Die DKES verseker ook nakoming van die vereiste dat die LUR ingevolge die WNEH 'n Raad vir EWK aanstel, as die provinsiale erfenishulpbronowerheid. Die Departement is verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAEHA, EWK en munisipaliteite ten opsigte van die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES staan die LUR ook by wanneer appêlle teen besluite van die EWK by hom of haar ingedien word.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Hierdie wet vereis onder andere dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie tot stand bring.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings in hierdie wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om in die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om navorsing te doen oor geografiese name in die Wes-Kaap; om standaardisering te verseker; en om, waar nodig, openbare deelname ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan hierdie name te fasiliteer. Die Departement verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die WKPGNK aanbevelings aan

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die wet en die Wêrelderfeniskonvensie ten opsigte van die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse voorlopige lys van terreine, en vir die benoeming van terreine op die Suid-Afrikaanse voorlopige lys vir oorweging deur UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
Wet op Nasionale Sport en Rekreasie, 1998	Wet 110 van 1998	Die wet maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinering van betrekkinge tussen SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), SOSA, sportfederasies, sportrade en ander agentskappe. Die wet maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalanse in sport en ontspanning reg te stel; om gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; en om meganismes vir geskilbeslegting in sport en ontspanning daar te stel.
Wet op Veiligheid by Sport en Ontspanningsgeleenthede, 2010 (SASREA)	Wet 2 van 2010	Om voorsiening te maak vir maatreëls om die fisiese welstand en veiligheid van persone en eiendom by sport-, ontspannings-, godsdiens-, kulturele, uitstallings-, organisatoriese of soortgelyke geleenthede wat in stadions, lokale of langs 'n roete aangebied word te beskerm; vir die aanspreeklikheid van rolspelers by geleenthede; vir sekere verbodsbepalings; vir die risikokategorisering van geleenthede; vir die instelling van maatreëls om veiligheid en sekuriteit by geleenthede te hanteer; vir die akkreditasie van rolspelers by geleenthede; vir kaartjie-uitreiking by geleenthede; vir toegangsbeheer van toeskouers en voertuie by geleenthede; vir die uitreiking van veiligheidsertifikate vir beplande of bestaande stadions of lokale; vir die inhoud van veiligheidsertifikate en wysigings aan veiligheidsertifikate; vir die aanstelling van inspekteurs en hul toegangs- en inspeksiebevoegdheid; vir die ontplooiing van sekuriteitsdienste; vir toeskoueruitsluitingskennisgewings; vir verbodsbepalingskennisgewings; vir die inwerkingstelling van 'n appèlraad en vir appèlle; vir publieke aanspreeklikheidsversekering vir geleenthede; vir betaling van fooie; vir oortredings en strafgelde; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Provinsiale Taalwet, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie wet ingestel is, moet onder andere: • die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor; • aanbevelings aan die LUR en die Provinsiale Parlement maak oor voorgestelde of bestaande wetgewing,

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		praktyke en beleide wat direk of indirek met taal in die Wes-Kaap te doen het; • die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder; • die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; • die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die provinsie adviseer; en • PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer. Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.
Wes-Kaapse Kultuurkommissie- en Kultuurradewet, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	Hierdie wet maak voorsiening vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie om onder andere oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat gemeenskappe verteenwoordig wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die WKKK mag ook aanbevelings maak oor die volgende: • die visuele, uitvoerende en literêre kunste; • die natuur- en geesteswetenskappe; • kultuurgeskiedenis; en • die kultuurbewustheid en kultuurbetrokkenheid van die jeug. Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoming van die owerheid en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoming van die owerheid en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn.
Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	Hierdie wet maak voorsiening vir die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap om openbare en nieopenbare rekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en deur die staat te bewaar; om sodanige rekords toeganklik te maak; en om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder.
Museumordonnansie, 1975	Ordonnansie 8 van 1975	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie waar

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
	(Kaapprovinsie)	dit van toepassing is op provinsiale museums in die Wes-Kaap. Nuwe provinsiale wetgewing in verband met museums word in oorleg met die betrokke belanghebbendes geformuleer.
Ordonnansie op die Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum op Tulbagh te reël.
Ordonnansie op die Provinsiale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie ten opsigte van provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap.

7.3. Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleide	
Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (1996)	Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir nasionale en provinsiale beleid oor kuns-, kultuur-, erfenis-, biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)	Hierdie dokument verskaf 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandate op alle staatsorgane, met inbegrip van die DKES. Dit verskaf ook 'n uiteensetting van beginsels en implementeringstrategieë wat gevolg moet word.
Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuurbeleidshandleiding, 2007)	Hierdie dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame moet funksioneer ten opsigte van die bestuur van hul rekords en die manier waarop die DKES toesig moet hou oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap.
Bestuur van Elektroniese Rekords in Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om te voldoen aan wetgewende vereistes aangaande elektroniese rekords as 'n integrerende deel van rekordhulpbronbestuur. Die DKES moet voldoen aan die voorgeskrewe toepaslike nasionale en internasionale standaarde ten opsigte van rekenaarhardeware, -sagteware en bewaringsmedia vir argiefbewaring.
Verklaring oor die Nasionale Sport- en Ontspanningsindaba (2011)	Hierdie verklaring vereis dat die DKES se hoofdoelstellings belyn moet word met die strategiese riglyn in die verklaring wat die visie vir sport en ontspanning tot 2020 uiteensit.
Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (2012)	Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) verskaf 'n uiteensetting van die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot 2020.
Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie beleid beklemtoon die volgende belangrike aspekte: • verhoging van die vlak van deelname aan sport en ontspanning; • verbetering van die profiel van sport te midde van botsende prioriteite; • maksimalisering van die kans op sukses by belangrike sportgeleenthede; en • plasing van sport aan die voorpunt van pogings om

Beleid	Beskrywing
	misdaad te verminder. Die algehele verantwoordelikheid vir sport en ontspanning berus by SOSA.
Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitoring- en Evalueringsbeleidstelsel (2007)	Die oogmerk van die Regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel (RWM&E) is om by te dra tot verbeterde bestuursoorsig en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te verbeter. Hierdie dokument verskaf die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitoring en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder resultaatgebaseerde bestuur.
Groenskrif Prestasiebestuurmonitoring en -evaluering (2009)	Hierdie dokument is daarop gemik om staatsamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om op die bereiking van die uitkoms- en uitsetmaatstawwe vervat in die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MSTR) te fokus. Dit het ten doel om goeie departementele en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder.
Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die opstel van 'n M&E-raamwerk	Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n raamwerk vir monitoring en evaluering in alle staatsinstellings sodat hulle hul vordering kan meet teen hul gestelde doelwitte en regstellende stappe kan doen waar nodig. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip moet hê van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers. Die aanwysers moet aan spesifieke beleidsopdragte gekoppel word en die stelling aanwysers moet ontleed word om vas te stel of daar enige verband tussen oorsake en gevolge is.
Riglyne vir die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP)	Die riglyne vir die UOWP-sakeplanne vir die Maatskaplike Sektor (Sport en Ontspanning), asook die Omgewings- en Kultuursektor (Kultuursake), verskaf 'n raamwerk vir die DKES om openbare befondsing vir die vermindering en verligting van werkloosheid te gebruik.
Provinsiale beleide	
Wes-Kaapse Taalbeleid (PK 369, 27 November 2001)	Die DKES en alle ander provinsiale departemente is verplig om die bepalings van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, Wet 13 van 1998, te implementeer. Hierbenewens het die Departement die opdrag om taalsteundienste aan die Wes-Kaapse Regering te lewer deur middel van sy sentrale taaleenheid.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)	Hierdie dokument bevat riglyne vir die toewysing van finansiële bystand aan kultuurorganisasies.
Befondsingsriglyne vir Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie dokument bevat riglyne vir die toewysing van finansiële bystand aan sportorganisasies.
Beleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Kenmerke (2015)	Hierdie beleid verskaf 'n uiteensetting van die kriteria wat oorweeg moet word en die prosesse wat deur die DKES en die Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee gevolg moet word wanneer belanghebbendes en gemeenskappe geraadpleeg word oor die standaardisering of herbenoeming van, of veranderinge aan bestaande geografiese name. Hierdie liggame maak aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Monitoring- en Evalueringstelsel (2009)	Hierdie stel dokumente dien as 'n provinsiale reaksie op die Regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel. Die oogmerk is om bestuursoorsig en provinsiale uitvoerende verslagdoening te verbeter deur ondersteuning te bied vir geleidelike verbeterde bewysgebaseerde besluitneming, beleidsverfyning en doeltreffende hulpbrontoewysing.

Beleid	Beskrywing
Wes-Kaapse Museumbeleid (2013)	Hierdie beleid verskaf 'n grondslag vir individue en gemeenskappe om museums in die Wes-Kaap tot stand te bring en in stand te hou. Dit stel ook 'n raamwerk voor vir voorgestelde nuwe provinsiale wetgewing oor museums om die verouderde Museumordonnansie [Kaapprovinsie], 1975, te vervang.
Rekordbestuursbeleid van Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Die doel met die beleid is om riglyne aan Wes-Kaapse provinsiale regeringsliggame te verskaf oor die bestuur van rekords vir goeie bestuursoorsig en aanspreeklikheid, asook korporatiewe en maatskaplike geheue.
Digitaliseringsbeleid van Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Die doel met die beleid is hoofsaaklik om riglyne te verskaf rakende die digitalisering van rekords as 'n integrerende deel van die strategiese bestuur van rekords.
Raamwerk vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) vir die Wes-Kaapse Regering	Om taalgebruik aan te moedig wat toeganklik is en sosiale verdraagsaamheid te bevorder vir persone wat gebaretaal gebruik.

Strategieë	Beskrywing
Nasionale strategieë	
Voorwaardelike toekenning: Biblioteekherkapitalisasieprogram vir die uitbreiding van gemeenskapsbiblioteekdienste	Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie voorwaardeliketoekenningsprojek in die Wes-Kaap.
Opdrag: Gesamentlike Provinsiale Taakspan vir Skolesport (2012)	Die DKES het opdrag van SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys om 'n Gesamentlike Provinsiale Taakspan vir Skolesport tot stand te bring, om 'n skolesportstrategie te koördineer, te implementeer en daarvoor toesig te hou, en om deelname aan skolesport te verseker.
Riglyne vir die instelling van kodekomitees om skolesport te ondersteun (2013)	SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys gee duidelike riglyne vir die instelling van kodespesifieke skolesportkomitees op reeks-, distriks- en provinsiale vlak. Die DKES ondersteun die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) om skolesportverwante aktiwiteite in die verskillende kodes te koördineer. Kodespesifieke koördineringskomitees moet aan die betrokke sportfederasies verslag doen.
Provinsiale strategieë	
Norme en Standaarde vir Openbare Biblioteke in die Wes-Kaap	Norme en standaarde is noodsaaklik om die lewering en deurlopende ontwikkeling van openbarebiblioteekdienste te verseker ten einde uitvoering te gee aan die Konsepwetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdiensetehandves van 2014. Hierdie strategie gee aandag aan die norme en standaarde vir biblioteekfunksies, personeel, fasiliteite, internettoegang, biblioteekversameling en biblioteekure vir openbare biblioteke in die Wes-Kaap.
Skolesportriglyn (2013)	Hierdie DKES-dokument bied leiding aan belanghebbendes om aan die verskillende skolesportbeleidsdokumente en die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te voldoen.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te bied sodat hulle beter met hul omgewing kan omgaan en verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes kan word. Die doel met die strategie is vir die jeug in die Wes-Kaap om geïnspireerde, geleerde, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue te wees wat teen die ouderdom van 25 jaar produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings kan


Strategieë		Beskrywing
		handhaaf.
Genre-ontwikkelingstrategie (2008)		Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kunsvorms in die Wes-Kaap.
Jaarlikse Padmars- en Kompetisieraamwerk (2012/13)		Verskaf riglyne vir die items en die persentasie wat toegewys moet word vir die jaarlikse padmarse en kompetisies van die Klopse en die Kersfees- en Maleierkore.
Wes-Kaapse Inisiasieraamwerk		Hierdie raamwerk bied aan plaaslike kultuurorganisasies, munisipaliteite en ander owerhede leiding oor die kultuurpraktyk van inisiasie.
Wes-Kaapse Raamwerk vir Mondelinge Geskiedenis		Hierdie raamwerk bied aan DKES-personeel en geaffilieerde instellings wat veldwerk doen die minimum riglyne en etiese standaarde wat nagekom moet word wanneer onderhoude oor mondelinge geskiedenis gevoer word.

8. Organisasoriese struktuur

Die Departement se organisatoriese struktuur (soos op 31 Maart 2019) word op die volgende bladsy uitgebeeld.



Organisatoriese organogram



9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer

Die tabel hieronder dui enteiteite aan wat aan die Minister rapporteer.

Openbare enteiteite:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verhouding	Aard van werksaamhede
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998)	Die DKES is die primêre befondser van die WKKK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan die kommissie om so sy werksaamhede te befonds.	Die WKKK is volgens wet verantwoordelik vir die registrasie en deregistrasie van kultuurrade. Hulle is ook verantwoordelik vir toesig oor die bestuur van sewe kultuurfasiliteite wat die Minister vir Kultuursake en Sport onder hulle beheer geplaas het.
Wes-Kaapse Taalkomitee	Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998)	Die DKES is die primêre befondser van die WKTK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan die komitee om so sy werksaamhede te befonds.	Die WKTK is verantwoordelik vir die monitering van die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering; die maak van aanbevelings aan die Minister vir Kultuursake en Sport en die Provinsiale Parlement; die aktiewe bevordering van veeltaligheid; die aktiewe bevordering van die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale; en advisering van die Minister van Kultuursake en Sport en PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap.
Erfenis Wes-Kaap	Wet op Nasionale Erfenisbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)	Die DKES is die primêre befondser van EWK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan EWK om so sy werksaamhede te befonds.	EWK is die provinsiale erfenishulpbronowerheid vir die Wes-Kaap en is verantwoordelik vir die identifisering, beskerming, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

Geproklameerde provinsiale museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Bartolomeu Dias Museum, Mosselbaai	Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)	Die Departement befonds hierdie museums se werksaamhede as deel van sy diensstaat.	As geproklameerde provinsiale museums het hierdie museums die regsverantwoordelikheid om hul versamelings te bestuur, te bewaar, daarvoor navorsing te doen, mense daarvoor in te lig en dit te bevorder ingevolge die goedgekeurde temas van elke museum en die DKES se strategiese doelwitte.
Kaapse Mediese Museum, Kaapstad			
Kaapstad Museum			
George Museum			
Worcester Museum			

Geproklameerde provinsiegesteunde museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Beaufort-Wes Museum	Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)	Die DKES is die primêre befondser van die meeste provinsiegesteunde museums. Die DKES stel 'n subsidie beskikbaar vir die instandhouding van die museums en voorsien gesekondeerde personeel ingevolge die goedgekeurde diensstaat van die DKES, met die uitsondering van die Kangogrotte Museum.	As geproklameerde provinsiegesteunde museums het hierdie museums die regsverantwoordelike id om hul versamelings te bestuur, te bewaar, daarvoor navorsing te doen, mense daarvoor in te lig en dit te bevorder ingevolge die goedgekeurde temas van elke museum en die DKES se strategiese doelwitte.
Caledon Museum			
CP Nel Museum, Oudtshoorn			
Drostdy Museum, Swellendam			
Genadendal Sendingmuseum			
Houtbaai Museum, Kaapstad			
Hugenote Gedenkmuseum, Franschhoek			
Kangogrotte Museum, Oudtshoorn			
Koringbedryfmuseum, Moorreesburg			
Lwandle Trekarbeidmuseum, Kaapstad			
Montagu Museum			
Ou Hawe Museum, Hermanus			
Oude Kerk Volksmuseum, Tulbagh			
Paarl Museum			
SA Sendinggestig Museum, Kaapstad			
Simonstad Museum, Kaapstad			
Skeepswrakmuseum, Bredasdorp			
Stellenbosch Museum			
Togryersmuseum, Ceres			
Wellington Museum			

Geproklameerde plaaslike museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Fransie Pienaar Museum, Prins Albert	Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)	Die DKES is die primêre befondser van plaaslike museums. Die DKES stel hulptoelaeoordragbetalings beskikbaar vir die instandhouding van die plaaslike museums.	As geproklameerde plaaslike museums het die museums die regsverantwoordelike id om hul versamelings te bestuur, te bewaar, daarvoor navorsing te doen, mense daarvoor in te lig en dit te bevorder ingevolge die goedgekeurde temas van elke museum en die DKES se strategiese doelwitte.
Groot-Brakrivier Museum			
Jan Danckaert Museum, Porterville			
Robertson Museum			
SA Visserye Museum, Laaiplek			

Departementele advieskomitee

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee	Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 (Wet 118 of 1998)	Die DKES is die primêre befondser van die komitee. Die komitee se begroting is deel van die algehele departementele begroting.	Die komitee adviseer die Minister oor aangeleenthede wat verband hou met veranderinge aan en standaardisering van geografiese name ingevolge die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.

Deel B

PRESTASIE-INLIGTING

1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte

Die OGSA voer tans sekere auditprosedures uit oor die prestasie-inligting om redelike gerusstelling in die vorm van 'n auditbevinding te gee. Die auditbevinding oor die prestasie ten opsigte van voorafbepaalde doelwitte word by die verslag aan die bestuur ingesluit, met geen wesenlike bevindings wat onder die opskrif "Voorafbepaalde doelwitte" gerapporteer word in die afdeling oor ander wetlike en regulatiewe vereistes van die ouditeur se verslag nie.

Raadpleeg bladsy 186 vir die Verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting, van hierdie Jaarverslag 2018/19.

2. Oorsig oor departementele prestasie

Kultuursake en Sport is 'n instrument wat gebruik word om te help met die bou van 'n maatskaplik inklusiewe Wes-Kaap. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die volgende dienste:

HOOFDIENS	BESKRUYING VAN DIENS
Administratiewe steundienste	• Verskaf strategiese en bedryfsbestuursteun aan die Departement. • Verskaf finansiële en verkrygingskettingbestuursdienste aan die Departement. • Strategiese bestuursteun en koördinerende van die UOWP-programme in die Omgewings- en Kultuursektor in die DKES.
Kuns en Kultuur	• Fasiliteer die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap deur die skep van doeltreffende en lewendige funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings, en verskaf ondersteuning en bystand aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) om sy wetgewende mandaat uit te voer.
Museums, Erfenishulpbronbestuur en Geografiese Naamdienste	• Bevorder, bewaar en ontwikkel ons erfenis deur museumdienste te verskaf aan geaffilieerde museums en professionele en ander ondersteuning aan die beheerliggame van geaffilieerde museums te voorsien. • Bevorder, bewaar en bestuur die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap en fasiliteer aangeleenthede rakende die Konvensie oor Wêrelderfenis in die Wes-Kaap. • Help met erfenishulpbronbestuur deur die implementering van tersaaklike wetgewing. • Fasiliteer prosesse, waar nodig, vir die standaardisering van veranderinge aan geografiese name in die Wes-Kaap. • Adviseer plaaslike owerhede en werk saam met hulle om te verseker dat hulle die beginsels van die RSAGN op die name onder hulle jurisdiksie toepas.
Taaldienste	• Bevorder en ontwikkel veeltaligheid in die Wes-Kaap. • Ontwikkel die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap aktief. • Fasiliteer die implementering en monitering van die Wes-Kaapse

HOOFDIENS	BESKRUYING VAN DIENS
	Taalbeleid. • Verskaf professionele en administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) om sy wetgewende mandaat uit te voer.
Biblioteekdiens	• Verskaf biblioteek- en inligtingsdienste en bevorder 'n kultuur van lees en lewenslange leer in vennootskap met munisipaliteite.
Argiefdienste	• Verskaf toegang tot argiefferenis en bevorder behoorlike bestuur en bewaring van openbare rekords.
Sportdienste	• Verskaf gespesialiseerde dienste vir sport. • Verskaf kliënte- en wetenskaplike ondersteuning.
Ontspanning	• Bevorder ontspanningsaktiwiteite.
Skolesport	• Bevorder spesifieke naskoolse aktiwiteite en deelnamegeleenthede op 'n volgende vlak.
MGO-program	• Bevorder massadeelname deur die voorsiening van 'n verskeidenheid naskoolse aktiwiteite.
Naskoolse Spelwisselaar	• Koördineer, ontwikkel en bou kapasiteit vir uitgebreide dag- of naskoolse programme by geen- en laefooi-skole regdeur die provinsie en dwarsoor DKE, DMO, WKOD, DGV en DvdP. Die Naskoolse Spelwisselaar werk ook saam met die Stad Kaapstad en honderde NRO's.

Die Departement se dienslewering gedurende 2018/19 word in afdeling 2.1 hieronder bespreek.

2.1. Diensleweringomgewing

Gedurende die oorsigjaar was die Departement verplig om sy werksaamhede te rasionaliseer vanweë begrotingsbesnoeiings en gedwonge besparing as gevolg van die ongewenste ekonomiese vooruitsigte wat ontstaan het vanweë stadige ekonomiese groei, inflasie, hoër as verwagte loonooreenkomste en onsekerheid en spekulasie in die ekonomiese arena. Om die impak op dienste te beperk en primêre dienslewering aan die kwesbaarstes te beskerm, het die Departement 'n waarde-vir-geld-beginsel toegepas en die geld wat aan die Departement toegewys is so doeltreffend en doelmatig as moontlik gebruik om ons werksaamhede te rasionaliseer.

KUNS EN KULTUUR

Die huidige ekonomiese klimaat, vererger deur die toename in die vraag na dienste, het die kuns- en kultuurkomponent genoodsaak om sy strategieë te hersien oor hoe dienste aan gemeenskappe gelewer moet word. Op 'n gebied waar vraag aanbod ver oorskry, het die behoefte om programme te konsolideer en met die nasionale en plaaslike regering saam te werk die wyse geword waarop die beoogde uitkomst bereik kan word. Die ontwikkeling van betekenisvolle vennootskappe het die middelpunt geword van die sukses, uitbreiding en volhoubaarheid van die dienste wat deur die Departement gelewer word. Met die uitvoering van sy mandaat hou die Departement se kuns- en kultuurkomponent altyd die omgewings- en samelewingsfaktore, kulturele waardes, oortuigings en praktyke in gedagte wat vir gemeenskappe belangrik is, om te verseker dat programme wat aangebied word relevant en voordelig is.

MUSEUMS, ERFENISHULPBRONBESTUUR EN GEOGRAFIESE NAAMDIENTSE

Die sektor rakende museums, erfenis en geografiese name speel 'n belangrike rol in die bou van maatskaplike insluiting, die bevordering van toerisme en plaalike ekonomiese groei. Die Departement gaan voort om strategiese erfenisprojekte te ondersteun, byvoorbeeld die Mandela-nalatenskapsprojek, die weerstand- en bevrydingserfenisroete en die ontwikkeling van twee benoemingsdokumente vir voorgestelde wêrelderfenisterreine in die provinsie.

Waterbeperkings in die Wes-Kaap het 'n uitdaging gebly en sommige geaffilieerde museums moes by hierdie konteks aanpas. Die koste vir die oudit van provinsiegesteunde museums bly hoog. Die Ouditeur-Generaal moet ingevolge artikel 32 van die Museumordonnansie jaarlikse oudits van provinsiegesteunde museums doen. Die Ouditeur-Generaal se fooie vir 2017/18 was R2.3 miljoen, en vir 2018/19 was dit R2.5 miljoen. Met 19 provinsiegesteunde museums beloop die jaarlikse koste per museum gemiddeld R131,579 (2018/19) per oudit per museum. Hierdie fooie is onvolhoubaar vir die museums en het 'n groot impak op museums se reeds skaars hulpbronne. Gevolglik is museums nie in staat om voldoende hulpbronne toe te ken aan hulle kernfunksies om te bewaar, uit te stal en gemeenskappe op te voed oor ons provinsie se kollektiewe erfenis nie. Dit het 'n impak op museums se potensiaal om dienste te lewer en toeriste te lok. Sodoende word die museums se kapasiteit om tot toerisme en ekonomiese ontwikkeling in die land by te dra, verlaag.

TAALDIENS

Die Wes-Kaapse Taalbeleid het 'n noodsaaklike rol gespeel om uitvoering te gee aan die voorskrifte van die grondwet rakende taal, wat belangrik is vir ons mense. Die beleid was ons riglyn en het die grondslag gevorm vir die vooruitgang wat ons gemaak het om die status en gebruik van al die amptelike tale in die Provinsie te bevorder. Ons gaan voort om vertaal- en tolkdienste, in al drie amptelike tale, met inbegrip van Suid-Afrikaanse Gebaretaal, aan al die provinsiale departemente in die Wes-Kaap te lewer.

UNESCO het 2019 aangewys as die *Jaar van Inheemse Tale*. Dit het gelei tot meer gefokusde projekte op hierdie gebied in 2019. In die proses het die Departement voortgegaan om San- en Khoi-tale te gedenk en om benaderings tot die bevordering en volhoubaarheid van dié tale te verken.

Die taalterminologie-omgewing is stadig besig om ten opsigte van taal in die provinsie te stabiliseer. Vir vertaling- en tolkdoeleindes ontwikkel nuwe velde waarvoor daar tans nie voorskrifte bestaan nie. Dit het aanleiding gegee tot die behoefte vir die Departement om betrokke te raak by prosesse om nuwe terminologie vir verskeie dissiplines te ontwikkel. Die internasionale regulasies vir krieket is byvoorbeeld in Xhosa vertaal.

Die taalomgewing vereis dat ons verder uitbrei as die drie amptelike tale van die Wes-Kaap om Suid-Afrikaanse Gebaretaal ook in te sluit en om die status en gebruik van die inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en te bevorder. Dit het die ontwikkeling van die Gebaretaalraamwerk genoodsaak. Ná die ontwikkeling van die "Leer jouself Nama"-boekie is die Departement besig om metodologieë te bestudeer om Khoi- en Santale te bevorder en hul volhoubaarheid te verseker.

BIBLIOTEEKDIENS

Die Departement ondersteun en onderhou 375 biblioteekdienspunte wat regdeur die provinsie as volg versprei is: Kaapse Wynlande – 89; Eden/Sentraal-Karoo – 84; Weskus – 93; en die Metropool – 109.

Gratis internet word aan gemeenskappe verskaf deur middel van die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke by 226 biblioteke. Hierdie projek is deel van die Breëband-inisiatief en laeinkomste-landelike gemeenskappe trek voordeel uit gevorderde breëbandkonnektiwiteit.

Gedurende die oorsigjaar is die Diazville Openbare Biblioteek (Saldanha) tydens protesoptogte oor dienslewering geplunder en beskadig. Die biblioteek moes toemaak weens die aansienlike skade aan die gebou. Die Zwelihle Openbare Biblioteek (Hermanus) is steeds gesluit na skade wat in 2017/18 aangerig is.

ARGIEFDIENSTE

Die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie vir vinniger toegang tot argiefmateriaal en elektroniese rekordbestuur is internasionaal 'n belangrike tendens. Om met die ontwikkeling by te bly, het die Departement opdrag ontvang om ondernemingsinhoudbestuur (OIB) in WK departemente te implementeer. Dit is steeds aan die gang en opleiding word aan die betrokke personeel verskaf.

Die implementering van OIB is gedurende die oorsigjaar hersien. Die hooffokus van die hersiening is om te bepaal of OIB doeltreffend geïmplementeer is volgens die OIB Transversale Bloudruk en Sakegeval ten einde 'n implementeringsraamwerk te steun vir die volgende stadiums van OIB-implementering. Deurlopende digitalisering van argiefmateriaal verskaf bewaring en toekomstige elektroniese toegang tot argiefferenis aan die publiek, nasionaal sowel as internasionaal. As deel van die maatskaplike inklusiwiteitsprogram van die Departement het die Argief tesame met die Nasionale Argief die Nasionale Argiefweek in die tweede week van Mei 2018 aangebied. Hierdie oop week van feesviering het geleenthede vir die verskillende gemeenskappe, skole, universiteite en ander belanghebbers verskaf om meer insig te kry in die gebruik van argiewe, en die kluis te besigtig en van nader met die noodsaaklike agterkamerdienste soos die bewaring van argiefrekords kennis te maak. 'n Werksessie oor familiegeskiedenis was die hoogtepunt van die geleentheid. Om maatskaplike inklusiwiteit te bevorder, verskaf die Departement geleenthede aan gemeenskappe om hul mondelinge geskiedenis op te neem om gapings in historiese rekords aan te vul. Gedurende die oorsigjaar is die Inisiatief vir Mondelinge Geskiedenis in Laingsburg, Vredendal, die Tankwa-Karoo en Zoar geïmplementeer. Die opnames word in biblioteke, museums en die Argief bewaar.

SPORT EN ONTSPANNING

Die strategiese stukrag van die Nasionale Sport- en Ontspanningplan is gerig op 'n aktiewe wen-nasie. Ontspanning fokus op die lewering van hierdie mandaat en bied aktiwiteite wat vrywillige deelname vereis. Dit verleen ook toegang en bied geleenthede en dien as 'n platform vir deelnemers om na die volgende vlak van deelname te beweeg. Die vrywillige aard van ontspanning het egter die potensiaal om die Departement se prestasie te belemmer aangesien mense kan kies om te help of deel te neem of nie.

Die MGO-program fokus op die uitvoering van die mandaat van 'n "Aktiewe Nasie", wat uiteindelik sal uitloop op die ontwikkeling van 'n "Wen-nasie", terwyl dit ook 'n platform bied vir skoolgaande kinders met potensiaal. Op hierdie manier bied die MGO-program aan sy deelnemers (leerders en afrigters) toegang tot verskeie geleenthede, byvoorbeeld deelname op intraskool- en interskoolvlak, asook op talentontwikkelingsvlak. Oor die algemeen is daar groeiende belangstelling in naskoolse deelname by die MGO-sentrums. 'n Aantal suksesverhale het na vore gekom as gevolg van die toegang en geleenthede wat deur middel van die MGO-program voorsien word. In sekere gebiede word die veiligheid van afrigters en leerders egter bedreig, wat soms 'n afname in bywoningsyfers veroorsaak. Dit het ook duidelik geword dat waar die leierskap van 'n skool 'n ondersteunende en/of samewerkende benadering tot die MGO-program het, die resultate positief was, byvoorbeeld in die vorm van hoër bywoningsyfers van leerders by die betrokke MGO-sentrums. Hierbenewens is die groeiende belangstelling in die MGO-program en wat dit aanbied goed vir die ontwikkeling en groei daarvan, veral ten opsigte van deelname en die bywoningsyfers van deelnemers.

Skolesport fokus op die volgende vlak van deelname, byvoorbeeld deelname op interdistriks- en interprovinsiale vlak, asook op talentontwikkelingsvlak, wat verband hou met die ontwikkeling van 'n "Wen-nasie". Die klem val hier op die verdere ontwikkeling en groei van die vaardighede en talentvlakke van die deelnemers. Veranderinge wat soms deur SOSA ingestel word, kan egter 'n negatiewe uitwerking hê op die dienslewering van skolesport in die Wes-Kaap. Strukture van provinsiale skolesport en provinsiale sportfederasies moet ten volle funksioneel en belyn wees om die lewering van skolesportdienste goed te fasiliteer. Strukture van provinsiale sportfederasies moet hul rol as die bewaarder van die onderskeie skolesportkode vervul vir die kode om te floreer, en vir ontwikkeling en groei om plaas te vind. Skoolsportstrukture moet as lede van hulle onderskeie provinsiale sportfederasiestrukture funksioneer en moet nie outonoom funksioneer nie. Die Departement se Eenheid vir Skolesport was ook baie aktief betrokke by skakeling tussen die MGO-sentrums en buurskole, wat uiteindelik gelei het tot die ontwikkeling van die Buurskoolprogram en Buurtontwikkelingsinisiatiewe. Hierdie proses het verder ook gelei tot die ontwikkeling van nuwe klubs in die betrokke buurte, wat nuwe en vars geleenthede vir die deelnemers bied. Daar is ook ondersteuning verleen aan provinsiale sportfederasiestrukture met die vestiging van hulle hoëprestasiesentrums om gespesialiseerde deurlopende ondersteuning aan talentvolle skoolgaande jeugdiges te bied.

Sport en ontspanning speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van gemeenskappe. Die Departement werk deur middel van sportontwikkeling en -bevordering saam met burgerlike organisasies betrokke by sport en ontspanning om sportontwikkelings- en ontspanningsinisiatiewe te fasiliteer. Dit is egter nie net beperk tot die voorsiening van sportfasiliteite, belangrike sportbyeenkomste en ondersteuning aan sportfederasies en -klubs nie. Die Klubontwikkelingsprogram doen baie om te verseker dat die kern van sport optimaal ondersteun word om stukrag te gee aan die sportontwikkelingskontinuum wat spelers, atlete, afrigters en tegniese beamptes, veral binne die 16 prioriteitsportkode, sal insluit.

Die Departement het bygedra tot groot geleenthede in al die distrikte in die Provinsie en het sodoende sporttoerisme in die provinsie bevorder. Die Departement het sportprogramme vir hoë prestasie by al die distriksakademies in die Provinsie ingestel.

NASKOOLSE SPELWISSELAAR

Die naskoolse programme binne die Naskoolse Spelwisselaar bereik die doelwitte van die jeugontwikkelingstrategie deur middel van sorgsame volwassenes wat met ons jeug werk, deur opvoeding te verbeter deur middel van akademiese steun, sport, kuns en kultuur, en lewensvaardighede, deur positiewe “bendes” te skep waarvan ons jeug deel kan wees, en deur nuwe geleenthede vir jongmense te skep om weer by skoolonderrig betrokke te raak.

In 2018/19 was daar 169 500 geregistreerde leerders in naskoolse programme, waarvan 84 974 naskoolse programme gereeld (twee keer per week of meer) en deurlopend (regdeur die jaar) bygewoon het.

Gedurende die oorsigjaar het die Naskoolse Spelwisselaar saam met belanghebbendes gewerk om beweging uit te bou om 'n verlengde skooldag te ondersteun. Maar as 300 NRO's is gemobiliseer en opgeteken en verskeie regeringsprogramme is in lyn gebring om naskoolse aktiwiteite 'n realiteit te maak vir alle leerders in die Wes-Kaap. Aan die einde van die oorsigjaar het 568 (meer as 50%) van die lae- en geenfooieskole gerapporteer dat hulle aktiewe naskoolse programme het.

Die program het die afgelope jaar daarop gefokus om die gehalte van hierdie programme te verseker. Dit het die ontwikkeling van instrumente soos oudit- en waarnemingsinstrumente, die verbetering van dataversameling en ontleding, en die ontwikkeling van die kapasiteit van praktisynsontwikkelingsprogramme ingesluit. Die program bied 'n vier dae lange naskoolse basiese opleidingsprogram aan benewens 'n gevorderde jaarlange program. Hierdie werk vorm deel van 'n groter poging om die sektor te formaliseer en om 'n nuwe kwalifikasie in te stel, en dit word saam met die Universiteit van Stellenbosch aangebied vir al ons verborge opvoeders wat leerders verryk.

Die program word deur middel van 'n vennootskapsmodel aangebied. Daar is op die onderste vlak 'n vennootskap tussen die skool en die naskoolse diensverskaffers. Daar is 'n vennootskap tussen die regering en die nieregeringsektor om dienslewering uit te brei; daar is 'n vennootskap tussen die skool en die gemeenskap om veiligheid te verseker; en daar is 'n vennootskap tussen die regering en skenkers om die sektor te professionaliseer en die gehalte van dienslewering te verbeter. Dit vereis die ontwikkeling van vennootskapsvaardighede ten opsigte van alle belanghebbendes. Die Naskoolse Spelwisselaar het saam met die UK se Bertha-sentrum gewerk om 'n leierskapskursus op te stel wat gefokus het op innoverende vennootskappe vir uitgebreide onderwys. Daar is navorsing oor die model gedoen deur die Instituut vir Sekerheidstudies as 'n vennootskap- en koördineringsmodel, en die program het in 2018 'n toekenning vir uitmuntende diens ontvang vir sy innoverende vennootskap deur goud te wen in die kategorie vir innovering.

Die Departement van Kultuursake en Sport is daartoe verbind om sy leierskap in die sektor vol te hou. 'n Organisatoriese ontwerpproses is ingestel en die huidige projekspan word behou tot hierdie proses voltooi is.

2.2. Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan voltooi. Die tabelle hieronder sit die diensleweringplan en die prestasies tot op hede uiteen.

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
Toegang tot kultuurfasiliteite	Gemeenskapsgroepe en individue/organisasies Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) Departemente	a) 27 256 verkry toegang tot en benut kultuurfasiliteite. Advertensies is uitgestuur. Die oorprestasie is ook weens die kostes wat mededingend is. Die teiken is vraaggedrewe . b) Die beleid oor die gebruik van kultuurfasiliteite en die SBP vir klagtes wat ontvang word, is ontwikkel. c) Die interne en eksterne aanlyn stelsels is getoets en die prosesse is met die elektroniese stelsel bely.	a) 21 325 (teiken) verkry toegang tot en benut kultuurfasiliteite. b) Afname weens een van die fasiliteite wat vir 'n tydperk van 30 weke vir opknapping gesluit word. c) Stroomlyn en verbeter administratiewe prosesse.	a) 14 504 verkry toegang tot en benut kultuurfasiliteite . Die verlaging in die getal kan toegeskryf word aan die sluiting van Okkie Jooste (grootste fasiliteit in terme van kapasiteit) vir die jaar weens opknappings en opgraderings wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke by die fasiliteit onderneem word. b) Afname is ondervind weens opknappings aan Okkie Jooste. c) Alle gebruikers van die fasiliteit is betyds ingelig oor die oorskakeling na 'n elektroniese stelsel en die verandering

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasi
		d) Die stelsel is gedurende die oorsigjaar intern getoets en tegniese probleme is opgelos voor dit in April 2018 ekstern in gebruik geneem is.	d) Elektroniese stelsel word ingestel, waartoe enige iemand op enige tydstep toegang kan kry.	van kostes en besprekingsprosedures. Die beleid oor die gebruik van kultuurfasiliteite en SBP vir klagtes wat ontvang word, is geïmplementeer. d) Het die elektroniese besprekingstelsel geïmplementeer.
Museums se opvoedkundige programme	29 geaffilieerde museums, leerders en landsburgers is deur die intervensie geteiken.	a) Opvoedkundige dienste is op versoek aan 29 geaffilieerde museums voorsien. b) Opvoedkundige beamptes het 80% van museums se opvoedkundige programme/intervensies geëvalueer. c) Een pak Engelse opvoedkundige materiaal is ontwikkel en audio is ook voltooi. Moet nog na Afrikaans en	a) Voorsien opvoedkundige dienste aan 29 geaffilieerde museums (soos versoek en indien hulpbronne beskikbaar is). b) Evalueer 50% van museums se opvoedkundige programme/intervensies. c) Twee programme is na Afrikaans vertaal om toeganklikheid van programmatêriale te verbeter.	a) Opvoedkundige dienste is aan 29 geaffilieerde museums voorsien (soos versoek en indien hulpbronne beskikbaar was). b) 50% van museums se opvoedkundige programme/intervensies is geëvalueer. c) Twee programme is na Afrikaans vertaal om toeganklikheid van programmatêriale te verbeter.

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		Engels vertaal word.		
		d) Twee werkwinkels oor onderwysvaardigheid is aangebied en voltooi by Worcester Museum en George Museum.	d) Assesseer opleidingsmateriaal by twee museums.	d) Opleidingmateriaal by twee museums geassesseer.
		e) Twee werkwinkels oor bewaringsopleiding is by die Nasionale Argief in Kaapstad aangebied.	e) Twee werkwinkels oor onderwysvaardigheid.	e) Twee werkwinkels oor onderwysvaardigheid is aangebied.
		f) 'n Nuwe monitering- en evalueringraamwerk, met insluiting van 'n stap-vir-stap proses-dokument en terugvoerblad is opgestel. Hierdie moniteringsinstrument is na al 29 museums versprei vir implementing nadat hulle opleiding oor die gebruik van die instrumente ontvang het.	f) Kapasiteer museums in die evaluasie van programme wat aangebied word.	f) Museums is in die evaluasie van programme gekapasiteer.
		g) Opvoedkundige beampte het monitering en evaluering van opvoedkundige en opleidingsprogramme by Lwandle en	g) Ontwikkel soos-dit-is-proses vir museums se opvoedkundige programme.	g) Soos-dit-is-proses vir museums se opvoedkundige programme opgestel.

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		Drostdy Museums onderneem. h) Implementering is aktief aangemoedig en museums het aan die opvoedkundige beamppte verslag gedoen oor monitering. i) Proses moet gefinaliseer word nou dat die soos-dit-is proses voltooi is.		

Batho Pele-reëlins met begunstigdes

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
Toegang tot kultuurfasiliteite Oorlegpleging: a) Elektroniese, skriftelike en telefoniese kommunikasie. b) Kultuurprogramme en aktiwiteite-werkwinkels; en Inligtingssessie is aangebied by die fasiliteite. c) Die WKKK se webblad is bygewerk en toegang tot die elektroniese besprekingstelsel kon ook via die webblad verkry word. d) Terugvoer aangebied by kwartaallike vergaderings van die WKKK.	Oorlegpleging: a) Elektroniese, skriftelike en telefoniese kommunikasie. b) Brosjures is bygewerk. c) Generiese e-posadres is geaktiveer vir gebruik deur kliënte. Dit is geaktiveer en verskyn op die webtuiste. d) Die WKKK se webblad is bygewerk met inligting oor die fasiliteite, beleide en ligging van fasiliteite,	Oorlegpleging: a) Elektroniese, skriftelike en telefoniese kommunikasie. b) Brosjures is bygewerk en by die fasiliteite, kultuurprogramme, aktiwiteitswerkwinkels en inligtingssessie aangebied. c) Generiese e-posadres is geaktiveer vir gebruik deur kliënte. Dit is geaktiveer en verskyn op die webtuiste. d) Die WKKK-webblad is bygewerk en toegang tot die elektroniese besprekingstelsel kon ook via die webblad verkry word.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
e) Insette (terugvoer) is op terugvoervorms van kliënte ontvang. f) Die terugvoer wat van kliënte ontvang is, is vasgelê en waar moontlik by die instandhoudingsplan ingesluit. Addisionele prestasies: g) Brosjures is bygewerk. h) Elektroniese besprekingstelsel is intern getoets en gebruikersgidse is opgestel. i) Finansiële en bedryfsprosesse is in lyn gebring met elektroniese besprekingstelsel. Toegang: a) 7de vloer, Protea Huisgebou, Groentemarkplein, Kaapstad b) Twee landelike kantore, Vredendal en Oudtshoorn c) Via die amptelike departementele webwerf https://www.westerncape.gov.za/general-publication/booking-cultural-facility. Alle inligting is op die webwerf beskikbaar. d) Hulle is aangestuur na die verskillende munisipaliteite, biblioteke, skole, ens. e) Koekenaap het inligtingsborde en by die ander fasiliteite word inligtingsborde nog aangebring. f) Vier kultuurfasiliteite is vriendelik teenoor gestremdes (Koekenaap, Melkbos Kultuursentrum, Melkbos Oppiesee en Groot Drakenstein).	e) Die WKKK as 'n statutêre liggaam gee insette en leiding oor hoe dienste en toegang verbeter kan word, Toegang: a) 7de vloer, Protea Huisgebou, Groentemarkplein, Kaapstad b) Twee landelike kantore, Vredendal en Oudtshoorn c) Via die amptelike departementele webwerf https://www.westerncape.gov.za/general-publication/booking-cultural-facility d) Direkte telefoniese oorlegplegings vind op 'n daaglikse basis plaas, gee aandag aan alle navrae. e) Elektroniese besprekingstelsel gee die publiek die geleentheid om gelyktydig na beskikbaarheid by al die fasiliteite te kyk. f) Generiese e-posadres is geaktiveer.	e) Terugvoer en statistiek is by kwartaallikse vergaderings van die WKKK aangebied. Addisionele prestasies: f) Insette (terugvoer) oor die besprekingsverslagvorm is van kliënte ontvang Toegang: a) 3de vloer, Protea Huisgebou, Groentemarkplein, Kaapstad b) Twee landelike kantore, Vredendal en Oudtshoorn c) Via die amptelike departementele webwerf https://www.westerncape.gov.za/general-publication/booking-cultural-facility d) Direkte telefoniese oorlegplegings het op 'n daaglikse basis plaasgevind om aandag te gee aan alle navrae. e) Elektroniese besprekingstelsel het die publiek die geleentheid gegee om gelyktydig na beskikbaarheid by al die fasiliteite te kyk. f) Generiese e-posadres is geaktiveer.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
Addisionele prestasies: g) Toegang tot dienste en inligting kan by die fasiliteite verkry word sowel as elektronies op die webwerf. Hoflikheid: a) Alle vereiste dokumentasie en inligting is elektronies beskikbaar en word via die elektroniese besprekingstelsel aan kliënte gestuur. b) By aankoms by fasiliteite word kliënte ontmoet deur amptenare wat die reëls en prosedures verduidelik en aandag gee aan enige probleme wat hulle moontlik het. c) Kliënte word saam met 'n kontrolelys deur die fasiliteit geneem om vas te stel of die fasiliteit en dienste wat gelewer word, in werkende toestand is. d) Personeel is aan diens vir die duur van die kliënte se verblyf. e) Hoflikheid is gerapporteer en gemeet deur: - o Kliënte se terugvoervorms - o Elektroniese korrespondensie wat ontvang is f) Kwartaallikse fasiliteitsvergaderings is gehou, waar probleme en verslae gehanteer is en aandag gegee is aan verskeie maatreëls, soos nodig. Addisionele Inligting: Gebruikers is versoek om water te bespaar en inligting daaroor word by die fasiliteite vertoon	g) Personeel by die fasiliteit is op diens en daar kan na ure toegang verkry word. Hoflikheid: a) Alle besprekings word voor aankoms bevestig. b) Personeel is aan diens vir die duur van die kliënte se verblyf om hulp te verleen en aandag te gee aan enige probleme. c) Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur: - o Kliënte se terugvoervorms - o Elektroniese korrespondensie d) Kwartaallikse fasiliteitsvergaderings word gehou, waar probleme en verslae aandag geniet en verskeie maatreëls aandag geniet.	g) Personeel by die fasiliteit is aan diens en toeganklik na ure. Hoflikheid: a) Alle besprekings is voor aankoms bevestig. b) Personeel was op diens vir die duur van die kliënte se verblyf om hulp te verleen en aandag te gee aan enige probleme. c) Hoflikheid is gerapporteer en gemeet deur: • Verslagvorme oor kliëntebesprekings • Elektroniese korrespondensie d) Kwartaallikse fasiliteitsvergaderings is gehou waar probleme en verslae gehanteer is en aandag gegee is aan verskeie maatreëls, soos nodig.

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
Openheid en deursigtigheid: a) 'n Databasis van alle gebruikers word gehou. Dit sal in die nuwe jaar nie meer gedoen word nie omdat die elektroniese stelsel ten volle in werking sal wees. b) Alle die WKKK se jaarverslae word op die intranet beskikbaar gestel, sowel as op die webblad vir kuns en kultuur – onder openbare entiteite. c) Inkomste- en gebruikbeleid word tans in lyn gebring met elektroniese besprekingstelsel. d) Interaktiewe werkwinkels aangebied. e) Advertensies is gesirkuleer wat vra vir aansoeke vir die gebruik van fasiliteite. Hierdie advertensies is op die webblad geplaas en na databasisse en munisipaliteite gesirkuleer. Addisionele Inligting: f) Die elektroniese stelsel stel voornemende kliënte in staat om op enige gegewe tydstip na al die fasiliteite te kyk om beskikbaarheid te bepaal en om enige tyd te bespreek. g) 'n Brief is aan al die kliënte op die databasis gesirkuleer om hulle in te lig oor die nuwe elektroniese besprekingstelsel. Waarde vir geld: a) Kliënte het gebruik van fasiliteite vir die aanbod van hulle program teen mededingende tariewe.	Openheid en deursigtigheid: a) Die databasis bestaan uit kliënte van 2017/18 en 2018/19 en bevat al die kliënte se inligting en die tipe program wat by die kultuurfasiliteit aangebied is. b) Al die WKKK se jaarverslae word op die intranet beskikbaar gestel, sowel as op die webblad vir kuns en kultuur – onder openbare entiteite. c) Verskaf die inkomste- en gebruiksbeleid aan kliënte. d) Databasis van alle gebruikers word bygehou. Waarde vir geld: a) Fasiliteite het dubbele gebruik ingestel deur middel waarvan kleiner groepe die opsie het om die raadskamer vir 12 of minder persone te bespreek.	Openheid en deursigtigheid: a) 'n Databasis van alle gebruikers is opgestel en toegang kan op die elektroniese stelsel daartoe verkry word. b) Al die WKKK se jaarverslae is op die intranet beskikbaar, sowel as op die webblad vir kuns en kultuur – onder openbare entiteite. c) Inkomste- en gebruikbeleid is hersien en is in lyn gebring met die elektroniese besprekingstelsel. d) Formele korrespondensie is na alle gebruikers op die databasis aangestuur waarin hulle ingelig is van die elektroniese besprekingstelsel. Die skakel is ingesluit, tesame met instruksies oor hoe die besprekings gedoen moet word. Waarde vir geld: a) Fasiliteite het dubbele gebruik ingestel deur middel waarvan kleiner groepe die opsie het om die raadskamers vir 12 of minder persone te bespreek.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
b) Die koste vir bespreking is R37 per persoon per nag vir 'n minimum van 40 mense. c) R12 per persoon per dag vir 'n minimum van 100 mense (koste per dag). Addisionele inligting: d) Instandhouding en opgraderings word jaarliks gedoen volgens die instandhoudingsplan. e) Sekuriteit is verbeter met sigbare sekuriteitswagte wat twee van die fasiliteite snags patroleer, naamlik Okkie Jooste en Groot Drakenstein. f) 'n Breër spektrum van kliënte regdeur die Wes-Kaap het die geleentheid gehad om die fasiliteit te benut.	b) 'n Breër spektrum van kliënte regdeur die Wes-Kaap het die geleentheid om die fasiliteit te benut. c) Die koste vir bespreking is R37 per persoon per nag vir 'n minimum van 40 mense. d) R12 per persoon per dag vir 'n minimum van 100 mense (koste per dag).	b) 'n Breër spektrum van kliënte regdeur die Wes-Kaap het die geleentheid om die fasiliteit te benut. c) Die koste van bespreking is volgens gebruiksarea. Koste word volgens die tarief-/kosteregister bereken. d) R25 per persoon per dag vir 'n minimum van 100 mense (koste per dag).
Museums se opvoedkundige programme Oorlegpleging: a) Die diens is gedryf deur versoeke, maar terugvoer van geaffilieerde museums is by jaarvergaderings verskaf en dit het inligting verskaf vir toekomstige opleiding. b) Moniterings- en evaluasieverslae is gebruik om inligting te kry vir toekomstige beplanning/aktiwiteite. Toegang: a) Die span staan enige museum op versoek by afhangend van beskikbare hulpbronne. b) Alle geaffilieerde museums het die kontakbesonderhede. Daar is	Oorlegpleging: a) Die diens word gedryf deur versoeke, maar terugvoer van geaffilieerde museums word by jaarvergaderings verskaf en verskaf inligting vir toekomstige opleiding. Toegang: a) Die span staan enige museum op versoek by. b) Die span reis na die museum waar dienste gelewer word.	Oorlegpleging: a) Terugvoer van geaffilieerde museums is by vergaderings verskaf en dit het inligting verskaf vir toekomstige opleiding, soos versoek. Toegang: a) Die span het museums op versoek bygestaan. b) Die span het na museums gereis soos versoek.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
egter tans geen bewaarders nie, en slegs een opvoedkundige beampte is aangestel. c) 'n Reisende uitstalling van Museumdienste is regdeur die provinsie gesirkuleer om die dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder. d) Twee opleidingspakke is saamgestel spesifiek vir die Skepswramuseum en vir Stellenbosch Museum. e) Lokale vir opleiding word gekies met inagneming van spesiale behoeftes.	c) Alle geaffilieerde museums het 'n lys van kontakbesonderhede van die bewaarders en opvoedingsbeamptes en kan direk kontak maak om rompslomp te vermy. d) 'n Reisende uitstalling van Museumdienste is regdeur die provinsie gesirkuleer om die dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder. e) Minstens twee nuwe opleidingspakke is in drie tale beskikbaar vir die jaar. f) Lokale vir opleiding word gekies met inagneming van spesiale behoeftes.	c) Alle geaffilieerde museums het 'n lys met kontakbesonderhede van die bewaarders en opvoedingsbeamptes en kan direk kontak maak om rompslomp te vermy. d) 'n Reisende uitstalling van Museumdienste oor Nasionale Simbole is regdeur die provinsie gesirkuleer om die dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder. e) Twee nuwe opleidingspakke is in drie tale vir die jaar beskikbaar gestel. Dit was die Dulce September Opvoedkundige Program en die Gesprek met die Mandela van ons Gemeenskap-program. f) Lokale wat vir opleiding gekies is, het spesiale behoeftes ten opsigte van toegang tot die fasiliteite in ag geneem.
Hoflikheid: a) Opleidingspanne tree hoflik op teenoor almal met wie hulle in verband met die programme in aanraking kom. b) Die Gedragskode vir die staatsdiens word nagevolg. c) Monitering- en evaluasieverslae is gebruik om probleme te identifiseer en te hanteer. Museumbestuurders is aangeraai om enige probleme op te volg en te hanteer.	Hoflikheid: a) Opleidingspanne tree hoflik op teenoor almal met wie hulle in verband met die programme in aanraking kom. b) Die Gedragskode vir die staatsdiens is nagevolg. c) Daar word verslag gedoen oor hoflikheid en dit word gemeet deur middel van evaluasie en terugvoer van deelnemers en belanghebbers (bv. onderwysers) by museumgebaseerde onderwysprogramme. d) Moniterings- en evaluasieverslae sal gebruik word om probleme te identifiseer en om dit op 'n kwartaallike basis met museumbestuurders te hanteer.	Hoflikheid: a) Opleidingspanne het hoflik opgetree teenoor almal met wie hulle in verband met die programme in aanraking gekom het. b) Die Gedragskode vir die staatsdiens is nagevolg. c) Daar is verslag gedoen oor hoflikheid en dit is gemeet deur middel van die evaluasie en terugvoer van deelnemers en belanghebbers (bv. onderwysers) by museumgebaseerde onderwysprogramme. d) Monitering- en evaluasieverslae is gebruik om probleme te identifiseer en om dit op 'n kwartaallike basis met museumbestuurders te hanteer.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
Openheid en deursigtigheid: a) Die Museumdiens het oor sy aktiwiteite gerapporteer aan geaffilieerde museums wat by die jaarlikse simposium teenwoordig was. b) Die Departement se Jaarverslag was op die webwerf beskikbaar. c) Gereelde verslagdoening aan die Parlement vind deur middel van die Staande Komitee plaas.	Openheid en deursigtigheid: a) Die Museumdiens rapporteer oor sy aktiwiteite aan geaffilieerde museums wat by die jaarlikse simposium teenwoordig is. b) Die Departement se Jaarverslag is op die webwerf beskikbaar. Gereelde verslagdoening aan die Parlement vind deur middel van die Staande Komitee plaas.	Openheid en deursigtigheid: a) Die Museumdiens het oor sy aktiwiteite gerapporteer aan geaffilieerde museums wat by die jaarlikse simposium teenwoordig was. b) Die Departement se Jaarverslag is op die webwerf beskikbaar. c) Gereelde verslagdoening aan die Parlement het deur middel van die Staande Komitee plaasgevind.
Waarde vir geld: a) Museums het hierdie ondersteuning ontvang sonder dat hulle arbeidskoste, opleidingskoste en die produksiekoste van materiaal hoef te betaal, buiten waar die materiaal vir hulle eie uitstallings is. Dit is dus 'n kostebesparing ten bate van museums. b) Die opleidings- en drukkoste vir die Museumdiens is so ekonomies as moontlik, aangesien dit in groepe gedoen word en nie vir individue by museums nie, en die goedkoopste kwotasie aanvaar word wanneer verskaffers verkry word.	Waarde vir geld: a) Museums ontvang hierdie ondersteuning sonder dat hulle arbeidskoste, opleidingskoste en die produksiekoste van materiaal hoef te betaal, buiten waar die materiaal vir hulle eie uitstallings is. Dit is dus 'n kostebesparing ten bate van museums. b) Die opleidings- en drukkoste vir die Museumdiens is so ekonomies as moontlik, aangesien dit in groepe gedoen word en nie vir individue by museums nie, en die goedkoopste kwotasie aanvaar word wanneer verskaffers verkry word.	Waarde vir geld: a) Museums het hierdie ondersteuning ontvang sonder dat hulle arbeidskoste, opleidingskoste en die produksiekoste van materiaal hoef te betaal, buiten waar die materiaal vir hulle eie uitstallings is. Dit is dus 'n kostebesparing ten bate van museums. b) Die opleidings- en drukkoste vir die Museumdiens is so ekonomies as moontlik, aangesien dit in groepe gedoen word en nie vir individue by museums nie, en die goedkoopste kwotasie aanvaar word wanneer verskaffers verkry word.

Diensleweringinsligtingsinstrument

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtinginstrumente	Werklike prestasies
Toegang tot kultuurfasiliteite a) Brosjures is opgestel. b) Kwartaallike vergaderings het plaasgevind soos beplan. c) En-tot-een-sessies is gehou wanneer fasiliteite deur	a) Brosjures in al drie amptelike tale. b) Kwartaallike vergaderings. c) En-tot-een-sessies.	a) Brosjures is in al drie amptelike tale opgestel. b) Kwartaallike vergaderings het plaasgevind soos beplan. c) En-tot-een-sessies is gehou wanneer fasiliteite deur

potensiële kliënte besigtig is. d) Jaarverslag is opgestel. e) Jaarlike Prestasieplan is opgestel. f) Opgraderings word in die jaarverslag weerspieël en gedeel met die subkomitees van die Kommissie. g) Dienshandveste is opgestel en versprei na die fasiliteite. h) Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures/ens.) hierbo aangedui is na skole, biblioteke, ens. versprei. i) Toegang tot inligting was moontlik via die tolvrye telefoniese hulplyne, ens. Inligting was geredelik beskikbaar.	d) Jaarverslag. e) Opgradering van die fasiliteit, foto's en nuusbriëf is via die kommunikasiekorrespondent versprei. f) Departement se Dienshandves. g) Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures/ens.) hierbo aangedui, kan via die webtuiste bekom word.	potensiële kliënte besigtig is. d) Jaarverslag is opgestel. e) Opgraderings word in die jaarverslag weerspieël en gedeel met die subkomitees van die Kommissie. f) Dienshandveste is opgestel en aan die fasiliteite versprei. g) Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures/ens.) hierbo aangedui, is elektronies na skole, biblioteke, ens. versprei.
Museums se opvoedkundige programme a) Inligting oor die dienste wat aangebied word, soos aangedui op die Departement se webtuiste, is hersien om meer besonderhede te verskaf. b) 'n Reisende uitstalling van die Museumdiens het regdeur die provinsie gesirkuleer om dienste buite geaffilieerde museums te bevorder.	a) Inligting oor die dienste wat aangebied word, soos aangedui op die Departement se webtuiste, word hersien om meer gedetailleerd te wees. b) 'n Reisende uitstalling van die Museumdiens word regdeur die provinsie gesirkuleer om dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder.	a) Inligting oor die dienste wat aangebied word, soos aangedui op die Departement se webtuiste, is hersien. b) 'n Reisende uitstalling van Museumdiens is regdeur die provinsie gesirkuleer om dienste buite geaffilieerde museums te bevorder, naamlik Nasionale Simbole.

Klagtemeganisme

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasies
Toegang tot kultuurfasiliteite		
a) Klagtes/voorstelle/ komplimente/navrae is skriftelik beantwoord (formele brief per pos, e-pos of faks) of mondelings per telefoon.	a) Alle probleme/klagtes geniet aandag deur middel van 'n standaardprosedure en word opgeteken van die ontvangs tot die afhandeling daarvan.	a) Alle probleme/klagtes het aandag geniet deur middel van 'n standaardprosedure en word opgeteken van die ontvangs tot die afhandeling daarvan.
b) Klagtes/voorstelle/ komplimente/navrae is binne 48 na ontvangs erken.	b) Voorstelle wat ontvang word uit die terugvoer wat van kliënte ontvang word, word oorweeg wanneer instandhoudingsplan opgestel word en geniet aandag in ons WKKK-subkomiteevergaderings.	b) Voorstelle wat ontvang word uit die terugvoer wat van kliënte ontvang word, word oorweeg wanneer instandhoudingsplan opgestel word en geniet aandag in ons WKKK-subkomiteevergaderings.
c) 'n Klagtereëster is ingestel en 'n klagteprosedure is opgestel en ingestel.		
d) Voorstelle is oorweeg met die opstel van 'n instandhoudingsplan en daar is aandag aan gegee in ons WKKK-subkomiteevergaderings.		
e) Eerstekeergebruikers is voorkeur gegee vir die gebruik van die fasiliteit.		
Addisionele Inligting:		
f) Voorstelle en klagtes help met beplanning en die identifisering van areas waaraan aandag gegee moet word.		
g) Gereelde terugvoering wat van gebruikers ontvang is, het inligting verskaf vir sommige gebiede van elektroniese prosesse van die besprekingstelsel.		
h) Aanlyn besprekingstelsel het 'n generiese e-posadres wat gedurende die vierde kwartaal aktief geword het en waardeur probleme, voorstelle, ens. gemonitor kon word.		
Museums se opvoedkundige programme		
a) Regstelling is gehanteer deur erkenning van die korrespondensie, ondersoek in te stel en verslag te doen oor die insident. 'n Formele	a) Erkenning van die korrespondensie, 'n ondersoek in die geval van 'n insident, die opstel van 'n verslag en 'n formele	a) Geen formele klagtes ontvang nie. Erkenning van korrespondensie, 'n ondersoek in die geval van 'n insident, die opstel van 'n

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasies
reaksie word aan die klaer voorsien.	reaksie is aan die klaer voorsien.	verslag en 'n formele antwoord word egter aan 'n klaer voorsien.
b) Omkeertyd vir erkenning van klagtes was 48 uur.	b) Voorstelle word oorweeg tydens span/bestuursvergaderings en 'n antwoord word aan die klaer voorsien.	b) Voorstelle is oorweeg tydens span/bestuursvergaderings en 'n antwoord is aan die klaer voorsien.
	c) Omkeertyd vir erkenning van klagtes is 48 uur.	c) Omkeertyd vir erkenning van klagtes is 48 ure.

2.3. Organisatoriese omgewing

Bedanking en/of aanstelling van sleutelpersoneel

Die volgende sleutelpersoneel is gedurende 2018/19 aangestel:

Die Direkteur: Provinsiale Argiefdienste vanaf 1 Januarie 2019

Die Hoofdirekteur: Naskoolse Program vanaf 1 Februarie 2019

Die volgende sleutelpersoneel het die Departemente gedurende 2018/19 verlaat:

Die Direkteur: Provinsiale Argiefdienste vanaf 31 Oktober 2018

Die Hoofdirekteur: Naskoolse Spelwisselaar vanaf 31 Januarie 2019 (kontrak verstryk)

Herstruktureringsoogings

Geen.

Steselondbrekinge

Daar was geen beduidende steselondbrekinge wat die Departement se vermoë beïnvloed het om dienste te lewer nie.

Bedrog- en korrupsiesake

Die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) het 'n saakbewegingsertifikaat uitgereik wat die volgende beweging van sake vir die Departement (betreffende bedrog en korrupsie) gedurende hierdie boekjaar weergee:

Onafgehandelde sake soos op 1 April 2018	0
Nuwe sake gerapporteer gedurende 2018/19	1
Afgehandelde sake (2018/19)	(0)
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2019	1

Stakings

Daar was geen stakings deur departementele amptenare gedurende 2018/19 nie.

2.4. Kernbeleidsontwikkelings en veranderinge aan wetgewing

Ten einde die dringende bedryfsuitdagings en konstitusionele belynings die hoof te bied, het die Departement 'n Museumordonnansie-wysigingswetsontwerp geformuleer. Die wysigingswetsontwerp is met alle geaffilieerde museums en ander betrokke belanghebbendes bespreek. Die Departement het verskeie konsultasies met Regsdienste gehou om regs- en bedryfsaspekte van die wetsontwerp uit te stryk. Die keuring word tans gefinaliseer en sal aan die Kabinet vir goedkeuring voorgelê word. Die Wes-Kaapse Museumwetsontwerp word tans ook verder verfyn. Die proses en tydraamwerke vir die finalisering van die Wes-Kaapse Museumwetsontwerp is aangepas om die beoogde bekendstelling van die Museumordonnansie-wysigingswetsontwerp in ag te neem.

Die Kabinet het die formulering van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Erfenishulpbronbestuur goedgekeur. Die wetsontwerp beoog om die proses vir die bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te verbeter. Die Departement het 'n verslag aan die Regulatoriese Impakassesseringskomitee verskaf oor die omvattende betrokkenheid by belanghebbende partye en partye wat regoor die provinsie geraak word, en gaan voort met die opstelproses in ooreenstemming met regsvereistes.

Die nasionale Kabinet het in April 2016 die Konsepbeleid oor die Gebruiklike Praktyk van Inisiasie in Suid-Afrika goedgekeur, en goedkeuring verleen dat die Departement van Tradisionele Sake kan begin om wetgewing oor inisiasie te formuleer. Die beleid het reeds 'n omvattende openbarekonsultasieproses met betrokke belanghebbendes deurloop en die Departement het 'n voorlegging gemaak. Die Departement van Tradisionele Sake het in Mei 2016 die Wetsontwerp op Gebruiklike Inisiasie vir kommentaar gesirkuleer en die Wes-Kaapse Regering het sy kommentaar in Junie 2016 ingedien. Die Suid-Afrikaanse Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake het op 16 Maart 2018 'n kennisgewing van voorneme aangekondig om die Wetsontwerp op Gebruiklike Inisiasie, 2018, in die Nasionale Vergadering voor te lê. Die hoofdoelwitte van die wetsontwerp is:

- (a) om inisiasie te beskerm, te bevorder en te reguleer;
- (b) om aanvaarbare norme en standaarde te verskaf wat daarop gerig is om te verseker dat inisiasie in 'n beheerde en veilige omgewing plaasvind; en
- (c) om voorsiening te maak vir die beskerming van lewe en die voorkoming van enige mishandeling.

Met goedkeuring sal die wetsontwerp 'n impak hê op die manier waarop die Departement sy werksaamhede verrig, gegewe sy verantwoordelikheid vir die beskerming, bevordering en bewaring van die kunste, kultuur en erfenis in die provinsie, asook sy doelwitte in die Inisiasieraamwerk.

Die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoisan-leierskap is in September 2015 in die Nasionale Vergadering voorgelê, gevolg deur openbare konsultasies.

Die wetsontwerp beoog om aandag te gee aan die volgende kernaangeleenthede:

- om voorsiening te maak vir die funksies en rolle van tradisionele en Khoisan-leiers en Khoisan-strukture;
- om voorsiening te maak vir die instel, samestelling en funksionering van die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoisan-leiers;
- om voorsiening te maak vir die instel van provinsiale huise van tradisionele en Khoisan-leiers;
- om voorsiening te maak vir die instel en samestelling van plaaslike huise van tradisionele en Khoisan-leiers;
- om voorsiening te maak vir die instel en funksionering van die Kommissie oor Khoisan-aangeleenthede;
- om voorsiening te maak vir 'n gedragskode vir lede van die Nasionale Huis, provinsiale huise, plaaslike huise en alle tradisionele en Khoisan-rade; en
- om voorsiening te maak vir regulatoriese magte van die ministers en premiers.

Die Nasionale Vergadering het die wetsontwerp op 7 November 2017 aanvaar en dit is na die Nasionale Raad van Provinsies verwys vir oorweging. Daarna het die Wes-Kaapse Staande Komitee oor Plaaslike Regering belanghebbers en belangstellende persone en organisasies genooi om openbare verhore by te woon en om skriftelike voorleggings oor die wetsontwerp te maak. Die wetsontwerp is op 10 Januarie 2019 deur die Nasionale Raad van Provinsies gewysig en dit is op 26 Februarie 2019 deur die Nasionale Vergadering aanvaar. Die wetsontwerp is na die President gestuur vir goedkeuring.

Die Nasionale Kabinet het die publikasie van die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingdienste van 2019 goedgekeur vir kommentaar deur die publiek. Die wetsontwerp poog om aandag te gee aan transformasieprobleme deur openbare biblioteke aan gemeenskappe te voorsien, veral aan voorheen benadeelde gemeenskappe. Dit bevorder ook samewerkende regering en koördinerende regdeur die drie regeringsfere ten opsigte van openbare biblioteek- en inligtingdienste.

3. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Die Departement se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte word volgens sy strategiese plan hieronder getabuleer, en dui die vordering aan wat met die bereiking van die doelwitte gemaak is.

Strategiese Uitskomsgeoriënteerde Doelwit 1	Om 'n doeltreffende, doelmatige en ekonomiese administrasiediens te lewer.
Doelwitverklaring	Skep 'n bemagtigende omgewing vir tydig dienslewering deur doeltreffende, doelmatige, ekonomiese en regverdig korporatiewe en bestuursondersteuningdiens aan interne en eksterne belanghebbendes om goeie, eerlike en waardegedrewe korporatiewe bestuursoorsig te verseker.

Die Departement het voortgegaan om goeie, eerlike en waardegedrewe korporatiewe bestuursoorsig soos onderskryf deur PSD5 na te streef.

Strategiese Uitskomsgeoriënteerde Doelwit 2	Om alle kulturele aktiwiteite in die Wes-Kaap te bevorder, ontwikkel en transformeer om tot nasiebou, goeie bestuursoorsig, maatskaplike en menslikekapitaalontwikkeling en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede by te dra.
Doelwitverklaring	Die bevordering, ontwikkeling en transformasie van alle kulturele aktiwiteite in die Wes-Kaap om tot nasiebou, goeie bestuursoorsig, maatskaplike en

Om tot hierdie uitkoms by te dra, het die Departement hulpbronne aan geaffilieerde museums, Erfenis Wes-kaap en die Geografiese Namekomitee beskikbaar gestel. Hierdie hulpbronne het befondsing deur oordragbetalings, personeel en administratiewe, tegniese en wetenskaplike kundigheid ingesluit. Die Departement het ook 'n leidinggewende rol gespeel in die toerismoere wat die *Wieg van die Menslike Kultuur*, argeologiese en paleontologiese erfenistoerismoere in die Wes-Kaap insluit.

Die Departement het genre-ontwikkelingsprogramme ingestel wat bygedra het tot die bevordering, ontwikkeling en transformasie van kuns- en kultuuraktiwiteite. Gesprekke oor maatskaplike samehorigheid is met die gemeenskap gevoer en 'n provinsiale spitsberaad oor maatskaplike samehorigheid is gehou wat gemeenskapsplatforms gefasiliteer het wat 'n stem gegee het aan maatskaplike uitdagings wat 'n impak het op maatskaplike samehorigheid en nasiebou. Vaardigheidsontwikkelingsprogramme is geïmplementeer wat die ontwikkeling van menslike kapitaal op die gebied van uitvoerende kunste en administrasie meegebring het. Dit het werkseleenthede vir jeugdiges in die kultuursektor geskep deur middel van die Uitgebreide Openbarewerkeprogram en dit het die werwing van jeugdiges vir die Jong Patriotte-program gefasiliteer, wat deur middel van gemeenskapsgebaseerde aktiwiteite nasiebou en konstitusionele waardes bevorder het. Met die klem op die Khoi- en San-identiteite het die program vir genre-ontwikkeling insluiting van kunsaktiwiteite bevorder, wat uitdrukking gegee het aan Nama-dans, deur drama, nuwe narratiewe vir die omarming van inheemse identiteit en deur musiek 'n viering van inheemse musiek. Die Departement het ook transversaal deur die Naskoolse Spelwisselaar gewerk om die kapasiteit van kunsafrigters te bou en om 'n liefde vir die kunste onder leerders te bou in skole waar lae of geen fooie betaal word nie. Gedurende die oorsigjaar is 414 afrigters opgelei. Kunspraktisynsgemeenskappe is ook in drie streke ingestel, naamlik die Kaapse Metro, die Kaapse Wynland en Eden.

Nota: Vir die doel van hierdie verslag het ons die spelling uit die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoisan-leierskap gebruik. In die amptelike KhoeKhoegowab-woordeboek wat tydens die Namibiese onafhanklikheid in die vroeë 1990's opgestel is om Nama te reguleer as een van die amptelike tale van die land, word Khoi Khoe gespел.

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 3	Om volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste te bevorder, ontwikkel en transformeer.
Doelwitverklaring	Voorsien biblioteek-, inligtings- en argiefdienste wat sal bydra tot: • nasiebou • goeie bestuursoorsig • menslikekapitaalontwikkeling • volhoubare ekonomiese groei en geleenthede

Gedurende die oorsigjaar het die getal biblioteeksentrums tot 375 toegeneem. Met die transformasie van die biblioteekdiens en tegnologiese vooruitgang is 226 biblioteekpersele tans voorsien van internettoegang wat gratis aan lede van die gemeenskap beskikbaar is. 731 456 geregistreerde biblioteekgebruikers het die openbare biblioteke in die Wes-Kaap gedurende hierdie boekjaar gebruik.

Om nasiebou en maatskaplike insluiting te bevorder, het die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens 10 skole besoek om die gebruik van argiewe te bevorder. Altesaam 227

studente van tersiêre instellings het die argiewe vir navorsingsdoeleindes besoek. Gedurende Argiefweek is altesaam 680 besoekers opgeteken. Toegang tot die argiewe is steeds aan navorsers voorsien gedurende die oorsigtydperk en gemeenskappe is geleentheid gegee om mondelinge geskiedenis op te teken deur middel van die inisiatief vir mondelinge geskiedenis om by te dra tot nasiebou en inklusiwiteit. Altesaam 262 rekordbestuurders is opgelei en oudits is gedoen om klankrekordsbestuurspraktyke in regeringsliggame vas te lê. Rekordbestuurspraktyke is versterk deur samewerking met regeringsliggame om programme vir sistematiese wegdoening en gepaste rekordklassifikasiesistels in te stel. Weens beter rekordbestuurspraktyke is 278.3 lineêre meter rekords wat van waarde geag word, na die argief oorgeplaas.

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 4	Om maatskaplik inklusiewe sport- en ontspanningstrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en te ondersteun.
Doelwitverklaring	Om maatskaplik inklusiewe sport- en ontspanningstrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en te ondersteun deur die skep van toegang en geleenthede ten opsigte van deelname aan ontspanning, die MGO-program, skolesport en sport.

Die Departement het beduidende vordering gemaak om die doelwitte van die strategiese vyfjaarplan te realiseer. Programme is ontwerp om die doelstellings en doelwitte van die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te akkommodeer. Sport- en ontspanningsprogramme en -projekte is in alle distrikte van die Wes-Kaap geïmplementeer. Konstruktiewe skakeling het tussen die ses distriksportrade, die WKPSK en die burgerlike samelewing plaasgevind. Addisionele befondsing wat beskikbaar gestel is, het gelei tot 'n toename in die getal federasies wat ondersteun is.

Gedurende 2017/18 het die Departement soos volg bygedra tot die Nasionale Uitkomste van die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) 2015-2019:

Nasionale Uitkomste	Departementele bydrae
1: Gehalte- basiese onderwys	'n Groot gedeelte van die Departement se begroting word bestee aan die verskaffing van biblioteekdienste en die aankoop van biblioteekvoorraad ter ondersteuning van die verbetering van geleesheiduitsomste en om in leerders se inligtingbehoefte te voorsien. Die Museumdiens het geaffilieerde museums ondersteun met die verskaffing van kurrikulumonderrigprogramme wat op leerders gemik is. Die Departement het argiefbewustheidswerksessies by skole aangebied om leerders aan te moedig om argiefmateriaal te gebruik om geskiedkundige en genealogiese opvoedkundige hulpbronne aan te vul. Die MGO-program het op die verskaffing van naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders by die 181 skoolgebaseerde MGO-sentrums in die provinsie gefokus. Leerderdeelname by MGO-sentrums help met positiewe leerderbywoning by skole, leerderdisipline, spanwerk, sowel as om leerders belangstelling in skoolbywoning te laat behou. Gekoppel aan die MGO-sentrums is 134 buurtskoolsentrums ook in verskeie buurte regoor die provinsie in alle distrikte gevestig. Deur middel van die Naskoolse Spelwisselaar is verskeie naskoolse akademiese steunprogramme geïnisieer en ondersteun, wat daarop gemik is om leerders se opvoedkundige uitkomste te verbeter.

Nasionale Uitkomst	Departementele bydrae
2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners	Die Departement het aktiewe ontspanning en sportaktiwiteite vir die provinsie bevorder. Die aktiwiteite het die Beter Tesame Spele (BTS) en die provinsiale gimnasium wat fiksheidsleefstyle vir amptenare aanmoedig, ingesluit. Deur kuns en kultuur ontwikkel jeugdige 'n gesonde selfbeeld en positiewe rolmodelle wat bydra tot geestesgesondheid en welsyn, gemeenskappe bewaar kulturele tradisies deur kuns en kultuur wat bydra tot 'n gemeenskap se spirituele gesondheid en welsyn.
3: Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig	Die Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012) beklemtoon die belangrikheid van sport in pogings om misdaad te verminder. Die MGO-program het 'n gestruktureerde kurrikulum en lesplanne ingesluit wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus. Skoolgaande leerders het deelgeneem aan naskoolse aktiwiteite by skoolgebaseerde MGO-sentrums en sodoende is 'n veilige ruimte en omgewing vir deelname aan prettige aktiwiteite, spel, ontspanning, sport, kuns, kultuur, asook akademiese aktiwiteite geskep. Die Naskoolse Spelwisselaar het saam met die Departement van Gemeenskapsveiligheid gewerk om die prioriteitskomitee vir skoolveiligheid te laat herleef, wat nou alle veiligheidsintervensies in skole koördineer. Kuns en kultuur skep alternatiewe aktiwiteite vir jeugdige wat 'n risiko het in benadeelde gemeenskappe. Dit skep veiliger gemeenskappe waar kuns- en kultuurplatforms samehorigheid in die gemeenskap, eienaarskap en identiteit skep.
4: Behoorlike indiensneming deur middel van inklusiewe groei	Ondersteuning en befondsing van kultuurtoerisme deur middel van feeste bied geleenthede vir die jeug om blootstelling aan die bedryf te kry en vaardighede te ontwikkel wat hulle meer bemerkbaar maak vir die arbeidsmark. Die befondsing wat deur die Departement verskaf is, was nie net om opleiding en vaardighede in die skeppende kunste te bevorder nie, maar ook om nuwe visies en insig te verskaf vir wyer geleenthede wat die kunste bied, en die nuwe loopbane en moontlikhede wat dit verteenwoordig. Die Departement het die aanbieding ondersteun van belangrike byeenkomste wat sporttoerisme bevorder. Die Departement het met sportfederasies in die provinsie saamgewerk wat toegang tot befondsing vir belangrike byeenkomste, ontwikkelingsbefondsing en administrasie het. Deur middel van YearBeyond, die graad 4-projek en Wiskunde eLeer het die DKES jongmense ook die geleentheid gebied om werkervaring op te doen en hul CV's en selfvertroue te bou. Meer as 200 jongmense is jaarliks by hierdie programme betrokke.
5: Geskoolde en bekwame arbeidsmag om 'n inklusiewe groeipad te ondersteun	Die UOWP is ontwikkel om die skaars vaardighede in die kunste, kultuur en erfenis te benut en het 'n manier geword om begunstigdes aan die geleenthede in hierdie sektor bloot te stel. Die Departement het 467 werksgeleenthede en kapasiteitsbou gefasiliteer deur programme gemik op jongmense wat vaardighede bekom om hulle toetrede tot die arbeidsmark te fasiliteer. Die Naskoolse Spelwisselaar het 'n kursus in samewerking met die Universiteit Stellenbosch bekendgestel om die naskoolse sektor te professionaliseer en 'n kwalifikasie vir werkers op voetsoolvlak te bied. Altesaam 57 praktisyns is deur middel van hierdie program opgelei. Die Naskoolse Spelwisselaar het ook 'n vennootskap met ASSITEJ gevorm

Nasionale Uitkomst	Departementele bydrae
	vir die kapasiteitsbou van kunsfasiliteerders werksaam in naskoolse programme om sodoende leerders se blootstelling aan die kunste uit te brei.
6: 'n Doeltreffende, mededingende en responsiewe ekonomiese infrastruktuurnetwerk	Infrastruktuur vir inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) is deur die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke aan drie bykomende biblioteke verskaf. In die Wes-Kaap het 44 biblioteke voortgegaan om aan die nasionale Mzansi Aanlyn-projek deel te neem. Hierdie projek verskaf omvattende IT-konnektiwiteit en opleidingsgeleenthede vir personeel. Die Departement verseker deur MIT dat arbeidsintensiewe metodes in die verskaffing van sportinfrastruktuur gebruik word, wat sodoende tydens en ná konstruksie indiensnemingsgeleenthede skep.
7: Lewenskragtige, billike, volhoubare landelike gemeenskappe wat bydra tot voedselakeurheid vir almal	Die getal biblioteeksentrums het van 373 na 375 toegeneem. Altesaam 226 biblioteekpersele is van internettoegang voorsien wat gratis vir gemeenskapslede beskikbaar is. Klubs in landelike gebiede word deur die Klubontwikkelingsprogram ondersteun. MGO-sentrums en plaas- en/of gemeenskapsontspanningsentrums is ook in landelike gebiede geleë om sport- en ontspanningsdienste aan landelike gemeenskappe te verskaf. Landelike MGO-sentrums word ook by 'n voedingsprogram ingesluit.
8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde huishoudelike lewensgehalte	Die Departement maak deur MIT seker dat plaaslike arbeid in die verskaffing van sportinfrastruktuur gebruik word, wat sodoende tydens en ná konstruksie indiensnemingsgeleenthede skep. Kultuurfasiliteite bied vir gemeenskappe en organisasies fisiese ruimtes om te gebruik vir aktiwiteite wat in lyn is met die Departement se mandaat. Kultuur is 'n instrument vir die oordrag van kennis, morele en sosiale waardes. Die bevordering en bewaring van kuns en kultuur gee inligting oor kulturele volhoubaarheid van gemeenskappe se maatskaplike samestelling wat bydra tot volhoubare menslike nedersettings.
9: Responsiewe, verantwoordbare, doeltreffende en bekwame plaaslike regering	Die Rekordbestuursprogram het regeringsliggame, insluitend munisipaliteite, gehelp met die bestuur van rekords om verantwoordbaarheid en goeie bestuursoorsig te verbeter. Vennootskappe met plaaslike owerhede, die burgerlike samelewing en die Departement dra met sportinfrastruktuurprojekte tot verantwoordbaarheid en deursigtigheid by.
10: Beskerm en versterk ons omgewingsbates en natuurlike hulpbronne	Opvoedkundige programme by geaffilieerde museums het ingesluit dat leerders geleer word om die natuurlike omgewing te respekteer.
11: Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld	Die Departement het in samewerking met die DKK en die DvdP van die WKR 'n Afrika-maandprogram gereël. Al die Departement se lynfunksies het aktiwiteite met 'n tema vir Afrika-dag beplan, wat regoor die provinsie aangebied is. Die DKK/DKES se Afrika-maand Kunstefees het uit die besprekingsplatforms vir maatskaplike samehorigheid ontstaan. Die kunstefees het 'n geleentheid gebied vir verskillende sektore van die betrokke gemeenskappe om saam te werk om gemeenskapsintegrasie en diversiteit te versterk. Die AU, sy simbole en volkslied is bevorder deur die loop van die maand lange feesvierings wat deur Afrika as tema geanker is.
12: 'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde openbare diens	Sport en ontspanning in die provinsie word gedryf deur die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan en dienste is in vennootskap met die burgerlike samelewing se sportfederasies en munisipaliteite gelewer.
13: Maatskaplike beskerming	Die Departement se maatskaplik inklusiewe programme versterk beleide in verband met maatskaplike beskerming deur die maatskaplike kwesbaarheid van vroue, kinders, meisies, gestremdes en bejaardes deur

Nasionale Uitkomst	Departementele bydrae
14: Nasiebou en maatskaplike samehorigheid	kultuur- en sportprogramme te verminder. Die Departement moedig die gebruik van moedertaal, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en die sing van die volkslied aan, en het die sing van die Afrika-unie se volkslied ingestel om 'n gevoel van trots en patriotisme aan te wakker deur die programme wat aangebied is. Die Departement het die grondwetlike waardes en nasionale simbole by nasionale kuns- en kultuur- en sportgeleenthede en op nasionale dae bevorder. Om maatskaplike inklusiwiteit en samehorigheid aan te moedig, het die Departement die gemeenskaps gesprekke oor maatskaplike samehorigheid in vier munisipaliteite in die Wes-Kaap gekoördineer. Die koördinering van maatskaplike samehorigheid word geanker deur IRB-beginsels wat verseker het dat plaaslike regering tot die sukses van hierdie gesprekke bygedra het. Die Departement gebruik sport en ontspanning as 'n instrument om maatskaplike samehorigheid te bevorder. Die Museumdiens het opvoedkundige programme aangebied en 'n inligtingspamflet oor die nasionale simbole regdeur die provinsie versprei. Die Departement het deur vertaal- en tolkdienste 'n bydrae tot maatskaplike samehorigheid gelewer deur kommunikasie en deursigtigheid te verbeter. Geaffilieerde museums het uitstallings in die drie amptelike tale van die provinsie aangebied om toeganklikheid te bevorder. Die Departement het deur kuns- en kultuurprogramme geleenthede gebied vir jeug uit diverse gemeenskappe om interaksie te hê en artistieke en lewensvaardighede te leer om maatskaplike samehorigheid te bevorder. Die Departement dra deur die befondsing van feeste by tot die skep van platforms vir maatskaplike interaksie, kulturele uitruiling deur kreatiewe aktiwiteite, die bevordering van 'n nasionale identiteit en die versterking van maatskaplike samehang. Die Departement het deur die ondersteuning van die entiteit verantwoordelik vir erfenishulpbronbestuur die identifisering, bestuur en bevordering van die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap vir al sy gemeenskappe op 'n inklusiewe manier ondersteun. Die naskoolse programme help om die gaping tussen leerders met hulpbronne en hulpbehoewende leerders te verklein en geleenthede vir leerders te skep om hul passie te ontdek, kundigheid te ontwikkel en hul sosiale en ekonomiese netwerke uit te brei. Ontspanning, die MGO-program, skolesport en sportaktiwiteite het in alle munisipaliteite plaasgevind en positiewe maatskaplike en ontspanningsinteraksie binne gemeenskappe ondersteun. Sportaktiwiteite het in vennootskap met die burgerlike samelewing regdeur die provinsie plaasgevind. Die Departement het die befondsing van 132 sportfederasies, die ses distriksportrade en die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie gefasiliteer sodat hulle sportinisiatiewe in die provinsie kon aanbied. Gekoppel hieraan is die akademiestelsel waar die Departement talentidentifisering en -ontwikkeling gefasiliteer het, en waar atlete bystand ontvang het deur voedings-, ontwikkelings- en lewensvaardighedeprogramme binne die akademiestelsel. Die Klubontwikkelingsprogram het verseker dat die Departement klubs ondersteun en ligaprogramme geïdentifiseer het. Klubs is met vervoer, kapasiteitsbou, uniforms en toerusting ondersteun. Deur federasies het die Departement belangrike byeenkomste saam met

Nasionale Uitkomst	Departementele bydrae
	die burgerlike samelewing gefasiliteer, wat tot sporttoerisme in die provinsie bygedra het. Biblioteke dien as gemeenskapsentrums wat maatskaplike inklusiwiteit bevorder en ondersteun. Gemeenskappe leer meer oor hul erfenis deur toegang tot argiefmateriaal te verkry. 'n Werksessie oor familiegeskiedenis is tydens Argiefweek in Mei 2018 aangebied. Die werksessie het deelnemers toegerus met vaardighede om hul erfenis na te spoor. Deur middel van die Argiefuitreikprogram het gemeenskappe inligting ontvang oor die gebruik van argiewe in hul daaglikse lewens. Die Inisiatief vir Mondelinge Geskiedenis het bewustheid geskep vir die geleentheid wat deur die Departement aan gemeenskappe gebied is om hul mondelinge geskiedenis op te neem.

4. Prestasie-inligting per program

4.1. Program 1: Administrasie

Doel

Om algemene finansiële en strategiese bestuur en administratiewe ondersteuning aan die Departement van Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogramme

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om administratiewe, kliënteskakelings- en ondersteuningsdienste aan die Minister van Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

Om 'n algemene ondersteuningsdiens vir finansiële bestuur aan DKES te lewer, insluitend finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan die Minister van Kultuursake en Sport rapporteer.

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Om 'n administratiewe ondersteuningsfunksie aan die Departementshoof te lewer deur 'n doeltreffende kommunikasiediens en strategiese en bedryfsondersteuningsdiens te verskaf, met inbegrip van 'n monitering- en evalueringsdiens, die implementering van inisiatiewe vir diensleweringverbetering, doeltreffende kliënteverhoudings, of doeltreffende bestuur van intra-/interregeringsbetrekkinge, en beperkte voorsiening vir instandhoudings- en akkommodasiebehoeftes te maak.

Strategiese doelwitte

- 1.1. Om deur die deurlopende verbetering van finansiële bestuurspraktyke diensuitnemendheid te bereik.

- 1.2. Om gepaste ondersteuning aan alle ander Programme te verseker ten einde hulle in staat te stel om dienslewering te verbeter.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Die program dra by tot Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1: *Om 'n doeltreffende, doelmatige en ekonomiese administrasiediens te lewer.*

Die Finansiële Bestuursplan dien as 'n instrument om eksterne en interne ouditbevindings te monitor. Die beheeromgewing het deur die implementering van die plan aansienlik verbeter. Dit het die intensiewe monitering en opvolg van die bevindings op 'n kwartaallike basis behels. Alle aanbevelings is vir die verslagtydperk geïmplementeer.

Die verantwoordelikhede van Subprogram 1.3: Bestuursdienste sluit in die implementering van Batho Pele-inisiatiewe binne die Departement, monitering en evaluering van die Departement se prestasie, en beplanning vir die Departement se bestuursbehoefte rakende sy onroerende bates. Alle aanwysers is bereik, wat bestaan uit die ontwikkeling en goedkeuring van 'n terreinspesifieke handves en 'n jaarverslag aan landsburgers, sowel as kwartaallike prestasiemoniteringsverslae, die voltooiing van 'n evaluering en 'n gebruikersbatesbestuursplan.

Die strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word aangebied in die tabelle wat volg.

Aanwysers vir strategiese doelwitte

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE						
No.	Aanwysers vir strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
1.2.1	Getal verbeteringsplanne rakende finansiële bestuur in werking om diensuitnemendheid te behaal.	1	1	1	-	-
1.3.1	Getal planne en verslae saamgestel of ingedien om alle ander programme in staat te stel om doeltreffende en doelmatige dienste te lewer.	8	8	8	-	-

Nota:

1.2.1 Bestaan uit getal planne geïmplementeer vir die verbetering van oudituikomste en die vermindering van auditbevindinge wat deur die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur geopper word om diens diensuitnemendheid te bereik (Prestasie-aanwyser 1.2.1).

1.3.1 Bestaan uit evaluasieverslae, goedgekeurde diensinisiatiewe. Kwartaallikse prestasieverslae en GBBP'e (Prestasie-aanwysers 1.3.1, 1.3.2, 1.3.3, 1.3.4).

Prestasie-aanwysers

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste								
1.2.1	Getal planne geïmplementeer vir verbetering van oudituitkomst en vermindering van ouditbevindings wat deur die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur uitgelig is om diensuitnemendheid te behaal.	1	1	1	1	1	-	-
Subprogram 1.3: Bestuursdienste								
1.3.1	Getal Batho Pele/dienslewering-verbeteringsdokumente opgestel	2	2	2	2	2	-	-
1.3.2	Getal evaluerings gedoen (monitering- en evalueringsverwant)	1	1	1	1	1	-	-
1.3.3	Getal kwartaallike prestasiemoniteringsverslae saamgestel	-	4	4	4	4	-	-
1.3.4	Getal GBBP'e ingedien	-	-	1	1	1	-	-

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Daar was geen areas van onderprestasie in die programprestasie-aanwysers vir Program 1 nie.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens gedurende die verslagdoeningstydperk nie.

Skakeling van prestasie met begrotings

Subprogrambesteding vir Program 1: Administrasie was soos volg:

Subprogram	2018/19			2017/18		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000
Kantoor van die LUR	9 369	9 369	-	7 834	7 834	-
Finansiële Bestuursdienste	31 033	30 998	35	31 818	31 806	12
Bestuursdienste	24 758	24 290	468	24 151	24 039	112
Totaal	65 160	64 657	503	63 803	63 679	124

Die besparing hou met VvW verband, hoofsaaklik weens die stadige vul van poste. Die besparing kon nie na ander gebiede verskuif word nie weens die beperking wat op die VvW-begroting geplaas is.

4.2. Program 2: Kultuursake

Doel

Om kuns-, kultuur-, museum-, erfenis- en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.

Subprogramme

Subprogram 2.1: Bestuur

Om strategiese bestuursteun aan Kultuursake te verskaf.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur middel van die skep van doeltreffende en lewenskragtige funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings, en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie met die uitvoering van sy wetgewende mandaat by te staan en te ondersteun.

Subprogram 2.3: Museumdiens

Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenis te versnel deur museumdienste te lewer om die erfenis van die provinsie deur middel van die geaffilieerde museums te bewaar, ontwikkel en te bevorder.

Subprogram 2.4: Erfenishulpbronbestuursdiens

Om Erfenis Wes-Kaap by te staan en te ondersteun om belangrike erfenishulpbronne te bewaar, bevorder en bestuur ingevolg die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999; om aangeleenthede met betrekking tot wêrelderfenisterreine in die Wes-Kaap te fasiliteer ingevolge die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999, om prosesse te fasiliteer vir die standaardisering, of verandering waar nodig, van geografiese name in die Wes-Kaap deur die implementering van die mandate van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998, op provinsiale vlak.

Subprogram 2.5: Taaldienste

Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder om dienslewering en toeganklikheid te bevorder; om die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te bevorder; om die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te fasiliteer; en om administratiewe en bestuursteun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee te verleen met die uitvoering van sy wetgewende mandaat.

Strategiese doelwitte

- 2.1 Om kunsverwante dissiplines en kulturele aktiwiteite te omskep in lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap.
- 2.2 Om doeltreffende en doelmatige professionele en administratiewe steun te verleen aan openbare entiteite en staatsorgane wat onder toesig van die DKES staan en om die uitsette van hierdie instellings te monitor en te evalueer.
- 2.3 Om die transformasie van die Wes-Kaapse erfenislandskap te versnel deur museumdienste te lewer om die erfenis van die provinsie deur middel van die geaffilieerde museumdiens en geaffilieerde erfenisinstellings te bewaar, ontwikkel en te bevorder.
- 2.4 Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder, die linguistieke wanbalanse van die verlede reg te stel en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale, asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal, in die Wes-Kaap te bevorder.
- 2.5 Om aktiwiteite aan te moedig wat kan bydra tot maatskaplike inklusiwiteit en maatskaplike samehorigheid, wat nasiebou en transformasie bevorder.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Die program dra by tot Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 2: *Om alle kulturele aktiwiteite in die Wes-Kaap te bevorder, ontwikkel en transformeer om tot nasiebou, goeie bestuursoorsig, maatskaplike en menslikekapitaalontwikkeling en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede by te dra.*

Bestuur

Die Uitgebreide Openbarewerkeprogram het 467 werksgeleenthede op die gebied van geboustandhouding, uitvoerende kunste, administrasie, erfenis, museums, biblioteke en

argiewe geskep. Die hoë omsetkoers is weens deelnemers wat die permanente arbeidsmag betree. Die Departement gaan voort om grense te verskuif betreffende die ontwikkeling van UOWP-werksgeleenthede op die gebied van kultuursake regoor die provinsie.

Kuns en Kultuur

Die Departement streef daarna om geleenthede vir groei te ontsluit deur die fasilitering van vaardigheidsontwikkelingsprogramme en werkskeppingsgeleenthede om deelname aan die ekonomie uit te brei. Groter klem is op hulpbronnemobilisering en vennootskappe geplaas om aan gemeenskappe se verwagtinge en eise te voldoen.

Die kuns- en kultuurkomponent het programme bekendgestel om kulturele praktyke op te hef, nuwe terreine te verken en werksaamhede uit te brei om geleenthede te fasiliteer.

Die jaarlikse befondsingsprogram het toekennings aan 69 kuns- en kultuurorganisasies gemaak, met inbegrip van die Kersorkeste, Maleierkore en Klopsegroepe vir die jaarlikse feesvieringe. Die Departement het daarin geslaag om skakeling tussen die befondsde organisasies en gemeenskapsprogramme te bewerkstellig deur middel van die integrasie van programme, wat die deel van strategieë en ervaring in kunsvorms tot gevolg gehad het. Die Departement lewer dienste regoor die provinsie, waar die befondsde NRO's en vennote as verlengstuk dien vir die aktiwiteite wat deur die Departement gefasiliteer word.

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het hulp verleen met die opgradering van kultuurfasiliteite. Funksies en instandhouding word uitgevoer deur personeel binne die kuns- en kultuurkomponent van die Departement. Die elektroniese stelsel wat vir die bespreking van die kultuurfasiliteite ingestel is, het gunstige resultate gelever. Die proses is stroombelyn en klagtes het aansienlik afgeneem. Die nuwe tariefstruktuur wat ingestel is, het 'n positiewe effek gehad en die inkomstestroom het met meer verhoog as wat vir die 2018/19-boekjaar geprojekteer is. Die opgraderings by die fasiliteite verseker dat die fasiliteite bemarkbaar is en aan marknorme voldoen.

Die Departement het gedurende die oorsigjaar deur middel van die kunsontwikkelingsprogram voortgegaan om sy voetspoor in landelike distrikte te verdiep deur middel van vennootskappe en samewerking met munisipaliteite en gevestigde organisasies. Deur middel van 'n driesydige benadering tot talentidentifisering, die ontwikkeling van kunsverwante vaardighede en promosie het die Departement die verbetering van vaardighede van jeugdiges verseker deur geleenthede vir kapasiteitsbou. Die Departement het ook platforms geskep vir landelike kunstenaars om talent te vertoon, netwerke te vorm met ander soortgelyke organisasies en by te dra tot die versterking van die kulturele maatskaplike samestelling van landelike gemeenskappe.

Die drama-ontwikkelingsprogram is in die Eden en Kaapse Wynland Distrikte ingestel. Daar was vanjaar suksesvolle produksies uit die landelike distrikte wat deelgeneem het aan vennootskapsfeeste, naamlik Baxter Zabalaza Fees, Suidoosterfees en die Klein Karoo Nasionale Kunstefees. Die program se beste akteur, aktrise en beste regisseur het die geleentheid gewen om op 'n gewilde TV-sepie te verskyn en om op die stel werkskadu te doen. Volgens die mandaat om kapasiteitsbougeleenthede vir praktisyns te verskaf, het 114 aspirant akteurs, skrywers en regisseurs deelgeneem en 19 oorspronklike produksies op die planke gebring. Die hoogtepunt van die jaar was die program se prestasie om die bronstoekenning te wen vir 2018 se provinsiale toekennings vir diensuitnemendheid vir die beste program/projek geïmplementeer in die provinsie.

Die Dansontwikkelingsprogram het gelei tot die versterking van projekte wat vennootskappe met Dance for All, Jazzart en munisipaliteite bevorder het. Die naskoolse dansprogram is in die skoolgemeenskappe van Klapmuts en Simondium ingestel. Die toekomstige danssterre is in verskeie dansgenres onderrig. Die hoogtepunt was 'n danskamp aan die einde van die boekjaar.

In die Erfenisdans-opleidingsprojek het die Departement 'n vennootskap met die Prins Albert Gemeenskapstrust aangegaan om 'n dansprogram in die Sentraal-Karoo in te stel. Die oogmerk was om die jeugdiges van Prins Albert bloot te stel aan verskillende dansgenres, om hierdie projek aan die plaaslike Erfenisdag-vierings te koppel en om 'n verhouding met die gemeenskap te vestig om die ontwikkeling van 'n plaaslike dansprogram te verseker.

Die Kaapse Dans Solo-projek het die tema van Menseregtedag gebruik en solodansers het dans gebruik om persoonlike narratiewe uit te dra, artistieke vaardighede te vertoon en gehore beweeg om betrokke te raak by menseregtekwesties. Suksesvolle solodansers het aan 'n meestersklas deelgeneem, wat hulle voorberei het vir 'n solo-uitvoering wat by die Kunstekaap Teater plaasgevind het. Hierdie ontwikkelingsprogram het gelei tot die ontwikkeling van dansvaardighede, die uitbou van lewensvaardighede, blootstelling aan 'n mentorskapsprogram deur betrokkenheid by bedryfspesialiste en geleenthede om vaardighede met betrekking tot choreografie te vertoon.

Die handwerkontwikkelingsprogram het gelei tot die instelling van die program vir handwerkopleiding en bemaking in vennootskap met ons vier geïdentifiseerde provinsiegesteunde museums en versinnebeeld die potensiaal van interdepartementele samewerking waar museums gebruik is as persele vir die opleiding van plaaslike handwerkers en die verkoop van handwerkprodukte.

Die gemeenskapsgesprekke oor maatskaplike samehorigheid en die provinsiale spitsberaad oor maatskaplike samehorigheid is in die vierde kwartaal aangebied. Die oogmerk van die gemeenskapsgesprekke oor maatskaplike samehorigheid was om 'n dialoogplatform daar te stel vir 'n dwarsnit van die plaaslike gemeenskappe om hulle te betrek by kwessies wat maatskaplike samehorigheid in hulle gemeenskappe belemmer en om oplossings vir hierdie uitdagings voor te stel. Die provinsiale spitsberaad oor maatskaplike samehorigheid was daarop gerig om te rapporteer oor die gemeenskapsgesprekke oor maatskaplike samehorigheid op 'n provinsiale vlak en om betrokke te raak by kundiges op die gebied van maatskaplike samehorigheid in die ontwikkelingsveld.

In die musiekontwikkelingsprogram is die perkussiewerkwinkelkampe geïmplementeer. Die deelnemers aan die werkinkels het verskeie musiekorganisasies van regoor die provinsie verteenwoordig. Deelnemers het 'n opleidingsprogram gedoen wat voorbereiding vir die Baxter Perkussiefees later in die jaar verskaf het.

Die liedjieskryfkompetisie het afgeskop met deelnemers wat oudisies en mentorskapsverpligtinge in elke distrik en die metro bygewoon het. Aspirantliedjieskrywers het saam met gevestigde musiekprodusente, liedjieskrywers en feesgeleentheidbestuurders gewerk om meer insig te kry in die vereistes van hierdie bedryf en hoe om 'n mens as 'n liedjieskrywer/uitvoerder te vestig. Na die kompetisie het suksesvolle liedjieskrywers 'n sesmaandelange mentorskapsprogram gevolg, wat uitgeloop het op deelname aan Music Exchange.

Musiekfeeste en -geleenthede vorm 'n groot deel van die geleentheidskalender van die Wes-Kaap. In vennootskap met geïdentifiseerde feeste het die Departement geleenthede vir plaaslike kunstenaars en opleiding vir geleentheidsbestuurders gereël vir jeugdige uit die organisasies wat kunste befonds. In die oorsigjaar is jeugdige van die Weskus voorsien van geleenthede met die *Jazz on the Rocks*-fees en jeugdige van Drakenstein het geleenthede gekry vir optrede by die 27 For Freedom-kultuurfees.

Die koraalmusiekfees is in September, Erfenismaand, gehou. Die oogmerk van die koorfees was om vir plaaslike koorsangers 'n platform te gee vir optrede en om die vestiging van nuwe kore te ondersteun deur plaaslike groepe op te lei in kunsadministrasie en 'n begrip van basiese vereistes vir die aanwending van fondse. Die hoogtepunt van die opleidingsprogram was die aanbieding van 'n koorfees in Beaufort-Wes en die vertoning van die nuwe kore tydens die Erfenisdagfees op Prins Albert.

Die program vir die ontwikkeling van die literêre kunste is in vennootskap met die Mbekweni Jeugsentrum in Paarl aangebied. Die aktiwiteite was gerig op die bevordering van letterkunde in Xhosa deur jong skrywers bloot te stel aan gevestigde Xhosa-skrywers en deur die skakels tussen onderrig, navorsing en die skryfproses te fasiliteer. Altesaam 47 senior burgers het aan die storievertelprojek deelgeneem en stories uit die verlede aan jong deelnemers vertel. Die projek is gerig op die viering en bewaring van die kuns van storievertel, die optekening van verhale van bejaardes en die skep van 'n intergenerasieplatform waar die verhale met die jonger geslag gedeel kan word. Die kinders se program het Edu-care-kinders ingesluit wat aan verskeie letterkunde-aktiwiteite deelgeneem het wat daarop gemik was om 'n liefde vir lees te kweek.

Die inisiasie-program het steeds 'n veilige en bemagtigende omgewing vir diegene wat inisiasie ondergaan en die kulturele praktyk verskaf. Tradisionele snydokters speel 'n sentrale rol in die veiligheid van hierdie gebruik en word beskou as die bron van inheemse kennis in hierdie tradisie. Gepaste opleiding om kritieke inligting te deel en 'n gemeenskaplike begrip regdeur die program te verseker, is gefasiliteer. Die Departement gaan voort om die minimum standaard vir die verbetering van die praktyk te ontwikkel deur te vereis dat die tradisionele snydokters tradisionele versorgers moet aanstel wat opgelei is en in 'n databasis opgeneem is. Higiëne en gesondheidsstandaarde het 'n prioriteit geword ten einde die risiko van inisiasie tot die minimum te beperk.

Die Departement is tans by munisipaliteite betrokke om infrastruktuurondersteuning te reël en formele ooreenkomste aan te gaan. Die provinsiale komitee vir die koördinerende van inisiasie, bestaande uit munisipaliteite en departement met mandate wat oorvleuel, het die koördinerende en fasiliterende van dienste en toerusting ondersteun om seker te maak van veilige inisiasie gedurende die oorsigtydperk. Die inisiasiestrukture het 'n belangrike rol gespeel in die verspreiding van inligting tussen die Departement en die gemeenskappe.

Museums, erfenishulpbronbestuur en geografiese naamdienste

Gedurende 2018/19 het die Museumdiens 30 geaffilieerde museums regdeur die Wes-Kaap bygestaan met museumondersteuning, kundigheid in die bestuur van versamelings, opvoedkundige programme en die ontwikkeling van uitstallings. Direkte finansiële steun is ook aan 19 provinsiegesteunde museums verleen in die vorm van subsidiebetalinge, en vyf plaaslike museums is bygestaan met hulptoekenningbetalinge om seker te maak dat hierdie museums oop en toeganklik bly vir die publiek.

Die Departement het bystand verleen met die aangaan van 'n driesydige samewerkingsooreenkoms tussen die Raad van Trustees van die Houtbaai Museum, die Denis Goldberg Erfenisstigtingtrust en die Departement. Die oogmerk van die samewerkingsooreenkoms is om 'n nuwe gemeenskapskunssentrum in Houtbaai te bou as verering van die nalatenskap van Denis Goldberg deur die vestiging van 'n sentrum vir kuns- en kultuuroopvoeding en -opleiding. Professor Denis Goldberg is 'n bekende antiapartheids- en menseregteaktivis. Hy was een van die lede van die Rivonia-verhoor wat in 1963 saam met voormalige President Nelson Mandela en ander antiapartheidsleiers gearresteer is en tot lewenslange tronkstraf gevonnis is. Hy was 22 jaar lank in die tronk en is in 1985 vrygelaat. Die Departement en die Houtbaai Museum is bevoorreg om deel te wees van hierdie geleentheid om saam met die Denis Goldberg Erfenisstigtingtrust te werk.

Die Museumdiens het sy jaarlikse Museumdienssimposium van 27 – 29 Junie 2018 in Stellenbosch aangebied. Die tema was die herdenking van erflatings waarop die vieringe van die Nelson Mandela-eeufees gebou kon word. Die simposium het die bestuurders van geaffilieerde museums en verteenwoordigers van beheerliggame 'n geleentheid gegee om belangrike staatsbestuur- en bestuurskwessies te bespreek met amptenare van die Departement, met insluiting van die departementshoof.

Die Kaapstad Museum is ook besig om 'n nuwe visie- en ontwikkelingsplan op te stel wat 'n raamwerk sal gee van die strategiese visie en rigting vir die Kaapstad Museum in die toekoms. Hierdie proses sal in die volgende boekjaar afgehandel word. Kaapstad Museum het sy nuwe webtuiste in Junie 2018 bekendgestel. Die webtuiste sluit virtuele uitstallings in soos: "*Gugulethu, our pride, 60 years on...*" en "*Invisible Traces*". Dit gee besoekers ook 'n geleentheid om geleenthede, mense en plekke in Kaapstad se geskiedenis te verken wat moontlik in die verlede misgekyk is, byvoorbeeld die Groenekloof Sendingstasie in Mamre en die Soutrivier-veldslag tussen Khoekhoen en Portugese in 1510.

Die Departement het ook begin met verskeie gemeenskaps gesprekke in die Suid-Kaap in verband met menslike oorskot wat in die versamelings van geaffilieerde museums geïdentifiseer is. Deur die oorlegpleging met die onderskeie gemeenskappe, is die geïdentifiseerde menslike oorskot uit die museumversamelings onttrek en behoorlik begrawe met inagneming van tradisionele gebruike soos onderhandel met die onderskeie gemeenskappe. Hierdie proses het grootliks bygedra tot die herstel van die waardigheid van die mense wie se oorskot in museumversamelings opgeneem is, en het ook die maatskaplik inklusiewe aard en vertroue van museums in die onderskeie gemeenskappe versterk.

Ondersteuning aan geaffilieerde museums sal in die volgende boekjaar voortgesit word in die vorm van befondsing, bemarking en promosie, onderrig en opleiding, ontwikkeling van uitstallings, bewaringswerk, tydelike oorplasing van personeel, mentorskap en advies. Waar hulpbronne dit toelaat, sal dienste ook na niegeaffilieerde museums uitgebrei word.

Die Museumdiens sal ook voortgaan om 'n aansienlike bydrae te lewer tot werkskepping in die provinsie deur die plasing van UOWP-begunstigdes (interns) by geaffilieerde museums binne projekte wat met die oudit en digitalisering van museumversamelings, toerisme, administrasie en instandhouding verband hou.

DKES het gedurende die oorsigjaar saam met WESGRO en die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme gewerk aan die vestiging, bemarking en bekendstelling van 'n argeologiese en paleontologiese erfenistoerismoete vir die provinsie. Die drie ankerterreine wat gekoppel word aan die Departement se nominasies vir wêrelderfenisterreine vir die

vroeë moderne mens se pleistoseen-nedersettingsterreine is die ankerterreine wat die grondslag sal verskaf vir die bekenstelling van 'n baie breër erfenistoerismoeroete. Hierdie terreine sluit in Pinnacle Point-terreinkompleks in die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit, Blombos Grot in die Hessequa Munisipaliteit, en Diepkloof Rotsskerm in die Cederberg Plaaslike Munisipaliteit. Die projek is suksesvol deurgevoer onder leiding van 'n projekteier vir die Departement, met leiding van die reëlingskomitee bestaande uit verskeie departemente, verteenwoordigers van munisipale distrikte en wetenskaplikes wat met die drie voorgestelde wêrelderfenisterreine te doen het. Die nominasiedokument vir die Vroeë Moderne Mense: Pleistoseentydperk-terreine en die tweede wêrelderfenisbenoeming, Vroeë Kaapse Opstalle, het beduidende vordering gemaak met betrekking tot voorlegging vir tegniese assessering by die Suid-Afrikaanse Wêrelderfeniskonvensiekomitee.

Die Weerstands- en Bevrydingserfenisroete is 'n deurlopende nasionale projek deur die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en behels die bekendstelling van 27 terreine of nodes wat van belang is en wat met die land se weerstands- en bevrydingserfenis verband hou. Die Departement is deel van hierdie nasionale projek om belangrike terreine wat aan weerstands- en bevrydingserfenis binne die provinsie gekoppel te word, te bevorder. Die Departement het op 11 Februarie 2019 'n foto-uitstalling met 30 van die mees ikoniese beelde van die lewe van Nelson Mandela bekendgestel. Die uitstalling getiteld *Nelson Mandela: His Prison Life at Drakenstein Revisited* kan besigtig word by die Drakenstein Korrektiewe Fasiliteit, wat voorheen die Victor Verster Gevangenis genoem is. Ander terreine sluit in die Robbeneiland Kultuurlandskap sowel as die terrein van die eerste veldslagte van verset by die samevloeiing van die Swartvriervier en die Liesbeekrivier op 1 Maart 1510 tussen Europese seevaarders en inheemse mense. Die skermutseling het gelei tot die dood van Francisco de Almeida en al 49 bemanningslede wat van Portugese oorsprong was. Hierdie projek bied 'n geleentheid om die bespreking en narratief oor die geskiedenis van verset te verbreed.

Die Geografiese Naamdienste het die benoemings wat uit die eerste openbare audit van name wat aanstoot gee in die Wes-Kaap ontvang is, geprosesseer. Altesaam 30 benoemings is ontvang. Nege van hierdie benoemings het binne die jurisdiksie van die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee geval, elf het onder die jurisdiksie van munisipaliteite geval, ses het onder die jurisdiksie van ander liggame (bv. privaat besit) geval en daar was vier onverwante benoemings wat geen verdere aksie vereis het nie. Die nege benoemings binne die jurisdiksie van die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee is hersien en aan die Minister van Kultuursake en Sport voorgelê. Die orige benoemings is verwys na die betrokke belanghebbers onder wie se jurisdiksie hulle val.

Taaldienste

Die fokus van die Departement se Taalkomponent is vertaal-, tolk- en redigeerdienste in die Provinsie, met inbegrip van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT).

Die Departement moet die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in al die departemente monitor. Die Departement het interaksie met verskillende belanghebbers by die Provinsiale Taalforum gefasiliteer om seker te maak dat dienste binne die kernbeginsels van die Taalbeleid gelewer word en om ook vooruitgang in taalterminologie-ontwikkeling en veeltaligheid in die provinsie verder te bespreek.

Die Departement het 'n geleentheid by die Kunstekaap Teater aangebied om Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bevorder. Dit het die belangrikheid van die bewaring van SAGT as 'n kommunikasiemedium vir gehoorgestremdes beklemtoon.

As deel van 'n Mandeladag-inisiatief het die Departement met die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) saamgewerk om 'n veeltaligheidsgeleentheid by Harold Cressy Hoërskool aan te bied. Die Departement het die Nama-boekie en CD verder gereproduseer om pogings om die taal te bevorder te vernuwe.

Internasionale moedertaaldag is op 22 en 23 Februarie 2019 in Khayelitsha en by die Iziko Museum gevier. Die geleentheid het gepoog om deurlopende leer en die belangrikheid van veeltaligheid en moedertaal as 'n weerspieëling van kulturele identiteit te bevorder.

UNESCO het 2019 as die Internasionale Jaar van Inheemse Tale verklaar. Die Departement het dit gedenk deur die bekendstelling van 'n *Jaar van Inheemse Tale*-geleentheid in Maart 2019 by die SA Sendinggestig Museum. Hierdie geleentheid het die toon aangegee vir toekomstige betrokkenheid by die bevordering van inheemse tale in die provinsie en die viering van ons ryk kulturele diversiteit.

Aanwysers vir strategiese doelwitte

PROGRAM 2: KULTUURSAKE						
No.	Aanwysers vir strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019 [oor/(onder)]	Kommentaar op afwykings
2.1	Getal kunsverwante dissiplines en kulturele aktiwiteite omskep in lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap	59	322	356	+34	'n Toename in deelnamegetalle en promosieplatforms weens versterkte samewerking.
2.2	Getal openbare entiteite en staatsorgane wat professionele en administratiewe steun gebied is	34	34	34	-	-
2.3	Getal intervensies om die erfenislandskap in die provinsie te transformeer	30	5	6	+1	Het weens aanvraag een addisionele opvoedingsprogram aangebied.
2.4	Getal projekte om veeltaligheid te bevorder, die linguistieke wanbalanse van die verlede reg te stel en die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde tale, asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap, te bevorder	6	9	9	-	-
2.5	Getal aktiwiteite om maatskaplike inklusiwiteit en maatskaplike samehorigheid (nasiebou en transformasie) aan te moedig en daartoe by te dra	5	6	6	-	-

Notas:

2.1 Bestaan uit getal praktisyns wat bevoordeel word deur geleenthede vir kapasiteitsbou; getal kuns- en kultuurorganisasies ondersteun deur middel van oordragbetalings; getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel en te bevorder (Prestasie-aanwysers 2.2.1, 2.2.6, 2.2.7).

2.2 Bestaan uit getal taalkoördineringsstrukture wat ondersteun is; getal Kultuurkommissies ondersteun om kuns en kultuur te bewaar; getal geaffilieerde museums ondersteun; getal provinsiale erfenishulpbronbestuursowerhede ondersteun deur oordragbetalings; getal provinsiale geografiese naam-strukture ondersteun in die Wes-Kaap (Prestasie-aanwysers 2.5.1, 2.2.8, 2.3.2, 2.4.1, 2.4.3).

2.3 Bestaan uit getal Museumdienste wat in stand gehou is om geaffilieerde museums te ondersteun, getal museumdienssimposiums wat aangebied is, getal museumopvoedingsprogramme aangebied (Prestasie-aanwysers 2.3.3, 2.3.4, 2.3.5).

2.4 Bestaan uit getal projekte wat aandag gee aan wetgewende mandaat om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bevorder; getal amptelike tale van die Wes-Kaaps provinsie waarin taaldienste gelewer word (Prestasie-aanwysers 2.5.2, 2.5.3).

2.5 Bestaan uit getal nasionale en historiese dae wat gevier word; getal promosie-intervensies rakende die promosie van nasionale simbole en ordes (Prestasie-aanwysers 2.2.4, 2.3.1).

Prestasie-aanwysers

PROGRAM 2: KULTUURSAKE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019 [oor/(onder)]	Kommentaar op afwykings
Subprogram 2.1: Bestuur								
Nasionale aanwysers								
2.1.1	Getal UOWP-werksgeleenthede geskep	397	347	370	305	467	+162	Meer werksgeleenthede was beskikbaar weens begunstigdes wat ander werk gekry het.
Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur								
Nasionale aanwysers								
2.2.1	Getal praktisyns bevoordeel deur kapasiteitsbougeleenthede	-	249	340	249	267	+18	'n Toename in deelnemergetalle weens versterkte samewerking.
2.2.2	Getal gemeenskapsgesprekke/dialogoog	-	3	4	3	3	-	-
2.2.3	Getal provinsiale spitsberade oor maatskaplike samehorigheid aangebied	-	1	1	1	1	-	-

PROGRAM 2: KULTUURSAKE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019 [oor/(onder)]	Kommentaar op afwykings
2.2.4	Getal nasionale en historiese dae gevier	-	3	3	3	3	-	-
2.2.5	Getal gemeenskapstrukture ondersteun	25	30	33	32	32	-	-
Provinsiale aanwysers								
2.2.6	Getal kuns- en kultuurorganisasies ondersteun deur oordragbetalings	51	67	59	55	69	+14	Addisionele hulpbronne is in die aangesuiwerde geraamde begroting beskikbaar gestel.
2.2.7	Getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel en te bevorder	30	22	22	18	20	+2	Sterker samewerking het gelei tot 'n toename in die getal projekte om kuns en kultuur te bevorder.
2.2.8	Getal kultuurkommissies ondersteun om kuns en kultuur te bevorder en te bewaar	-	-	-	1	1	-	-
Subprogram 2.3: Museumdienste								
Nasionale aanwysers								
2.3.1	Getal promosie-intervensies vir die bevordering van nasionale simbole en ordes	-	3	3	3	3	-	-
Provinsiale aanwysers								
2.3.2	Getal geaffilieerde museums ondersteun	28	24	-	30	30	-	-
2.3.3	Getal Museumdienste in stand gehou om ondersteuning aan	-	-	-	1	1	-	-

PROGRAM 2: KULTUURSAKE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Bepaalde teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019 [oor/(onder)]	Kommentaar op afwykings
	geaffilieerde museums te verskaf							
2.3.4	Getal Museumdienssimposiums aangebied	-	-	-	1	1	-	-
2.3.5	Getal museumonderrigprogramme aangebied	-	-	-	3	4	+1	Het een addisionele opvoedingsprogram aangebied weens vraag daarna.
Subprogram 2.4: Erfenishulpbrondienste								
Provinsiale aanwysers								
2.4.1	Getal provinsiale erfenishulpbronbestuursowerhede deur oordragbetalings ondersteun	1	1	1	1	1	-	-
2.4.2	Getal geografiese name deur die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee geverifieer en hersien	502	340	340	340	340	-	-
2.4.3	Getal provinsiale geografiese naamstrukture in die Wes-Kaap ondersteun	1	1	1	1	1	-	-
Subprogram 2.5: Taaldienste								
Nasionale aanwysers								
2.5.1	Getal taalkoördineringsstrukture ondersteun	1	1	1	1	1	-	-
Provinsiale aanwysers								

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019 [oor/(onder)]	Kommentaar op afwykings
2.5.2	Getal projekte wat die wetgewende mandaat uitvoer om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	9	6	6	6	6	-	-
2.5.3	Getal amptelike tale van die Wes-Kaap waarin taaldienste gelewer word	3	3	3	3	3	-	-

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Daar was geen areas van onderprestasie in die programprestasie-aanwysers vir Program 2 nie.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens gedurende die verslagdoeningstydperk nie.

Skakeling van prestasie met begrotings

Subprogrambesteding vir Program 2: Kultuursake was soos volg:

Subprogram	2018/19			2017/18		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000
Bestuur	3 942	3 920	22	3 277	3 262	15
Kuns en Kultuur	34 078	34 078	-	36 867	36 794	73
Museumdienste	64 247	62 928	1 319	59 496	58 549	947
Erfenishulpbrondienste	8 660	8 567	93	7 895	7 642	253
Taaldienste	4 274	3 738	535	3 773	3 773	-
Totaal	115 201	113 231	1 969	111 308	110 020	1 288

Die besparing hou met VvW verband, hoofsaaklik weens die stadige vul van poste. As gevolg van die beperkings wat op die VvW-begroting geplaas is, kon die besparing nie in ander areas benut word nie.

4.3. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Doel

Om omvattende biblioteek- en argiefdienste in die Wes-Kaap te lewer.

Subprogramme

Subprogram 3.1: Bestuur

Om strategiese bestuur en ondersteuning aan die Biblioteekdiens, Provinsiale Argiefdiens en Direkoraat: Ondernemingsinhoudbestuur te verleen.

Subprogram 3.2: Biblioteekdiens

Om biblioteekdienste in ooreenstemming met betrokke toepaslike wetgewing en grondwetlike mandate te lewer.

Subprogram 3.3: Argiewe

Om argief- en rekordbestuursdienste te lewer ingevolge die Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005.

Om ondernemingsinhoudbestuur (OIB)/MyContent in Wes-Kaapse regeringsliggame te implementeer.

Strategiese doelwitte

- 3.1. Om biblioteekdienste aan al die inwoners van die Wes-Kaap te verskaf en dit te verbeter.
- 3.2. Om 'n behoorlike rekordbestuursdiens binne regeringsliggame te verseker.
- 3.3. Om argiefmateriaal te bewaar en toegang daartoe te verleen.
- 3.4. Om bestuur en implementering van OIB binne die Wes-Kaapse Regering te verseker.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Die program dra by tot Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 3: *Die ontwikkeling, transformasie en bevordering van volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste.*

Biblioteekdiens

Teen die einde van Maart 2018 het die Biblioteekdiens sy dekking uitgebrei vanaf 373 dienspunte na 375 dienspunte regoor die provinsie.

Die Departement het voortgegaan om voorwaardeliketoekenningsbefondsing te ontvang om gemeenskapsbiblioteke te ondersteun en om gemeenskappe in staat te stel om toegang te kry tot kennis en inligting wat hulle sosio-ekonomiese situasie kan verbeter. Befondsing is vir die volgende vier nuwe biblioteekprojekte in verskillende fases van voltooiing ontvang: Du Noon in Stad Kaapstad, Groenheuvel in die Drakenstein Munisipaliteit, Elim in Kaap Agulhas Munisipaliteit en Koekenaap in Matzikama Munisipaliteit. Die volgende twee nuwe biblioteke is voltooi: Du Noon (Stad Kaapstad) en Groendal¹ (Stellenbosch Munisipaliteit). Gedurende 2018/19 is die opgradering van die Noordhoek Biblioteek (Bergrivier Munisipaliteit) befonds en die opgradering van die Hawston Biblioteek (Overstrand Munisipaliteit) is voltooi.

Die munisipale vervangingsbefondsingsprogram het voortgegaan om finansiële ondersteuning aan die 15 kategorie B3-munisipaliteite in die Provinsie te verskaf. Dit sluit in die Beaufort-Wes, Bergrivier, Bitou, Kaap Agulhas, Cederberg, Hessequa, Kannaland, Laingsburg, Langeberg, Matzikama, Prins Albert, Swartland, Swellendam, Theewaterskloof en Witzenberg munisipaliteite. Hierdie befondsing het 'n uiters belangrike rol gespeel in die aanvul van munisipale belegging in die lewering van provinsiale biblioteekdienste in kategorie B3-munisipaliteite.

Die Metrobiblioteek-toelae is steeds aan die Stad Kaapstad verskaf.

¹ Groendal Biblioteek het nie in 2018/19 befondsing ontvang nie. Dit is voltooi met fondse wat in vorige boekjare ontvang is.

Inligting- en kommunikasietegnologie-infrastruktuur (IKT) is aan drie nuwe biblioteke verskaf (Groendal Biblioteek, Le Chasseur Biblioteek en Wakkerstroom-Wes). Dit bring die totale getal terreine wat deur middel van die Konnektiwiteitsprojek vir landelike biblioteke gekonnekteer is op 226 te staan. In die meeste kleiner gemeenskappe is die gratis internetdienste wat by die biblioteke aangebied word, die enigste internetdienste wat aan daardie gemeenskappe beskikbaar is. Die meeste van die 226 biblioteke is deel van die breëbandinisiatief van die Wes-Kaapse Regering. 44 biblioteke is deel van die Mzansi Libraries Online-projek wat in 2018/19 voltooi is.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes-projek het vyf nuwe mini-biblioteke vir blindes by die bestaande openbare biblioteke gevoeg. Gemeenskappe met gesiggestremdes word opgelei en bemagtig in die gebruik van die spesiale IT-toerusting. Die nuwe dienspunte is by die Stellenbosch-, Idasvallei-, Genadendal-, Tesselaarsdal- en Hopefield-biblioteek ingestel.

Die Biblioteekdiens is kliëntegerig en dus is die monitering en evaluering van dienste wat deur openbare biblioteke gelewer word, uiters belangrik. Altesaam 1 630 moniteringsbesoeke is onderneem (1 503 aan openbare biblioteke, *48 aan B3-munisipaliteite wat munisipale vervangingsbefondsing ontvang, en 79 aan munisipaliteite wat voorwaardelike toekenningsbefondsing ontvang), en 33 opleidingsprogramme is vir openbare bibliotekarisse aangebied en een opleidingsprogram gerig op munisipale biblioteekbestuurders, befonds deur die nasionale voorwaardelike toekenning, is aangebied.

*Hierdie moniteringsbesoeke is aan die munisipaliteite en nie aan openbare biblioteke nie.

Biblioteek Week 2019-projek

Suid-Afrikaanse Biblioteekweek is gevier, naamlik van 18 – 24 Maart 2019, onder die sambreeltema *Collaborate @ your library*. Die nasionale bekendstelling van die Suid-Afrikaanse Biblioteekweek is in Caledon, Riviersonderend en Tesselaarsdal aangebied. Die amptelike bekendstellingsdatum was 18 Maart 2019. Die bekendstelling is bygewoon deur die Minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais, en die Burgemeester van Theewaterskloof Munisipaliteit, Christelle Vosloo. Gedurende die week was daar bordspeletjies, speelgoedbiblioteekaktiwiteite, handpopvertonings, 16 mm-filmvertonings en gesigverfaktiwiteite om gaste, jonk en oud, te vermaak. Meer as 500 kinders en 200 bejaarde gaste van ouetehuse het hierdie geleentheid bygewoon.

Nasionale Boekweek 2018

Nasionale Boekweek is van 3 – 5 September 2018 gevier met die tema *#Ourstories*. Die Biblioteekdiens, in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Boekontwikkelingsraad en Witzenberg Munisipaliteit, het Nasionale Boekweek suksesvol aangebied by Op die Berg, Bella Vista en Nduli-gemeenskapsaal. Die geleentheid is op 3 September 2018 deur Minister Anroux Marais bekendgestel. Die bekendstellingsprogram het 'n aanbieding oor mondelinge geskiedenis deur Dawid Slinger en 'n rap- en briekdansuitvoering deur Heal the Hood ingesluit. Minister Anroux Marais het 'n storieboek vir die kinders voorgelees. Leerders is ook vermaak met verskynings van die Biblioteekdiens-gelukbringer, Bhuki, en die gelukbringer vir Nasionale Boekweek, Funda Bala. Programme wat gedurende die drie dae aangebied is, het ingesluit: aktiwiteite met speelgoedbiblioteke, Wordathon-kaartspeletjie, storievertellings, handwerksessies, filmvertonings, gesigverf en Mobisite-werkswinkels vir leerders.

Provinsiale Argiefdiens

Gedurende die afgelope jaar is daar voortgegaan om regoor die provinsie opnames te maak van mondelinge geskiedenis Hierdie onderhoude, met 'n deursnee van mense, teken onvertelde geskiedenis aan wat gemeenskappe oor tyd gevorm het. Dit is vir toekomstige navorsing by die Provinsiale Argief en sommige gemeenskapsbiblioteke en museums beskikbaar.

Gemeenskappe van die Wes-Kaap het gebaat by die Argiefuitreikprogram wat bewusmaking geskep het rakende die gebruik van argiewe in hul studies en daaglikse lewens. Altesaam 8 896 navorsers het die Argief besoek. Altesaam 35 513 rekords is geraadpleeg, en 6 070 navrae is verwerk. Om te verseker dat argiefmateriaal in 'n goeie toestand bewaar en daartoe toegang verkry word, is 563 argiefstukke gerestoureer en 236.30 lineêre meter van rekords gerangskik en beskryf. Altesaam ses voorraadlyste is bygewerk om makliker toegang tot argiefmateriaal te fasiliteer.

Goeie rekordbestuur in regeringsliggame is belangrik vir goeie bestuursoorsig en verantwoordbaarheid. Om goeie, bekwame, verantwoordingspligtige regeringspraktyke te bevorder, is 31 rekordbestuursoudits uitgevoer, en 262 rekordbestuurspersoneellede van 56 regeringsliggame in die Wes-Kaap het opleiding in huidige rekordbestuurspraktyke ontvang.

Die strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word aangebied in die tabelle wat volg.

Aanwysers vir strategiese doelwitte

PROGRAM 3: BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE						
No.	Aanwysers vir strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
3.2.1	Getal biblioteekdienspunte verskaf aan inwoners van die Wes-Kaap	373	377	375	-2	Die oprigting van nuwe biblioteke is projekte wat oor meer as een jaar strek en die presiese voltooiingsdatum kan nie altyd vooraf akkuraat bepaal word nie. Die Du Noon-biblioteek is teen 31 Maart 2019 voltooi, maar was nog nie in bedryf nie. Die openingsgeleentheid, wat die prerogatief van die Munisipaliteit is, is in April 2019 gehou. Die Koekenaap Biblioteek het in 2018/19 befondsing vir voltooiing ontvang, maar die Munisipaliteit sal die Biblioteek eers in die nuwe boekjaar open.
3.3.1	Getal toesigdienste gelewer aan regeringsliggame	183	91	193	+102	Hierdie dienste word gelewer op aanvraag deur regeringsliggame en kan nie voorspel word nie.
3.3.2	Getal bewarings- en toeganklikheidsaktiwiteite uitgevoer	782.35	796	805.30	+9.30	Argiefgroepe (versamelings argiefrekords) verskil in grootte; die voorspelde totaal kan dus varieer.
3.3.3	Getal departemente waar OIB geïmplementeer is	2	2	2	-	-

Nota:

3.2.1 Bestaan uit die getal biblioteekdienspunte (Prestasie-aanwyser 3.2.8).

3.3.1 Bestaan uit die volgende soorte aktiwiteite: Rekordklassifikasiesistels geëvalueer en/of goedgekeur, inspeksies onderneem en magtigings vir vervreemding uitgereik (Prestasie-aanwysers 3.3.11, 3.3.12, 3.3.13).

3.3.2 Bestaan uit die volgende soorte aktiwiteite: Argiefmateriaal herstel, lineêre meter gerangskik en voorraadlyste voltooi en bygewerk (Prestasie-aanwysers 3.3.6, 3.3.9, 3.3.14).

3.3.3 Bestaan uit getal departemente wat gefokusde OIB-ondersteuning ontvang (Prestasie-aanwyser 3.3.10).

Prestasie-aanwysers

PROGRAM 3: BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
Subprogram 3.2: Biblioteekdienste								
Nasionale aanwysers								
3.2.1	Getal nuwe biblioteke gebou	-	5	2	2	2	-	-
3.2.2	Getal bestaande fasiliteite opgegradeer vir openbare biblioteekdoeleinde	-	3	1	0	1	+1	Daar was 'n projekvertraging met die Hawston Biblioteek gedurende die 2017/18-boekjaar en 'n oordrag is goedgekeur. Die projek is toe in 2018/19 voltooi.
3.2.3	Hoeveelheid biblioteekvoorraad aangekoop	199 787	4 318*	4 181	3 000	4 003	+1 003	Oorprestasie hoofsaaklik weens 1) fluktuierende wisselkoers en prys maak dit moeilik om die getal titels te voorspel en 2) herprioritisering van fondse in die ondersteuning van versamelingontwikkeling.
Provinsiale aanwysers								
3.2.4	Getal moniteringsbesoeke gedoen	1 516	1 525	1 536	1 498	1 503	+5	Addisionele besoeke versoek deur biblioteekdienspunte.
3.2.5	Getal promosieprojekte aangebied	14	11	12	11	11	-	-
3.2.6	Getal opleidingsprogramme aangebied vir personeel van openbare biblioteke	27	31	31	28	33	+5	Addisionele werkswinkels vir personeel van openbare biblioteke is aangebied in Eden, Sentraal-Karoo, sowel as in die Metro. Die Mzansi-projek van die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur

PROGRAM 3: BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
								het ook gratis opleidingsprogramme befonds.
3.2.7	Getal biblioteke met openbare internettoegang	215	220	223	226	226	-	-
3.2.8	Getal biblioteekdienspunte	365	370	373	377	375	-2	Die oprigting van nuwe biblioteke is projekte wat oor meer as een jaar strek en die presiese voltooiingsdatum kan nie altyd vooraf akkuraat bepaal word nie. Die Du Noon-biblioteek is teen 31 Maart 2019 voltooi, maar was nog nie in bedryf nie. Die openingsgeleentheid, wat die prerogatief van die Munisipaliteit is, is in April 2019 gehou. Die Koekenaap Biblioteek het in 2018/19 befondsing vir voltooiing ontvang, maar die Munisipaliteit sal die Biblioteek eers teen die einde van die volgende boekjaar open.
3.2.9	Getal B3-munisipaliteite wat vervangingsbefondsingoor dragbetalings ontvang vir personeel, bedryfs- en/ of kapitaalbesteding betreffende biblioteke	15	15	15	15	15	-	-
3.2.10	Getal munisipaliteite wat oordragbetalings van die	1	1	1	1	1	-	-

PROGRAM 3: BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
	Metro Biblioteek-toekenning ontvang vir die opgradering en instandhouding van biblioteke							
3.2.11	Getal poste vir biblioteekpersoneel befonds deur vervangingsbefondsing	215	234	239	240	252	+12	Meer personeel aangestel volgens munisipale behoeftes, byvoorbeeld waar nuwe biblioteke geopen is.
3.2.12	Getal moniteringsbesoeke aan B3-munisipaliteite**	48	50	48	48	48	-	-
Subprogram 3.3: Argiefdienste								
Nasionale aanwysers								
3.3.1	Getal gemeenskapsuitreikprogramme aangebied in biblioteke, museums en argiewe	-	31	26	27	30	+3	Drie addisionele uitreikprogramme is op versoek van skole verskaf.
3.3.2	Getal projekte oor mondelinge geskiedenis onderneem	-	4	5	4	4	-	-
Provinsiale aanwysers								
3.3.3	Getal rekordbestuurders opgelei	290	258	216	155	262	+107	Addisionele kursusse is op versoek van regeringsliggame aangebied weens die hoë vraag na voldoening met betrekking tot rekordbestuurspraktyke.

PROGRAM 3: BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
3.3.4	Getal navrae verwerk	3 595	7 005	6 094	2 224	6 070	+3 846	Navrae wat in die leeskamer ontvang word, kan nie akkuraat voorspel word nie.
3.3.5	Getal besoeke aan die Argiewe deur navorsers	10 731	9 278	8 931	8 600	8 896	+296	Besoeke deur navorsers aan die leeskamer is vraaggedrewe, wat dit moeilik maak om akkuraat te voorspel. Die prestasie is in lyn met die tendens die afgelope drie boekjare.
3.3.6	Getal argivalia (dokumente) herstel	622	530	550	560	563	+3	Drie addisionele boeke is op versoek gerestoureer.
3.3.7	Getal lineêre meter van oordragte van regeringsliggame ontvang***	971	266.50	273.60	270	278.30	+8.30	Argiefgroepe (versamelings argiefrekords) verskil in grootte; die geprojekteerde totaal kan dus wissel.
3.3.8	Getal rekords deur navorsers geraadpleeg	52 733	44 767	50 308	47 500	35 513	-11 987	Die volume rekords wat deur navorsers in die leeskamer geraadpleeg word, kan nie akkuraat voorspel word nie. Dit is bemoeilik deur die feit dat Argiefdienste meer as een verdieping in 'n gebou beslaan en vir driekwart van die jaar het die hysers net af en toe gewerk.
3.3.9	Getal lineêre meter gerangskik	222	216	227.35	230	236.30	+6.30	Groepe argivalia (versamelings argiefrekords) verskil in grootte; die voorspelde totaal kan dus wissel.

PROGRAM 3: BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE

No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
3.3.10	Getal departemente wat gefokusde OIB-ondersteuning ontvang	-	-	2	2	2	-	-
3.3.11	Getal rekordklassifikasie-stelsels geëvalueer en/of goedgekeur	70	135	130	44	140	+96	Die versoeke vir rekordklassifikasies om geëvalueer en/of goedgekeur te word, word van regeringsliggame ontvang en kan nie akkuraat voorspel word nie.
3.3.12	Getal inspeksies uitgevoer	29	34	35	29	31	+2	Addisionele inspeksies is op versoek van kliëntekantore gedoen weens hulle behoefte aan voldoening aan die voorskrifte van die Provinsiale Argiefwet.
3.3.13	Getal magtigings vir vervreemding uitgereik	16	18	18	18	22	+4	Addisionele versoeke is ontvang.
3.3.14	Getal inventarisse opgestel en bygewerk	-	5	5	6	6	-	-

*Die tel van getal kopieë het in 2016/17 na getal titels verander.

**Moniteringsbesoeke aan munisipaliteite is deur die komponent vir munisipale steundienste onderneem vir montering en kapasiteitsbou.

*** Meting in lineêre meter is h argiefstandaard.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Die Departement sal voortgaan om die infrastruktuurprojekte wat deur munisipaliteite geïmplementeer word, streng te monitor. Die bou van nuwe biblioteke strek oor meer as een jaar en die presiese voltooiingsdatum kan nie altyd akkuraat vooraf bepaal word nie. Die Du Noon Biblioteek is teen 31 Maart 2019 voltooi, maar nog nie in bedryf gestel nie. Die opening, wat die prerogatief van die munisipaliteit is, is in April 2019 aangebied. Die Koekenaap Biblioteek het in 2018/19 befondsing vir voltooiing ontvang, maar die Munisipaliteit sal die biblioteek eers in die volgende boekjaar open.

Die Departement sal voortgaan om die bewakers van regeringsinfrastruktuur te betrek om die hysers op te gradeer aangesien werkende hysers toegang tot argiefrekords sal verbeter.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens gedurende die verslagdoeningstydperk nie.

Skakeling van prestasie met begrotings

Subprogrambesteding vir Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste was soos volg:

Subprogram	2018/19			2017/18		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/onder-besteding R'000
Bestuur	6 619	6 424	195	6 415	6 415	-
Biblioteekdiens	347 867	346 403	1 464	335 903	333 947	1 956
Argiefdienste	18 422	18 397	25	26 268	23 995	2 273
Totaal	372 908	371 224	1 684	368 586	364 357	4 229

Die afwyking hou verband met 1) VvW, hoofsaaklik weens die stadige vul van poste en 2) Kapitaalbesteding weens die aankoop van IT-toerusting (R769,834) wat nie teen 31 Maart 2019 gelewer kon word nie. 'n Versoek om die fondse na 2019/20 oor te dra, is by die Provinsiale Tesourie ingedien.

4.4. Program 4: Sport en Ontspanning

Doel

Om sport- en ontspanningsaktiwiteite aan die inwoners van die Wes-Kaap te voorsien.

Subprogramme

Subprogram 4.1: Bestuur

Om strategiese steun aan die sport- en ontspanningskomponent te voorsien.

Subprogram 4.2: Sport

Om sport te bevorder ten einde tot die versoening en ontwikkeling van die Wes-Kaapse gemeenskap by te dra deur die verskaffing van billike, toeganklike en bekostigbare sportfasiliteite, -programme en -dienste.

Subprogram 4.3: Ontspanning

Om ontspanningsaktiwiteite te bevorder deur middel van volhoubare programme; om bystand te verleen aan ontspanningstrukture vir spesifieke ontwikkelingsdoeleindes; en om ontspanning te gebruik om 'n aktiewe en gesonde leefstyl te bevorder en aan te moedig.

Subprogram 4.4: Skolesport

Om skoolsport te bevorder deur hulpverlening met strukture, kompetisies, talentidentifisering, ontwikkeling, asook spesifieke en volgende-vlak-aktiwiteite.

Subprogram 4.5: MGO-program

Om skoolgaande leerders te voorsien van 'n gestruktureerde en beplande, daaglikse, naskoolse ontspanningsprogram, insluitend die verskaffing van prettige speel- en aangepaste geleenthede en aktiwiteite.

Strategiese doelwitte

- 4.1. Om ontwikkelingsteun vir sport en ontspanning te verskaf.
- 4.2. Om gespesialiseerde dienste vir sport en ontspanning te lewer.
- 4.3. Om kliënte- en wetenskaplike steun vir sport en ontspanning te verskaf.
- 4.4. Om ontspanningsaktiwiteite te bevorder.
- 4.5. Om toegang tot geleenthede in sport vir alle skole en hul leerders te skep.
- 4.6. Om 'n instaatstellende omgewing vir massadeelname te skep deur skoolgaande jeug van toegang tot naskoolse aktiwiteite te voorsien.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Die Program dra by tot Strategiese Uitkomstgerigte Doelwit 4: *Om maatskaplik inklusiewe sport- en ontspanningstrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en te ondersteun.*

SPORT

Klubontwikkeling

Gedurende 2018/19 is 180 klubs met affiliasie-/registrasiegelde, kapasiteitsboukursusse en toerusting en/of uniforms ondersteun, om aan ligageleenthede deel te neem. Dit sluit die Program vir Landelike Sport in waar 82 landelike klubs ondersteun is.

Skakeling met federasies

Die Departement het 132 federasies in die ses distrikte befonds, naamlik Sentraal-Karoo, Eden, Overberg, Kaapse Wynlande, Weskus en Kaapse Metropool. Die befonding het

gehelp met administrasie, ontwikkeling, kapasiteitsbou en transformasieprojekte in federasies, en om te verseker dat spanne nasionale byeenkomste kon bywoon.

Sportrade/Konfederasie

Die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie (WKPSK) is die sambreelliggaam vir amateursport in die provinsie. Die konfederasie bestaan uit ses distriksportrade en ontvang sy mandaat van die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK). Die WKPSK werk nou saam met die Departement en het ten doel om die nasionale doelwitte van SASKOK op provinsiale vlak uit te voer. Die distriksportrade staan onder toesig van die konfederasie om te verseker dat sport- en ontspanningsdoelwitte in elke distrik bereik word. Die rol van die WKPSK en sy distriksportrade sluit die volgende in: koördinerende van sportontwikkeling regoor alle sportkodes in die provinsie, versekering dat goeie bestuursoorsig beoefen word, hulpverlening aan federasies met hoëprestasieprogramme soos talentidentifisering en massadeelname, versekering dat goeie finansiële en bestuurspraktyke gevolg word, bestuur en beheer van affiliasie van sportfederasies, en versekering dat regeringsprioriteite en -beleide soos uiteengesit wel uitgevoer en geïmplementeer word.

Driesydige proses

'n Driesydige proses word elke jaar onderneem met alle federasies wat befondsing van die Departement ontvang het. Die proses het in Januarie en Februarie 2019 plaasgevind. In elke distrik het die Departement, die betrokke distriksraad en sportfederasie byeengekom om verantwoording te doen vir fondse wat ontvang is en hoe dit aangewend word. Wanneer dit afgehandel is, vind 'n beoordelingsproses in vennootskap met die burgerlike samelewing plaas om sportfederasies in die provinsie te befonds.

Sportlegendes

Die legende-program is in 2005 in die lewende groep met die doel om erkenning te gee aan sportlegendes van die Wes-Kaap wat groot bydraes tot die ontwikkeling van sport in Suid-Afrika en die Wes-Kaap gelewer het. Die Departement het op 13 Desember 2018, in vennootskap met sportrade, federasies en die keurkomitee, 30 sportlegendes in verskillende sportkodes vereer.

Vrouens en meisies

Ingevolge die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) van Suid-Afrika word spesiale klem geplaas op die insluiting, bemagtiging en bevordering van die regering se prioriteitsgroepe, naamlik die jeug, bejaardes, vroue en meisies, landelike gemeenskappe en persone met gestremdhede. Die Departement werk elke jaar nou saam met die WKPSK, distriksportrade, federasies en die Vroue- en Meisiekommissie om te verseker dat programme spesifiek gemik op die bemagtiging van vroue en meisies geïmplementeer word. Die Departement het vir die oorsigjaar ses programme vir vroue en meisies ondersteun. Die hoogtepunt was die Vrouerugbytoernooi wat in vennootskap met SARU gefasiliteer is.

Gestremdheid

Die beheerliggaam vir die gestremdheidsektor in sport is Sport vir Gestremdes Wes-Kaap (DISWEC). As 'n prioriteit vir die regering bied die Departement via DISWEC ondersteuning vir sportlui met gestremdhede. In 2018/19 het die Departement atlete met gestremdhede bygestaan om voor te berei vir provinsiale kampioenskappe. Die Departement sal voortgaan

om DISWEC te ondersteun om te verseker dat persone met gestremdhede in die sportsektor billik en gelyk behandel word. Die Departement het hierbenewens ook gehelp om die Internasionale Dag vir Gestremdes, wat op 3 Desember 2018 in Swellendam aangebied is, te fasiliteer.

Belangrike geleenthede

Gedurende 2018/19 is 74 belangrike byeenkomste in die Wes-Kaap aangebied, insluitend die Kaapstad Fietswedren, ABSA Epic, Nelson Mandela Freedom Race en die Kaapstad Marathon. Hierdie belangrike byeenkomste het bygedra tot sporttoerisme in die Wes-Kaap, wat weer tot die maatskaplike en ekonomiese welstand van die provinsie bydra.

Beter Tesame Spele

Die Beter Tesame Spele (BTS) word jaarliks aangebied. Gedurende die oorsigjaar het die Departement, in samewerking met die burgerlike samelewing, die BTS gereël wat in September en Oktober 2018 in die volgende distrikte aangebied is: Sentraal-Karoo, Eden, Kaapse Wynland, Overberg, Weskus en Metro-distrik.

Sporttoekennings

Die Sporttoekennings word jaarliks aangebied, en in 2018/19 het die Departement, in samewerking met die ses distriksportrade, die Sporttoekennings in die verskillende distrikte aangebied. Die Distriksporttoekennings het erkenning gegee aan atlete vir hulle uitmuntende prestasies regdeur die jaar. Die Provinsiale Sporttoekenningsgeleentheid het op 25 Augustus 2018 plaasgevind. Die wenner was:

- Vrywilliger van die jaar – Wilfred van Niekerk (Sentraal-Karoo Atletiek)
- Gemeenskapsbouer van die jaar – Willem Esbach (Sentraal-Karoo)
- Ontspanningsliggaam van die jaar – Witzenberg Sport- en Ontspanningsliggaam (Kaapse Wynland)
- Inheemse Spele-span van die jaar – Kaapse Wynland Drie Stokkies (Kaapse Wynland Drie Stokkies)
- Skoolspan van die jaar – Oakdale 560 kg-toutrek (Eden Toutrek)
- Ontwikkelende skoolspan van die jaar – Swartberg Hoërskool, seuns o/15-vlugsbalspan (Sentraal-Karoo Vlugbal)
- Skoolsportvrou van die jaar – Jacqueline Strydom (Eden Skopboks)
- Skoolsportman van die jaar – Antonia Farmer (Eden Atletiek)
- Naskoolse sportfrigter – toekenning vir uitnemendheid – Grace Mapfuma (CoolPlay)
- Joernalis van die jaar – Mark Ward (provinsiaal)
- Fotograaf van die jaar – Deidre Cloete (Eden)
- Nuweling van die jaar – Anda Mbonjeni (Kaapse Wynland Judo)
- Afrigter van die jaar – Claudio Miller (Eden Lewensredding)
- Administrateur van die jaar – Trevor Davis (Eden Rolbal)
- Federasie van die jaar – Westelike Provinsie Rugbyvoetbalunie (WP Rugby)
- Span van die jaar – Westelike Provinsie Vrouekrieketspan (WP Krieket)
- Erkenning vir tegniese uitnemendheid – Aimee Barrett-Theron (WP Rugby)
- Junior sportvrou van die jaar – Meghan Ann Pead (WP Gimnastiek)
- Junior sportman van die jaar – Salmaan Moerat (WP Rugby)
- Sportvrou met 'n gestremdheid – Nosipho Princess Schroeder (WP Rolbal)
- Sportman met 'n gestremdheid – Jonathan Ntutu (WP Atletiek)

- Sportvrou van die jaar – Elma Davis (Eden Rolbal)
- Sportman van die jaar – Chad le Clos (WP Watersport)

Fasiliteite

Om seker te maak dat Suid-Afrikaanse Sport en Ontspanning deur toereikende en goed instandgehoue fasiliteite ondersteun word, het DKES vyf munisipaliteite bygestaan, naamlik: Kaap Agulhas, Drakenstein, George, Laingsburg en Saldanhabaai, met 'n bydrae tot die boor van 'n boorgat, die aankoop van 'n pomp en JOJO-tenks vir droogteverligting en om seker te maak dat noodsaaklike sportgronde nie benadeel word nie.

Om by te dra tot die fietsry-ekonomie van die Wes-Kaap, het DKES befondsing toegeken vir die vestiging van BMX-bane in die Drakenstein, George en Saldanhabaai Munisipaliteite onderskeidelik.

'n Bydrae tot die opgradering van die Greyton tennisbaan is aan Theewaterskloof Munisipaliteit toegeken. Na deeglike oorlegpleging is daar ooreengekom om die tennisbaan te omskep in 'n kombinasie van netbal- en tennisbane, wat goed is vir die ontwikkeling van die twee kodes in die Overberg Distrik.

Witzenberg Munisipaliteit het voordeel getrek uit 'n toekenning vir die opgradering van die sitplekke by die Bella Vista Sportterrein in Ceres. Dit sal verhoed dat massas mense by die doellyn saamdrom en toeskouers die geleentheid gee om die wedstryd gemaklik dop te hou. Dit sal sodoende die beweging van toeskouers om die speelveld beheer.

Akademies

Die Departement is verantwoordelik vir die Akademies in die volgende areas: Eden Distrik (Oudtshoorn), Sentraal-Karoo (Beaufort-Wes), Weskus (Saldanhabaai), Kaapse Wynlande (Paarl), Overberg (Bredasdorp) en die Kaapse Metro. Hierdie distriksportakademies word deur die Wes-Kaapse Sportakademie (WEKSA) gesteun deur die ondersteuning aan atlete van sportfederasies in die provinsie. Die dienste wat in hierdie tydperk gelewer is, sluit in mediese en wetenskaplike ondersteuning, lewensvaardighede, seminare teen die neem van middels, afrigting, oefenkampe, en voeding. Ondersteuning word ook voorsien aan toppresterende atlete in die Provinsie, met inbegrip van provinsiale spanne. Die Southern Stings-span is deur die WEKSA-atleetondersteuningsprogram voorberei en afgerig en die spanne het in die finale van die Nasionale Netballiga verloor.

ONTSPANNING

Ses suksesvolle Inheemse Spele-distrikseleenthede is aangebied, wat tot 'n interprovinsiale toernooi aanleiding gegee het. Talentidentifisering en die kies van 'n Wes-Kaapse provinsiale span het tydens hierdie provinsiale toernooi plaasgevind en die span het deelgeneem aan die Nasionale Inheemse Spele in Limpopo. Die span het 'n algehele vierde plek behaal, met 'n totaal van agt medaljes by die Nasionale Spele (twee goud, drie silwer en drie brons). Die deurlopende ondersteuning wat deur party plaaslike munisipaliteite in die Distrikte verskaf is, het gehelp met die bevordering van doeltreffende en doelmatige programme in die gemeenskappe. Elkeen van die provinsiale Inheemse Spele-kodestrukture het hulle jaarvergaderings soos voorgeskryf deur die grondwet gedurende Februarie 2019 gehou. Hulle program van aksie vir die 2019-spele is ook tydens die vergaderings bespreek.

Die Departement, in samewerking met die Wes-Kaapse Forum vir Ouer Persone en die plaaslike munisipaliteite, het aan senior burgers die geleentheid gebied om aan die Goue Spele by ontspanningsentrums deel te neem. Hierdie senior burgers het ook deelgeneem aan die ses distriksgebaseerde Goue Spele Feeste wat deur die Provinsie aangebied is. Hierdie spele het aan senior burgers ruimte gebied om sosiaal te verkeer en aan aktiewe ontspanningsaktiwiteite deel te neem. Vennootskappe met die munisipaliteite speel 'n deurslaggewende rol om ontspanningsaktiwiteite vir senior burgers moontlik te maak.

Die Provinsiale/Nasionale Jeugkamp het gefokus op leerders wat uit graad 9, 10 en 11 gekies is. Hierdie nuwe benadering het inter- en intra-regeringsbetrekkinge tussen die sport- en onderwysdepartemente bevorder. In die Wes-Kaap is leerders uit 30 skole regoor ses munisipale distrikte genomineer. Die leerders moes 'n slaagpunt van 70 persent kry om te kwalifiseer vir deelname aan die Nasionale Jeugkamp, wat in Desember 2018 by die Waterval-oord in Tulbagh aangebied is. Die vennootskap tussen die DKES, SOSA, WKOD en LoveLife het aan jongmense die geleentheid gebied om deel te neem en waardevolle lewensvaardighede aan te leer, wat die leerders ook verder help om produktiewe en aktiewe lede van die gemeenskap te word.

Nasionale Ontspanningsdag is gedurende die eerste naweek van Oktober 2018 aangebied om 'n aktiewe en gesonde leefstyl te bevorder, asook deelname aan ontspanningsaktiwiteite met die doel om gesins- en gemeenskapslede te verenig. Die geleentheid is in die Kaapse Metropool Distrik by Lentegeursportrein, Mitchell's Plain, aangebied. Ses distrikte het in erkenning van die Nasionale Big Walk-dag geleenthede in die distrikte aangebied. Elkeen van die distrikte het met 'n atletiekklub uit die plaaslike omgewing en/of die plaaslike munisipaliteit saamgewerk. Intra- en interregeringsbetrekkinge by hierdie Big Walks is weereens bevorder. Die hoof- Big Walk-byeenkoms is in die Kaapstadse Metropool aangebied. Hier het die Departement met die Khayelitsha Atletiekklub en Westelike Provinsie Atletiekfederasie saamgewerk. Die geleentheid het by die Khayelitsha Stadion in Khayelitsha plaasgevind. Drie kategorieë was vir deelnemers beskikbaar, naamlik die 5 km-pretloop, die 7 km-pretloop en die 9 km-pretloop.

SKOOLSPORT

Die Wes-Kaapse provinsiale span het in 2018 die derde plek by die Suid-Afrikaanse Nasionale Skolekampioenskap (SANSK) se Somerspele behaal. Hier het die span van die Wes-Kaap 12 goue medaljes, 30 silwermedaljes en 42 bronsmedaljes verwerf. Daar was geen Winterspele nie. By die Suid-Afrikaanse Inheemse Spele-kampioenskappe vir Skole het die Wes-Kaap silwermedaljes verower in Morabaraba, en bronsmedaljes in Kgati en Kho-Kho. Jukskei het die 6de plek behaal.

Talle ander atlete is steeds verder ontwikkel deur die skoolsportprogram in die Provinsie. In hokkie het Ikhwezi leSizwe Primêre Skool (Khayelitsha), wat voorheen die SANSK vir drie agtereenvolgende jare gewen het, steeds goed gepresteer in die kode. Talle van die spelers het ingeskakel by die plaaslike gemeenskapsklub, Khayelitsha Hokkieklub, en speel nou in die federasieliga. Dit is 'n voorbeeld van die pad wat vir talentvolle skoolgaande atlete geskep word om bloot gestel te word aan wedstryde op klub- en federasievlak om hulle sodoende bloot te stel aan verdere geleenthede vir talentidentifisering. Dit kan weer lei tot meer geleenthede om aan aktiwiteite op 'n volgende vlak deel te neem. Om te begin, is dieselfde geleenthede in die ander skoolsport-prioriteitskodes geskep met klem op atletiek, bofbal,

basketbal, tafeltennis, sagtebal en vlugbal. Hierdie geleenthede word aangedryf deur elk van die hoëprestasiesentrums wat in 2018/19 deur die onderskeie federasies gestig is.

In watersport het die Departement weer met die Stad Kaapstad onderhandel om die toegangsgeld by die Blue Downs-swembad vir die leerders van ons MGO-sentrums en buurskole op te hef. 'n Soortgelyke reëling geld ook by die Strand-swembad. Meer nuwe afrigters en assistentafrigters het 'n "Leer om te swem"-kursus bygewoon.

In die sagtebalkode het Hoërskool Lavender Hill, Laerskool Hillwood en Laerskool Levana (almal MGO-sentrums) en omliggende buurskoolsentrums, byvoorbeeld Prince George Laerskool en Zerilda Park Laerskool, bygedra tot die sukses van die Lavender Hill Sagtebalklub (LHSC), wat deur die Departement geïnisieer is. Die klub, wat die eerste klub was wat deur die MGO-sentrum en sy buurskole se Klubskeppingsinisiatief gevestig is, het jaar tot jaar gevorder tot waar hulle nou in die Superliga, die hoogste afdeling van die Kaapstad Sagtebalvereniging, deelneem. Die volgende is gedurende die 2018/19-seisoen bereik:

- Vyf van die span se nege atlete en een van die span se twee afrigters is gekies vir die Wes-Kaapse Sagtebalvereniging se Senior Vrouespan wat aan die Sagtebal Suid-Afrika 2018/19 Nasionale Provinsiale Kampioenskap deelgeneem het;
- Drie van die span se nege atlete en een van die span se twee afrigters is gekies vir die Sagtebal Suid-Afrika-span (SSA) o/19 wat aan die Sagtebal Suid-Afrika 2018/19 Nasionale Provinsiale Kampioenskap deelgeneem het. Hierbenewens sal hierdie atlete wat vir SSA gekies is en 'n addisionele LHSC-speler wat by die genoemde nasionale provinsiale kampioenskap gekies is, ook die SSA 0/19-span by die Junior Wêreldbekerbyeenkoms vir Vroue in die VSA verteenwoordig;
- Twee van die bogenoemde atlete, sowel as 'n derde atleet uit ons stelsel, is gekies om die SSA Senior Vrouespan by die Senior Wêreldbeker vir Vroue te verteenwoordig; en
- Twee atlete uit ons stelsels en uit LHSC het by die Universiteit van die Wes-Kaap geregistreer as deel van die pad wat ons geskep het vir die holistiese ontwikkeling van diegene wat deel is van ons stelsel.

'n Aantal van hierdie atlete is uitstekende voorbeelde van hoe gereelde en deurlopende bywoning by 'n MGO-sentrum of 'n buurskoolsentrum en 'n toepaslike buurtklub kan lei tot 'n hoër vlak van prestasie en sukses. Die meeste van hulle het by die Hillwood Laerskool se MGO-sentrum begin sagtebal speel en toe voort gegaan met deelname nadat hulle na Lavender Hill Hoërskool se MGO-sentrum begin gaan het. Hul het ook deel gevorm van die LHSC terwyl hulle nog op laerskool was.

Verder het Skoolsport, deur sy Buurskoolprogram-inisiatief, in samewerking met die MGO-program, 104 nuwe klubs regdeur die Provinsie geskep en gevestig, soos in die geval van die Lavender Hill Sagtebalklub. Dit sal verder hulp verleen met die skep van meer toegang tot geleenthede vir skoolgaande atlete om aan federasieligas deel te neem. Dit is ook veral vir die 16 prioriteitskodes belangrik.

Deur die Buurskoolprogram-inisiatief het die Departement, in vennootskap met die provinsiale sportfederasiestrukture, verskeie talentidentifiseringsgeleenthede vir skoolgaande atlete met potensiaal aangebied. Dit het vir hulle die geleentheid geskep om aan aktiwiteite op 'n volgende vlak deel te neem terwyl dit ook gehelp het om die ideaal van 'n "wen-nasie" te verwesenlik. Die vestiging van die sewe federasiegebaseerde hoëprestasiesentrums het

bystand verleen en hierdie proses ondersteun en 'n belangrike rol gespeel het in die sukses wat behaal is.

MGO-PROGRAMME

Die MGO-program is 'n naskoolse, massadeelnameprogram wat skoolgaande kinders op 'n daaglikse grondslag toegang bied tot verskeie prettige ontspanningsgebaseerde sport-, kuns- en kultuuraktiwiteite.

Alhoewel die daarstelling van 'n bemagtigende omgewing binne MGO-sentrums as 'n deurlopende proses beskryf kan word, is verskeie strategieë ontwikkel om gereelde en konsekwente deelname aan naskoolse aktiwiteite te bevorder.

Die MGO-program bevorder 'n filosofie en ingesteldheid wat 'n gesonde leefstyl, lewenslange oefening en lewenslange leer bevorder. Dit fokus ook op die sielkundige, fisiologiese en geestelike ontwikkeling en welstand van deelnemers en gemeenskappe waarin die MGO-sentrums funksioneer. Die program verskaf ook werksgeleenthede. Hierbenewens het afrigters ook die ontwikkelingsaktiwiteite verbeter om die gehalte van programme tot voordeel van die gemeenskap te verbeter.

Hierdie program word regoor die Wes-Kaap by MGO-sentrums aangebied, wat óf by 'n laerskool óf by 'n hoërskool gebaseer is. MGO-sentrums by laerskole dien oor die algemeen as toevoerkanaal vir naasliggende MGO-sentrums by hoërskole. Op hierdie manier word die leerder die geleentheid gebied om vir 'n uitgebreide periode voortdurende toegang en blootstelling te hê aan geleenthede wat deur die MGO-program aangebied word.

MGO-sentrums is grotendeels in histories benadeelde gebiede geleë. Dit is die algemene konteks waarin die meeste, indien nie alle, MGO-sentrums gesetel is, waar relatief swak fasiliteite, hulpbronne en sekuriteit die orde van die dag is. Ten spyte van hierdie nadele en omstandighede toon 'n aantal deelnemers vaardighede en talente en die potensiaal vir verdere ontwikkeling deur positiewe menslike elemente soos vasberadenheid, passie en verbintenis. Die deelnemers wat die genoemde potensiaal vir verdere ontwikkeling toon, het deur middel van verskeie prosesse van talentidentifisering en -ontwikkeling die geleentheid om hul vaardighede en talente na 'n hoër vlak te neem.

Die MGO-program het gedurende 2018/19 ook die volgende bereik:

- 'n Toename in die getal leerders en afrigters wat uit die program kom en hulle distrikte, provinsie en land in verskillende sportkodes verteenwoordig;
- Net so het leerders en afrigters die geleentheid gekry om hul kuns- en kultuurtalente suksesvol te vertoon op verskillende platforms;
- Verskeie leerders en afrigters is gekies vir verskeie verteenwoordigende spanne, bv. distrikspanne, provinsiale spanne en nasionale spanne; en
- Verskeie MGO-sentrums het toekennings ontvang in sportgebaseerde, kunsgebaseerde en/of kulturgebaseerde aktiwiteite op verskillende vlakke, byvoorbeeld distriks-, provinsiale en nasionale vlak.

Voorwaardelike toekenning vir UOWP

Die Departement ontvang ook UOWP-fondse via die Maatskaplike Sektor UOWP-aansporingstoelae vir indiensneming binne sy Direktoraat: Sportontwikkeling se programme. Die UOWP-aansporingstoelaetoekenning word bepaal volgens die prestasiepunt van die Departement in die vorige boekjaar. Die aansporing is 'n bykomende begrotingstoewysing bo en behalwe die basislyn wat aan die Departement toegewys is.

NASKOOLSE SPELWISSELAAR

Die Naskoolse Spelwisselaar het 'n nuwe veld van werk geskep, naamlik uitgebreide onderrig. Dit sluit in die implementering van verskeie programme om die sektor te professionaliseer en te ontwikkel.

Die Departement het saam met alle belanghebbers gewerk om 'n instaatstellende omgewing te skep om die groei van die naskoolse beweging te ondersteun. Dit sluit in:

- die ontwikkeling van toekennings om erkenning te verleen aan leierskap, sportafrigting, kunsaffrigting, en dienslewering deur NRO's in die sektor
- vennootskappe met die Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys om die sektor se bewysbasis te ontwikkel en om navorsing oor die sektor te bevorder
- die mobilisering van alle belanghebbers om die veiligheid van programme te verbeter
- kartering van die sektor en die invoeg van inligting op Educollaborate met meer as 300 NRO-aanbiedings en alle regeringsaanbiedings in die Wes-Kaap
- ontwikkeling van kommunikasiekollateraal om bewustheid te skep en programme te ondersteun

Gedurende die oorsigjaar het die program ook daarop gefokus om programme van hoë gehalte te verseker deur:

- die ontwikkeling van audit- en waarnemingsinstrumente
- die verbetering van dataversameling en -ontleding
- die doen van navorsing oor wat leerders wil hê en die verskillende behoeftes van verskillende groepe leerders
- die vorming van 'n vennootskap met CHEC vir deurlopende navorsing oor die sektor
- fokus op pilaarspesifieke intervensies om die gehalte van programme te verbeter, byvoorbeeld ons kunskapasiteitsbou, mentorskappe en die vertoon van programme
- die bou van kapasiteit in die sektor

Die kapasiteitsbouwerk sluit die ontwikkeling van 'n gehalteversekeringsraamwerk, opleiding van meestersopleiers en die aanbied van basiese inleidende kursusse vir 'n deeltydse jaarlange program in. Al hierdie kursusse vorm deel van die bewys wat gebruik word om steun te werf vir 'n nuwe kwalifikasie in uitgebreide opvoeding. Gedurende die oorsigjaar is meer as 500 praktisyns opgelei.

Benewens die fokus op gehalte, het die Departement ook in vennootskap met ander belanghebbers gewerk om die aanbied van programme uit te brei, waaronder:

- ondersteuning vir skaatsplankry as 'n naskoolse program by twee skole in Atlantis
- die uitbreiding van padvinders na meer as 30 skole in die Metro en die ondersteuning van die ontwikkeling van 'n skool se padvindersbeweging
- ondersteuning vir 'n tweede akademiese ondersteuningsprogram, Graad 4-program

Die Departement het gefokus op die mobilisering van alle belanghebbers agter 'n poging om die hele gemeenskap te mobiliseer om ons jeug te ondersteun. Dit het ingesluit:

- Vennootskap met Gemeenskapskas om innovasie in die sektor te ondersteun
- Vennootskap met die leertrust om 'n NRO-gemeenskap van praktyk in te stel en te bedryf
- Vennootskap met die Stad Kaapstad om area-wye programme op twee plekke te bedryf
- Vennootskap met NRO's om verskillende institusionele modelle vir naskoolse programme te toets
- Die ontwikkeling van 'n vennootskapskursus met die Bertha Sentrum by UK om kapasiteit te bou om deurlopende groei in vennootskappe te ondersteun

Die werk van die Naskoolse Spelwisselaar het erkenning ontvang vir die innoverende transversale en hele-samelewing-benadering en het GOUD ontvang in die Wes-Kaapse Provinsiale Staatsdiens-toekennings vir uitnemendheid in die kategorie 'Mees innoverende program'.

Distrikskantore

Die distriksport- en ontspanningskantore het 'n noodsaaklike deel geword van die ontwikkeling en verspreiding van ons provinsiale regering se sport- en ontspanningsprogramme in die distrikte. Dit bedien die distrik en die algemene publiek. Dit ondersteun die verskillende sport- en ontspanningsprogramme in die distrik en maak seker dat ons programme goed ontvang word en dat aanbiedings van 'n hoë standaard is. In 2018/19 is bates (kantoortoerusting en herstelwerk) vir die distrikskantore aangekoop om hulle doeltreffendheid te verbeter. Die Weskus-kantoor in die besonder is heeltemal opgeknep en opgegradeer. Daar is sportontwikkeling- en sportbevorderingspersoneel wat vanuit die distrikskantore werk om die MGO-programme, ontspanningsprogramme, skoolsport, akademies en klubontwikkeling, kliëntediens, groot geleenthede, fasiliteite en ander uitreikprogramme te ondersteun.

Die Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike word in die tabelle hier onder uiteengesit.

Aanwysers vir strategiese doelwitte

PROGRAM 4: SPORT EN ONTSPANNING						
No.	Aanwysers vir strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2017/2018	Bepaalde teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
4.1	Getal geaffilieerde provinsiale sportfederasies ondersteun	120	120	132	+12	Stigting van nuwe federasies in distrikte het gelei tot addisionele federasies wat aansoek doen vir bystand.
4.2	Getal gespesialiseerde dienste vir sport en ontspanning gelewer	3	3	3	-	-
4.3	Getal kliënte- en wetenskaplike dienste gelewer	5	5	5	-	-
4.4	Getal strukture vir kodes vir inheemse spele bygestaan	7	7	7	-	-
4.5	Getal interprovinsiale skoolsportkompetisies ondersteun	2	1	1	-	-
4.6	Getal entiteite waar naskoolse aktiwiteite aangebied en ondersteun word	-	189	189	-	-

Nota:

- 4.1 Getal geaffilieerde provinsiale sportfederasies ondersteun (Prestasie-aanwyser, 4.2.7. 'n Voorbeeld van die ondersteuning wat gegee word, is die oordag van fondse na die federasies in die ses distrikte, vir administrasie, kapasiteitsbou, transformasie en ontwikkelingsprojekte.
- 4.2 Getal gespesialiseerde dienste gelewer vir sport en ontspanning (Prestasie-aanwyser, Getal fasiliteite ondersteun, aanwyser 4.2.14, Getal groot geleenthede ondersteun, aanwyser 4.2.9, Getal Beter Tesame Spele aangebied, aanwyser 4.2.11.).
- 4.3 Die getal kliënte- en wetenskaplike dienste gelewer verwys na die volgende vyf werkstrome: 4.2.4 Getal talentvolle atlete ondersteun binne 'n gestruktureerde ontwikkelingsprogram by sportfederasies; 4.2.5 Getal geaffilieerde klubs ondersteun; 4.2.9 Getal fiksheid- en welstandsprogramme by die gimnasium; 4.2.15 Getal atlete deur hoë-prestasieprogramme ondersteun; en die werkstroom wat met sportfederasies verband hou, wat insluit: 4.2.6 Getal funksionele provinsiale en distriksportrade ondersteun; 4.2.7 Getal geaffilieerde provinsiale en/of distriktsportfederasies ondersteun; 4.2.12 Getal deelnemers in sportfederasies; 4.2.13 Getal sportpersone opgelei; 4.2.16 Getal geleenthede vir vrouens en meisies ondersteun

- 4.4 Die sewe Inheemse Spele-kodestrukture wat bygestaan is, is: Dibeke, Diketo, Drie Stokies, Kgati, Khokho, Morabaraba en Ncuva. Prestasie-aanwyser, 4.3.2). 'n Voorbeeld van die ondersteuning wat gegee is, is die Inheemse Spele-aktiwiteite wat by die Ontspanningsentrums aangebied is (Prestasie-aanwyser 4.3.3), wat aangedryf word deur die personeel wat in diens van die Ontspanningsentrums is (Prestasie-aanwyser 4.3.4).
- 4.5 Getal interprovinsiale skoolsportkompetisies ondersteun, d.w.s. die Suid-Afrikaanse Nasionale Somerspele. (Die totaal is 'n kulminasie van 'n proses waar atlete op distriksgebaseerde vlak (Prestasie-aanwysers 4.4.1 en 4.4.2) en op 'n buurtklustervlak (Prestasie-aanwyser 4.4.3) geselekteer word.
- 4.6 Getal entiteite waar naskoolse aktiwiteite verskaf en ondersteun word. (Dit bestaan uit die getal MGO-sentrums wat in Prestasie-aanwyser 4.5.1 weerspieël word en die getal distrikte wat in Prestasie-aanwyser 4.5.3 weerspieël word). 'n Voorbeeld van die tipe ondersteuning wat aangebied word, is die verskaffing van personeel wat in diens geneem word, en dit word in Prestasie-aanwyser 4.5.2 weerspieël.

Prestasie-aanwysers

PROGRAM 4: SPORT EN ONTSPANNING								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Bepaalde teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
Subprogram 4.2: Sport								
Nasionale aanwysers								
4.2.1	Getal sportakademies ondersteun	7	7	7	7	7	-	-
4.2.2	Getal atlete wat deur die sportakademies ondersteun word	307	216	370	210	216	+6	Addisionele versoeke is van federasies ontvang.
4.2.3	Getal skole, sentrums en klubs voorsien van toerusting en/of uitrusting volgens die gevestigde norme en standaarde*	-	-	164	429	429	-	-
Provinsiale aanwysers								
4.2.4	Getal talentvolle atlete deur sportfederasies in 'n gestruktureerde ontwikkelingsprogram ondersteun**	307	216	370	210	216	+6	Addisionele versoeke is van federasies ontvang.
4.2.5	Getal geaffilieerde klubs ondersteun	300	300	230	180	180	-	-
4.2.6	Getal funksionele provinsiale en distriksportrade ondersteun	7	7	7	7	7	-	-
4.2.7	Getal geaffilieerde provinsiale en/of	-	123	120	120	132	+12	Vestiging van nuwe federasies in distrikte het gelei tot

PROGRAM 4: SPORT EN ONTSPANNING

No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
	distriks- sportfederasies ondersteun							addisionele federasies wat vir bystand aansoek doen.
4.2.8	Getal groot geleenthede	71	72	92	72	74	+2	Federasies het die Departement versoek om addisionele geleenthede te ondersteun. Hierdie aanwyser is vraaggedrewe.
4.2.9	Getal fiksheid- en welstandsprogramme by die gimnasium	4	4	4	4	4	-	-
4.2.10	Getal toekenningsereemonies gehou	8	8	8	2	2	-	-
4.2.11	Getal Beter Tesame Spele gehou (provinsiale sportdae)	4	4	5	6	6	-	-
4.2.12	Getal deelnemers in sportfederasies	333 835	323 927	355 680	340 000	381 797	+41 797	Meer federasies is ondersteun weens die vestiging van nuwe federasies, en dus het meer atlete deelgeneem.
4.2.13	Getal sportpersone opgelei	246	240	240	250	252	+2	Daar was 'n toename in vraag na opleiding van sportpersone.
4.2.14	Getal fasiliteite ondersteun	1	5	3	10	10	-	-
4.2.15	Getal atlete deur hoë-prestasiëprogramme ondersteun	50	96	87	50	53	+3	Daar was 'n toename in die getal atlete wat bygestaan is ten einde in die vraag te voorsien.
4.2.16	Getal geleenthede vir	-	6	6	6	6	-	-

PROGRAM 4: SPORT EN ONTSPANNING								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Beplande teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
	vrouens en meisies ondersteun							
Subprogram 4.3: Ontspanning								
Nasionale aanwysers								
4.3.1	Getal persone wat aktief deelneem aan georganiseerde sport en geleenthede vir aktiewe ontspanning**	15 500	17 000	21 942	80 120	103 351	+23 231	Addisionele geleenthede is ondersteun deur vennootskappe met sportfederasies.
4.3.2	Getal inheemse spelestrukture ondersteun	7	7	7	7	7	-	-
4.3.3	Getal ontspanningsentrums ondersteun	16	20	16	20	20	-	-
4.3.4	Getal personeel in diens van ontspanningsentrums	32	40	32	40	40	-	-
Subprogram 4.4: Skoolsport								
Nasionale aanwysers								
4.4.1	Getal leerders wat op 'n distriksvlak aan skoolsport deelneem**	5 440	5 920	12 064	6 400	10 675	+4 275	Teiken oortref weens groter deelname in die klusters.
Provinsiale aanwysers								
4.4.2	Getal skoolsportdistrikte ondersteun met toegang tot geleenthede in	1	1	9	9	9	-	-

PROGRAM 4: SPORT EN ONTSPANNING								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/2016	Werklike prestasie 2016/2017	Werklike prestasie 2017/2018	Bepaalde teiken 2018/2019	Werklike prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op afwykings
	skoolsport							
4.4.3	Getal buurtskoolklusters ondersteun	-	1	7	7	7	-	-
Subprogram 4.5: MGO-program								
Provinsiale aanwysers								
4.5.1	Getal MGO-sentrums ondersteun	181	181	181	181	181	-	-
4.5.2	Getal personeel in diens geneem binne die MGO-program	543	543	470	470	470	-	-
4.5.3	Getal distrikte ondersteun	-	-	-	8	8	-	-

* Dit is 'n saamgestelde aanwyser (Voorwaardeliketoekenningsaanwysers) 1.3 Klubontwikkeling en 1.7 Siyadlala-massadeelnameprogram, bl. 129 en 130).

** Dit is 'n provinsiale aanwyser en 'n Voorwaardeliketoekenningsaanwysers.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Daar was geen areas van onderprestasie in die Programprestasie-aanwysers vir Program 4 nie.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens gedurende die verslagdoeningstydperk nie.

Skakeling van prestasie met begrotings

Subprogrambesteding vir Program 4: Sport en Ontspanning was soos volg:

Subprogram	2018/19			2017/18		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000
Bestuur	37 168	35 489	1 679	25 059	24 524	535
Sport	45 015	44 328	687	47 140	47 019	121
Ontspanning	16 052	15 970	82	13 704	13 777	(73)
Skoolsport	34 730	34 643	87	35 643	35 545	98
MGO-program	52 969	52 796	173	62 090	62 090	-
Totaal	185 934	183 226	2 708	183 636	182 955	681

Die besparing hou verband met VvW. Weens die beperkings wat op die VvW-begroting geplaas is, kon die besparing nie na ander areas oorgedra word nie.

5. Oordragbetalings

5.1. Oordragbetalings aan openbare entiteite

Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Die WKKK het R1 506 000 as 'n oordragbetaling van die Departement vir die 2018/19-boekjaar ontvang. Hierdie bedrag sluit R1 100 000 in wat aan die Stad Kaapstad betaal is vir die agterstallig waterrekening vir Melkbos Oppiesee en Melkbos Kultuurfasiliteit. Die agterstallige bedrag het ontstaan weens rekeninge wat nie deur die Departement ontvang is nie. Die openbare entiteit is verantwoordelik vir die registrasie en deregistrasie van kultuurrade sowel as die instandhouding van die kultuurfasiliteite. Die WKKK het drie subkomitees: Die Inisiasieverwysingsgroep, die Komitee vir Kultuurrade en die Fasiliteitekomitee.

Wes-Kaapse Taalkomitee

Die Wes-Kaapse Taalkomitee het R247 000 ontvang om sy aktiwiteite en verpligtinge te befonds. Die WTKK is verantwoordelik om die Minister oor taalverwante aangeleenthede in

die Wes-Kaap te adviseer ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, en die Wes-Kaapse Taalbeleid.

Erfenis Wes-Kaap

EWK het R2 236 000 ontvang, waarvan R1 736 000 ten opsigte van 'n oordragbetaling van die Departement was vir die 2018/19 boekjaar om uitvoering te gee aan die komitee se mandaat. Die sleutelmandaat is om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, te beskerm en te bewaar. Met die uitvoering van sy funksies skakel EWK met nasionale en plaaslike regeringsfere. 'n Addisionele R500 000 is ontvang vir die wêrelderfenis-benoemingsdokument.

Naam van entiteit	Dienste gelewer deur die openbare entiteit	Bedrag oorgedra na die openbare entiteit	Bedrag bestee deur die openbare entiteit	Prestasies van die openbare entiteit
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Die WKKK het drie hoofokusareas naamlik beheer, bestuur, ontwikkel en hou roerende en vaste eiendom in stand; dit sluit die sewe kultuurfasiliteite wat onder sy beheer geplaas is in. Bestuur die registrasie en deregistrasie van die kultuurrade. Adviseer die LUR oor hoe die Kommissie se mandaat die beste uitgevoer kan word.	R1 506 000	R1 506 000	Het al die teikens volgens die JPP bereik.
Wes-Kaapse Taalkomitee	Moniteer die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid en adviseer die Minister oor taalverwante aangeleenthede.	R247 000	R247 000	Het al die teikens volgens die JPP bereik.
Erfenis Wes-Kaap	Bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.	R2 236 000	R1 736 000	Het al die teikens volgens die JPP bereik.

Nota: Inligting oor die totale begroting en totale besteding word in die 2018/19-jaarverslae van die onderskeie entiteite weerspieël.

5.2. Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite

Die tabelle hier onder weerspieël die oordragbetalings gemaak vir die tydperk 1 April 2018 tot 31 Maart 2019:

Program 2:

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
KUNS EN KULTUUR						
Kaapstad Karnavaltrust	TRUST	Kaapstad Karnaval	Ja	70,000.00	70,000.00	-
Die Burger Suidoosterfees	OSW	Suidoosterfees	Ja	120,000.00	120,000.00	-
Kunste Onbeperk	MSW	Klein Karoo Nasionale Kunstefees	Ja	120,000.00	120,000.00	-
Suid-Atlantiese Kuns- en Kultuurtrust	Trust	Kaapstad Internasionale Jazzfees	Ja	120,000.00	120,000.00	-
Kaapse Elektroniese Musiekstigting	OSW	Kaapse Elektroniese Musiekfees	Ja	70,000.00	0.00	Die geleentheid is in April 2019 aangebied.
Comnet-kreatiewe-kunstegroep	OSW	Bydrae t.o.v. die Hoopstellers: Werkwinkels, navorsing en gemeenskapsteaterproduksie vir 2018/19	Ja	27,845.25	27,845.25	-
Butterfly Kunsprojek	OSW	Bydrae t.o.v. die ontwikkeling van gemeenskapskuns fasiliteerder	Ja	27,845.25	27,845.25	-
Riversdale Uitvoerende Kunste	OSW	Bydrae t.o.v. die jeugmusiekontwikkeling vir 2018/19	Ja	27,845.25	27,845.25	-
Silver Mountain Stigting	OSW	Bydrae t.o.v. die Silver Mountain Fees vir 2018/19	Ja	27,845.25	27,845.25	-
Skool vir Kreatiewe Kunste Beaufort-Wes	OSW	Bydrae t.o.v. Dance Your Way Out vir 2018/19	Ja	27,845.25	27,845.25	-
AD Libtum Musiekakademie	OSW	Bydrae t.o.v. die ADLAM-konsertorkes en jazz-ensemble en koor vir 2018/19	Ja	27,845.25	27,845.25	-
Wesland Kunsvereniging	OSW	Bydrae t.o.v. die Social Mosaic Foundation of Hope	Ja	27,845.25	21,016.00	Die res van die fondse vir vervoer en rekeningkundige kostes.
New Life Teater	OSW	Bydrae t.o.v. die klank- en dramawerkwinkels : 2018/19	Ja	27,845.25	27,845.25	-
Jakes Gerwel Stigting	OSW	Bydrae t.o.v. die Yoh!-projek vir 2018/19	Ja	27,845.25	27,845.25	-
Bridgetown Teatermaatskappy	OSW	Bydrae t.o.v. die Youth Capture - Community Arts Programme	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Die moedertaalprojek	NRO	Bydrae t.o.v. die Langeberg-jeugkunsprojek	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Institute for Music	OSW	Bydrae t.o.v. die	Ja	39,569.61	39,569.61	-

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
and Indigenous Arts Development		IMAD Grass Roots Music vir 2018/19				
D-Piano Lab	OSW	Bydrae t.o.v. die Empowering Kids Through Music vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Genadendal, Greyton en Voorville Gestremdhedsforum	OSW	Bydrae t.o.v. die Mind Over Matter-papierkraleprojek vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Die Darling Feestruis	OSW	Bydrae tot Voorkamerfees	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Staalromprojek	OSW	Bydrae t.o.v. die landelike en stedelike staalromprogram	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Koue Bokkeveld Opleidingsentrum	OSW	Bydrae t.o.v. die musiekprojek: kitaar en blokfluit	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Lunchbox Theatre	OSW	Bydrae t.o.v. die teaterontwikkeling	Ja	39,569.61	32,199.61	Opleidingskamp is in April 2019 aangebied.
Zama Dance School	OSW	Bydrae t.o.v. die deurlopende volhoubaarheid	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Klein Libertas Teater	OSW	Bydrae t.o.v. die KLT Dramaprojek vir 2018/19	Ja	39,569.61	31,943.67	Projek is teen die einde van April 2019 voltooi.
Indoni Dance Arts & Leadership Academy	OSW	Bydrae t.o.v. die vaardigheidsontwikkelingsopleiding vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Weskus Jeugorkes	OSW	Bydrae t.o.v. die ontwikkelings- en orkesuitreikprogramme vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Parkan Stigting	MSW	Bydrae t.o.v. die Jazzathon vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Proe Bietjie Kunstefees	MSW	Bydrae t.o.v. die Proe Bietjie Kunstefees vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Sibonelo Dance	OSW	Bydrae t.o.v. die Uhambo-uitreikprogram vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Voices of Cape Town	OSW	Bydrae t.o.v. die proewe vir 2018/19	Ja	39,569.61	39,569.61	-
Heal the Hood	OSW	Bydrae t.o.v. kultuuruitreikprogram vir die jeug	Ja	39,569.61	39,569.61	-
George Kunsvereniging	OSW	Bydrae t.o.v. die Let's go Arts vir 2018/19	Ja	73,893.00	63,549.97	Die projek loop oor twee boekjare tot September 2019.
Magnet-opleiding- en jeugopheffingstrust	OSW	Bydrae t.o.v. die Magnet landelike kunsprojekte vir 2018/19	Ja	94,604.65	94,604.65	-
Breytenbach Kultuursentrum	OSW	Bydrae t.o.v. die drama,	Ja	73,893.00	73,893.00	-

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
		handpopvertoning Do, Learn, Read				
Zip Zap Sirkusskooltrust	OSW	Bydrae t.o.v. die Dare to Dream vir 2018/19	Ja	94,604.65	94,604.65	-
College of Music	OSW	Bydrae t.o.v. die Magic in die community-projek	Ja	94,604.65	94,604.65	-
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans	OSW	Bydrae t.o.v. Laat Die Blindes Die Weg Wys Storiesprojek (Worcester)	Ja	37,010.00	37,010.00	-
Music Exchange	Trust	Bydrae t.o.v. die Music Exchange vir 2018/19	Ja	94,604.65	94,604.65	-
Instituut vir Musiek en Ontwikkeling	OSW	Bydrae t.o.v. die Kaapse musiekinstituut vir 2018/19	Ja	94,604.65	94,604.65	-
Handwerk- en Ontwerpinstuut	Trust	Bydrae t.o.v. WK handwerk- en ontwerpcentrum: 2018/19	Ja	73,893.00	73,893.00	-
Enlighten Education Trust	OSW	Bydrae t.o.v. die Hermanus Musiekakademie	Ja	73,893.00	73,893.00	-
Rainbow Academy	OSW	Bydrae t.o.v. Rainbow Academy School of Performing Arts and Business vir 2018/19	Ja	73,893.00	73,893.00	-
Kronendal Musiekakademie, Houtbaai	OSW	Bydrae t.o.v. die musiekopvoeding en -opleiding	Ja	73,893.00	73,893.00	-
Camissa	OSW	Bydrae t.o.v. die Mosjazz vir 2018/19	Ja	94,604.65	94,604.65	-
Fundza Geletterdheidstrust	OSW	Bydrae t.o.v. die my Erfenis, my Drome – 'n geletterdheidsprojek	Ja	30,000.00	30,000.00	-
Landbou-gemeenskapontwikkeling	OSW	Kultuur- en lewensvaardighede projek vir laerskoolleerders	Ja	30,000.00	30,000.00	-
Smart Kingdom Kids Academy	OSW	Bydrae t.o.v. die musiek vir positiewe uitdrukking en genesing	Ja	30,000.00	30,000.00	-
Amoyo Performing Arts Foundation	OSW	Bydrae t.o.v. program vir uitvoerende kunste vir 2018/19	Ja	30,000.00	14,176.00	Die projek loop oor twee boekjare tot Junie 2019.
SA Agentskap vir Verandering en Ontwikkeling	OSW	Bydrae t.o.v. kuns- en sportontwikkeling	Ja	30,000.00	30,000.00	-
Tshisa Talent	OSW	Bydrae t.o.v. die ontwikkeling van	Ja	30,000.00	14,049.99	Die projek is in April 2019 afgehandel.

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
		kunstenaars				
Mad Little Badger	OSW	Bydrae t.o.v. die dokumentêr oor Luxurama vir 2018/19	Ja	100,000.00	100,000.00	-
Malele Ontwikkeling	OSW	Bydrae t.o.v. die Malele Senior Naskoolse Program	Ja	19,784.81	19,784.81	-
Project Playground	OSW	Bydrae t.o.v. Project Playground	Ja	19,784.80	19,784.80	-
Black Roots Foundation	OSW	Bydrae t.o.v. die laaste tradisionele boogspelers	Ja	29,984.00	29,984.00	-
Dance For All	OSW	Bydrae t.o.v. die promosie- en ontwikkelingsprogramme	Ja	227,825.10	227,825.10	-
Kaapse Klopse Karnavalvereniging	MSW	Bydrae t.o.v. die jaarlikse padmars en kompetisies	Ja	690,053.00	690,053.00	-
Kaapse Klopsekarnavalvereniging	MSW	Bydrae t.o.v. die Kaapstad Straatparade vir 2018/19	Ja	400,451.00	400,451.00	-
Kaapse Klopse Distriksraad	OSW	Bydrae t.o.v. die 2019 Klopsekarnaval-kompetisie	Ja	156,019.00	156,019.00	-
Die Kaapse Maleierkoorraad	OSW	Bydrae t.o.v. die Kaapse Maleierkoorraad se tradisionele feesgeleenthede en kompetisie vir 2018/19	Ja	184,255.00	184,255.00	-
Suid-Afrikaanse Koorraad	OSW	Bydrae t.o.v. die jaarlikse padmars en kompetisies van die koorraad 2018/19	Ja	51,752.00	51,752.00	-
Keep the Dream Koorraad	MSW	Bydrae t.o.v. die Keep the Dream Manskoorkoorkompetisie vir 2018/19	Ja	109,693.00	109,693.00	-
SA Kersfeesorkesterraad	OSW	Bydrae t.o.v. die SA Kersfeesorkespadmars en kompetisie	Ja	40,544.00	40,544.00	-
SA Verenigde Kersfeesorkesrade	NRO	Bydrae t.o.v. die SA Verenigde Koorraad se padmars en kompetisie	Ja	167,234.00	167,234.00	-
Wellingtonse Klopse	OSW	Bydrae t.o.v. die jaarlikse kompetisies van die Wellingtonse Klopse vir 2018/19	Ja	115,784.00	115,784.00	-

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Drakenstein Klopsekarnaval-vereniging	OSW	Bydrae t.o.v. die Klopsekarnaval kompetisie, jeugontwikkeling en padmars vir 2018/19	Ja	184,216.00	184,216.00	-
Kaapstad Stadsballet	OSW	Bydrae t.o.v. die Kaapstadse Stadsballet vir 2018/19	Ja	1,500,000.00	1,500,000.00	-
Kaapstad Filharmoniese Orkes	OSW	Bydrae t.o.v. die Kaapstad Filharmoniese Orkes vir 2018/19	Ja	1,500,000.00	1,500,000.00	-
Kaapstad Opera	MSW	Bydrae t.o.v. die WK Musiekonderrig, opera en konserte vir 2018/19	Ja	1,500,000.00	1,500,000.00	-
Baxter Teater	MSW	Bydrae t.o.v. die teaterontwikkeling vir 2018/19	Ja	1,000,000.00	1,000,000.00	-
Jazzart Dance Theatre	MSW	Bydrae t.o.v. die opleiding- en onderrigprogramme vir 2018/19	Ja	1,000,000.00	1,000,000.00	-
WK Koraalmusiekvereniging	OSW	Bydrae t.o.v. die opleidingsprogram vir koraalmusiek en soliste	Ja	1,000,000.00	649,140.40	Die projek loop oor twee boekjare tot Junie 2019.
Dance for All	OSW	Bydrae t.o.v. Dance for All-uitreikprogram vir 2018/19	Ja	1,000,000.00	1,000,000.00	-
Kunstekaap	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	412,764.00	412,764.00	-
ATKV	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Baxter Teater	MSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Breytenbach Teater	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Camissa	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Calabash	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	73,924.00	73,924.00	-
Kaapstad Karnaval	TRUST	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Kaapstad Opera	MSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	182,362.00	182,362.00	-
Comnet	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Dance for All	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	182,362.00	182,362.00	-
George Kunsvereniging	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Genadendal, Greyton en Voorville Gestremdheidsforum	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	137,075.00	137,075.00	-
Kunste Onbeperk	MSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Magnet Teater	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Suidoosterfees	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	73,924.00	73,924.00	-
Wes-Kaap Jeugorkes	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Mothertongue	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	110,887.00	110,887.00	-
Zip Zap Sirkus	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Staaltrómorkes	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	110,887.00	110,887.00	-
Gemeenskapkunstes entrum	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Kaapse Musiekinstituut	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	147,849.00	147,849.00	-
Pionier Drukkers	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	182,362.00	182,362.00	-
Weccma	OSW	Opleiding vir UOWP-begunstigdes	Ja	38,704.00	38,704.00	-
Voices of Cape Town	OSW	UOWP-projekte	Ja	89,327.00	89,327.00	-
Cammissa Kuns en Kultuur	OSW	UOWP-projekte	Ja	317,659.00	317,659.00	-
Greatmore Studios	TRUST	UOWP-projekte	Ja	35,063.00	14,543.00	UOWP-begunstigde het bedank. 'n Nuwe aanstel word tans gedoen.
Kunstekaap	OSW	Bydrae t.o.v. daaglikse instandhoudingswerk by Kunstekaap	Ja	175,000.00	175,000.00	-
MUSEUMS						
Beaufort-Wes Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	280,793.00	280,793.00	-
Caledon Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	224,473.00	204,473.00	Uitstalling sal in 2019/20 voltooi word.
CP Nel Museum	Museum	Instandhoudings-	Ja	484,722.00	484,722.00	-

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
		en bedryfskoste				
Drostdy Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	737,181.00	737,181.00	-
Genadendal Sendingmuseum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	411,864.00	411,864.00	-
Houtbaai Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	243,228.00	233,228.00	Saldo geoormerk vir ouditfooie.
Hugenote Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	784,230.00	681,272.25	Toerusting moet in die 2019/20-boekjaar afgelewer word.
Montagu Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	294,155.00	294,155.00	-
Ou Hawe Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	333,883.00	333,883.00	-
Oude Kerk Volksmuseum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	406,238.00	406,238.00	-
Paarl Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	278,490.00	278,490.00	-
SA Sendinggestig Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	153,909.00	153,909.00	-
Skeepswrakmuseum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	266,871.00	266,871.00	-
Simonstad Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	422,642.00	397,642.00	Instandhoudingsprojekte moet in 2019/20-boekjaar voltooi word.
Stellenbosch Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	753,857.00	753,857.00	-
Togryersmuseum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	176,403.00	176,403.00	-
Wellington Museum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	287,898.00	287,898.00	-
Koringbedryfmuseum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	217,829.00	217,829.00	-
Lwandle Trekarbeidmuseum	Museum	Instandhoudings- en bedryfskoste	Ja	353,261.00	353,261.00	-
Robertson Museum	Museum	Hulptoekenning	Ja	53,453.00	53,453.00	-
Fransie Pienaar Museum	Museum	Hulptoekenning	Ja	68,036.00	68,036.00	-
Jan Danckaert Museum	Museum	Hulptoekenning	Ja	26,727.00	26,727.00	-
Groot-Brakrivier Museum	Museum	Hulptoekenning	Ja	53,453.00	53,453.00	-
SA Visserye Museum	Museum	Hulptoekenning	Ja	41,310.00	41,310.00	-
Togryersmuseum	Museum	Subsidie om 'n nuwe boek oor aardbewing te druk	Ja	100,000.00	100,000.00	-
Beaufort-Wes Museum	Museum	Ondersteuning vir ouditgelde	Ja	222,235.00	222,235.00	-
SA Sendinggestig Museum	Museum	Ondersteuning vir ouditgelde	Ja	254,000.00	254,000.00	-
Houtbaai Museum	Museum	Ondersteuning vir ouditgelde	Ja	1,700,000.00	1,700,000.00	-
Beaufort-Wes Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	193,113.00	181,582.33	Toelaes vir April en Mei 2019.
Caledon Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	176,866.00	106,329.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
CP Nel Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	233,984.00	167,795.00	Toelaes vir April en Mei 2019.

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Drostdy Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	1,013,824.00	213,403.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
Fransie Pienaar Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	188,916.00	188,916.00	-
Genadendal Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	329,250.00	142,728.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
Groot-Brakrivier Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	143,722.00	118,022.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
Houtbaai Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	225,718.00	180,176.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
Huguenot Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	291,736.00	230,460.22	Toelaes vir April en Mei 2019.
Jan Danckaert Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	143,991.00	143,991.00	-
Lwandle Trekarbeidmuseum	Museum	UOWP-projekte	Ja	168,473.00	168,473.00	-
Montagu Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	267,271.00	267,271.00	-
Ou Hawe Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	465,396.00	116,593.51	Toelaes vir April en Mei 2019.
Oude Kerk Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	382,029.00	301,929.54	Toelaes vir April en Mei 2019 en beskermende klere.
Paarl Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	168,473.00	107,484.22	Geoormerk vir addisionele UOWP-begunstigdes.
SA Visserye	Museum	UOWP-projekte	Ja	90,119.00	73,108.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
SA Sendinggestig	Museum	UOWP-projekte	Ja	452,952.00	452 952.00	-
SA Sendinggestig (Provinsiale Museum)	Museum	UOWP-projekte	Ja	772,765.00	772 765.00	-
Skeepswrakmuseum	Museum	UOWP-projekte	Ja	225,987.00	122,949.00	Toelaes vir April en Mei 2019 geoormerk vir addisionele UOWP-begunstigdes.
Stellenbosch Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	496,899.00	439,675.50	Toelaes vir April en Mei 2019, einde van kontraktermyn is 31 Mei 2019.
Togryersmuseum	Museum	UOWP-projekte	Ja	176,597.00	149,619.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
Wellington Museum	Museum	UOWP-projekte	Ja	94,601.00	81,699.44	Toelaes vir April en Mei 2019.
Koringbedryfmuseum	Museum	UOWP-projekte	Ja	236,070.00	229,294.00	Toelaes vir April en Mei 2019.
SA Sendinggestig Museum	Museum	Dek verhoging in UOWP-toelaes volgens die ministeriële bepaling	Ja	633,938.00	633 938.00	-
TOTAAL VIR PROGRAM 2				34,936,403.84	32 291 584.46	

Program 3:

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
BILLIKE DEEL: MUNISIPALE VERVANGINGSBEFONDING						
Beaufort-Wes	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	5,550,000.00	3,049,863.41	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Berggrivier	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	3,980,000.00	2,511,139.55	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Bitou	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	8,950,000.00	6,743,083.20	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Kaap Agulhas	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	5,710,000.00	4,686,310.46	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Cederberg	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	4,400,000.00	3,407,587.25	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Hessequa	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	5,300,000.00	3,466,270.29	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Kannaland	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	2,070,000.00	1,020,410.40	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Laingsburg	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	1,260,000.00	562,514.87	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Langeberg	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	5,700,000.00	3,524,633.83	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Matzikama – Vanrhynsdorp	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	4,458,000.00	2,815,851.00	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Prins Albert	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	685,000.00	340,872.02	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Swartland	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	5,040,000.00	3,799,957.14	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Swellendam	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	5,026,000.00	3,099,267.88	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Theewaterskloof	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	6,000,000.00	4,263,622.94	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Witzenberg	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	5,960,000.00	4,774,420.77	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Stad Kaapstad	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel en kapitaalkoste	Ja	4,770,000.00	4,215,740.00	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Stad Kaapstad	Munisipaliteit	Infrastruktuur	Ja	10,000,000.00	3,202,448.00	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
VOORWAARDELIKE TOEKENNING: BIBLIOTEEKDIENSTE						
Biblioteek vir die Blindes	NRO	Personeel-, bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	900,000.00	900,000.00	-
Berggrivier	Munisipaliteit	Personeel-, bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	3, 275,000.00	2,160,451.00	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.

Naam van oordragontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38 (1) (j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Bitou	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	1,926,000.00	1,349,020.84	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Breedevallei	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	9,517,000.00	7,243,991.03	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Kaap Agulhas	Munisipaliteit	Infrastruktuur	Ja	1,200,000.00	924,729.46	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Stad Kaapstad	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	48,947,000.00	30,938,241.00	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Drakenstein	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	21,736,000.00	14,658,860.76	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
George	Munisipaliteit	Biblioteekpersoneel , bedryfs- en kapitaalkoste	Ja	9,239,000.00	7,127,480.65	Munisipale boekjaar eindig 30 Junie 2019.
Die ontspanningsprogram in hierdie boekjaar was vier-aan-'n-kant/minisokker in Khayelitsha en bordspeletjies is bygevoeg by die sokker in Paarl-Oos.

Die program is van Julie tot Oktober 2018 en Januarie tot Maart 2019 op Vrydagaande in Khayelitsha aangebied; en in Oktober tot Desember 2018 en Januarie tot Maart 2019 in Paarl-Oos.

Metro-vervangingsfonds:

R10 miljoen is na Stad Kaapstad-biblioteke oorgedra vir infrastruktuur en instandhouding.

Munisipale Vervangingsfonds:

Die doel van hierdie toewysing was om munisipale investering in biblioteekdienste te ondersteun en om die toekomstige professionele lewering en ontwikkeling van sodanige dienste in die mees kwesbare B3-munisipaliteite van die Wes-Kaap te handhaaf. Vyftien munisipaliteite het oordragbetalings vir personeel, bedryfs- en/of kapitaalbesteding ten opsigte van biblioteke ontvang. Die begroting vir hierdie geoormerkte toewysing was R72 393 000.

Breëbandkonnektiwiteit vir biblioteke:

Die doel van hierdie toewysing was om IKT-fasiliteite met gratis internettoegang aan openbare biblioteke te voorsien. Fondse is gebruik om IKT-infrastruktuur te verskaf, rekenaarhardeware te koop en internettoegang aan biblioteke te voorsien. Teen die einde van Maart 2019 het 226 openbare biblioteke internettoegang gehad. Die begroting vir hierdie geoormerkte toewysing was R6 868 000.

Weens gedeeltelike lewering deur die diensverskaffer van rekenaarhardeware, is 'n oordrag versoek om die verpligting teenoor die diensverskaffer na te kom vir die goedere gelewer in April 2019.

7. Skenkerfondse

Geen skenkerfondse is in die oorsigjaar ontvang nie.

8. Kapitaalbelegging

8.1. Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Geen.

Deel C

BESTUURSOORSIG

1. Inleiding

Bestuursoorsig, risikobestuur en nakoming is drie pilare wat saamwerk met die doel om seker te maak dat die Departement sy doelwitte bereik. Nakoming van die Departement se beleide en prosedures, wette en regulasies, asook sterk en doeltreffende bestuursoorsig word as die sleutel tot die Departement se sukses beskou.

Hierdie afdeling verskaf 'n oorsig van die bestuursoorsig wat 'n integrale deel van die Departement uitmaak.

2. Risikobestuur

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee (ERMECO) ingestel om die Rekenpligtige Beampte by te staan in sy verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur.

Verantwoordelikheid van die ERMECO

Die Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee (ERMECO) rapporteer dat die verpligtinge ingevolge artikel 38 (1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, hoofstuk 2, deel 1, 2 en 3 nagekom is. Die ERMECO rapporteer ook dat die gepaste formele Opdrag (op 31 Maart 2017 goedgekeur deur die ERMECO se voorsitter) aanvaar is en sake in ooreenstemming met hierdie Opdrag gereguleer het en al die verantwoordelikhede daarin vervat, nagekom het.

ERMECO-lede

Die ERMECO bestaan uit geselekteerde lede van die Departement se bestuurspan. Soos volgens die Opdrag het die ERMECO minstens vier keer (kwartaalliks) vergader tydens die oorsigjaar.

Die tabel hieronder gee die toepaslike inligting oor ERMECO-lede:

LID	POS	GESKUDEERDE VERGADERINGS	BYGEWOON	DATUM AANGESTEL
Mnr. B. Walters	Rekenpligtige beampte (ERMECO-voorsitter)	4	4	31/03/2017
Me. B. Rutgers	Direkteur: Finansiële Bestuur (HFB)	4	4	31/03/2017
Me. C. Sani	Direkteur: Biblioteekdiens	4	3 (n verteenwoordig er het een vergadering bygewoon tydens mnr. Tutu se afwesigheid)	31/03/2017
Mnr. D. Esau	Adjunkdirekteur: Interne Beheer (Risikobeampte)	4	3	31/03/2017

LID	POS	GESKUDEERDE VERGADERINGS	BYGEWOON	DATUM AANGESTEL
Mnr. D. Flandorp	Adjunkdirekteur: Eenheid vir Korporatiewe Verhoudinge (Etiekbeampte)	4	3	31/03/2017
Mnr. G. Mohamed	Direkteur: Ondernemingsinhoudbestuur	4	1	31/03/2017
Mnr. G. Redman	HD: Kultuursake	4	4	31/03/2017
Me. J. Boulle	HD: Naskoolse Spelwisselaar	4	2	31/03/2017
Me. J. Moleleki	Direkteur: Kuns, Kultuur en Taal RB: WKTK RB: WKKK	4	4	31/03/2017
Dr. L. Bouah	HD: Sport en Ontspanning	4	4	31/03/2017
Dr. M. Dlamuka	Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Namedienste RB: EWK	4	2 (n verteenwoordiger het een vergadering bygewoon tydens dr. Dlamuka se afwesigheid)	31/03/2017
Me. N. Momoti	Direkteur: Provinsiale Argiefdiens	4	1	31/03/2017
Me. N. Dingayo	Direkteur: Provinsiale Argiefdiens	4	1	12/03/2019
Mnr. S. Julie	Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuursteun	4	3	31/03/2017
Mnr. T. Tutu	Direkteur: Sportbevordering	4	3 (n verteenwoordiger het een vergadering bygewoon tydens mnr. Tutu se afwesigheid)	31/03/2017
Mnr. P. Hendricks	Direkteur: Sportontwikkeling	4	4	31/03/2017

ANDER BYWONERS	POS	GESKEDULEERDE VERGADERINGS	BYGEWOON
Me. A. Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	4	3
Mnr. D. Micketts	Hoofrisiko-adviser: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	4	4
Me. M. Natesan	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP)	4	3 (n verteenwoordiger het een vergadering tydens me. Natesan se afwesigheid bygewoon)

Sleutelaktiwiteite van die ERMECO

Die Rekenpligtige Beampte is die voorsitter van die ERMECO en die Adjunktdirekteur: Interne Beheer is die Risikobeampte van die Departement.

In die uitvoering van sy funksie, het die ERMECO gedurende die jaar die volgende sleutelaktiwiteite uitgevoer:

- Hersien die Departement se Risikobestuurbeleid, -strategie en implementeringsplan vir aanbeveling by die Ouditkomitee en goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte;
- Stel, hersien en pas gepaste risikovraag en -toleransies toe en beveel dit aan vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte;
- Rapporteer aan die Rekenpligtige Beampte enige wesenlike veranderinge aan die risikoprofiel van die Departement;
- Identifiseer opkomende risiko's;
- Hersien die bedrogvoorkomingsplan (strategie, beleid en implementeringsplan) en beveel dit aan vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte;
- Evalueer die omvang en doeltreffendheid van integrasie van risikobestuur binne die Departement;
- Assesseer die implementering van die Departement se risikobestuurbeleid, -strategie en implementeringsplan;
- Assesseer die implementering van die Departement se benadering tot etiese bestuur;
- Evalueer die doeltreffendheid en versagtingstrategieë om aandag te gee aan wesenlike, etiese en ekonomiese misdaadrisko's;
- Verskaf oorsig oor etiese bestuur in die Departement.

Sleutelrisiko's wat gedurende die jaar oorweeg en gehanteer is

Die volgende is die sleutelrisiko's vir die Departement wat gedurende die jaar oorweeg en gehanteer is:

- onvoldoende fisiese ruimte om historiese of alle rekords wat van regeringsinstellings ontvang word, in 'n argief op te neem;
- onsekerheid oor begroting;
- onvermoë om toegang tot IT-stelsels of inligting te kry.

Elke program se risiko's is bespreek/gedebatteer tydens die kwartaallikse ERMECO-vergaderings. Senior bestuurders moes terugvoer gee oor vordering met die implementering van aksieplanne om die moontlikheid dat risiko's 'n werklikheid word te verminder en/of om die impak te verminder indien hulle 'n werklikheid word. ERMECO het risiko's ook terugverwys wat meer omvattend ontleed moet word en het addisionele versagting of stappe aanbeveel om risiko's te bestuur.

Belangrike opkomende risiko's vir die volgende boekjaar

Die volgende is belangrike opkomende risiko's wat in die volgende boekjaar aandag moet geniet:

- vernietiging/beskadiging van eiendom; en
- die operasionele doeltreffendheid van die biblioteekdiens wat biblioteekmateriaal verskaf, word belemmer.

Afsluiting

Daar was beduidende vordering met die bestuur van risiko's gedurende die 2018/19-boekjaar. Goeie vordering is gemaak om risikobestuur vas te lê en om die risiko-volwassenheidsvlak binne die Departement te verhoog, wat bygedra het tot gunstige prestasie van die Departement.

3. Bedrog en korrupsie

Bedrog en korrupsie hou beduidende moontlike risiko's in vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe uitwerking hê op doeltreffende dienslewering en die Departement se reputasie.

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n teenbedrog-en-korrupsiestrategie aanvaar wat die provinsie se standpunt bevestig van geen verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie. In lyn met hierdie strategie is die Departement verbind tot geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedrieglike of enige ander kriminele aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en enige partye wat by sulke praktyke betrokke is of poog om dit te doen, word ingevolge alle beskikbare regsmiddele vervolg.

Die Departement het 'n goedgekeurde bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan en 'n bedrogvoorkomingsimplementeringsplan, wat uitvoering gee aan die bedrogvoorkomingsplan.

Daar bestaan verskillende kanale vir die aanmelding van beweerde bedrog, diefstal en korrupsie, wat breedvoerig in die provinsiale Teenbedrog-en-korrupsiestrategie en die departementele Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan beskryf word. Elke bewering wat deur die Eenheid vir Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel aangeteken, wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor vordering met gevalle wat verband hou met die Departement en om statistiek vir die provinsie en Departement te genereer.

Werknemers wat die fluitjie blaas oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm, indien die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes, bv. te goeder trou gedoen). Na wysigings deur die Wysigingswet op Beskermde Openbaarmakings, 5 van 2017, is die transversale beleid oor openbaarmaking hersien en die hersiene Beleid oor Openbaarmaking is op 18 Julie 2018 goedgekeur. Die beleid bied riglyne vir werknemers wat oor redelike gronde beskik dat 'n misdryf of ongerymdhede binne die WKR begaan is of begaan word, sodat hulle hul klagtes onder die aandag van die betrokke lynbestuurders, spesifieke aangewese personeel binne die WKR, of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Wanneer bedrog, diefstal of korrupsie bevestig is ná afloop van 'n ondersoek, word die betrokke werknemer wat aan dié dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge geïnisieer het, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer

aan te beveel. Waar daar prima facie-getuienis van kriminele optrede bestaan, word 'n strafregtelike saak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aanhangig gemaak.

Vir die oorsigjaar het die PFD 'n Saakbewegingsertifikaat vir die Departement uitgereik wat die volgende aandui:

Onafgehandelde sake soos op 1 April 2018	0
Nuwe sake (2018/19)	1
Afgehandelde sake (2018/19)	(0)
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2019	1

4. Vermindering van botsende belange

Daar word van elke lid van die Seniorvlakbestuursdiens (SBD) verwag om jaarliks 'n finansiële openbaarmaking in te dien om te verseker dat daar geen botsende belange ten opsigte van die Departement se werksaamhede is nie. Alle personeel in die Direktooraat: Finansiële Bestuur op salarisvlak 11-12, asook departementele etiekbeamptes, het hul finansiële openbaarmakings ingedien. Alle etiekbeamptes het die aanlynkursus oor etiek voltooi. Hierbenewens dien elke personeellid wat op 'n keuringspaneel dien, 'n verklaring in om te verseker dat daar geen botsende belange is ten opsigte van kandidate wat om geadverteerde poste aansoek doen nie. Indien daar 'n botsing van belange vir 'n paneellid sou ontstaan, word daar van hom of haar vereis om aan die proses te onttrek. Daar word van elke lid van 'n bodkomitee vereis om 'n verklaring van belange te onderteken wanneer aanbiedings geëvalueer en beoordeel word. Personeel binne die Subdirektooraat Korporatiewe Dienste: Verhoudingsbestuur het 'n verklaring van geheimhouding voltooi omdat hul daaglik met sensitiewe inligting rakende menslike hulpbronne werk.

5. Gedragskode

Die gedragskode word jaarliks onder alle personeel versprei. Hierbenewens is die Staatsdienskommissie se verduidelikende handleiding oor die praktiese implementering van die gedragskode ook onder personeel versprei. Alle nuutaangestelde PAY-interns ontvang die gedragskode as deel van hul oriënteringspakket wanneer hulle diens aanvaar en die inhoud daarvan word ook gedurende die departementele oriënteringsproses bespreek. Tydens die betrokkenheid tussen senior bestuur en werknemers van die Departement, is werknemer herinner aan die departementele beleid oor seksuele teistering en die proses wat gevolg moet word om sodanige gedrag aan te meld.

Die Departement het riglyne aanvaar rakende die gebruik van sosiale media. Hierdie riglyne is in lyn met die provinsiale beleid oor die gebruik van sosiale media en waarsku personeellede om sosiale media verstandig te gebruik. Die riglyne is aan alle personeellede beskikbaar en word ook by komponentvergaderings voorsien om te verseker dat die personeel hul verantwoordelikheid rakende die gebruik van sosiale media verstaan.

6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

Daar word deurlopend aandag gegee aan gesondheid- en veiligheidskwessies. Gereelde inspeksies word by die hoofkantoor gedoen en jaarlikse oudits word by alle ander DKES-kantore uitgevoer. Bewusmakingsessies oor beroepsgesondheid en -veiligheid is In Februarie en Maart 2019 in die Departement, in samewerking met Gemeenskapsveiligheid, aangebied. Veiligheidsbeamptes, vloerbeamptes en noodhulppersoneel is by alle kantore aangestel. Pligte ingevolge artikel 16(2) van die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, Wet 85 van 1993, soos gewysig, is aan bestuurders by alle DKES-kantore toegewys.

Jaarlikse brandoefeninge is by kantore in die middestad van Kaapstad gehou in samewerking met die Departement van Gemeenskapsveiligheid wat alle prosesse monitor en kommentaar daarop lewer.

Vergaderings oor beroepsgesondheid en -veiligheid word kwartaalliks op hoofbestuursvlak gehou om gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies te bespreek.

Die DKES het 'n doeltreffende afvalbestuurprogram waardeur afvalpapier maandeliks versamel en verwyder word.

'n Veiligheid- en sekuriteitsindeks is vir die Departement bygewerk om die doeltreffendheid van inligting, fisiese sekuriteitsmaatreëls en die implementering van die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid (BGV), 1993 (Wet 93 van 1993) te identifiseer en te evalueer.

'n Sekuriteitsbestuurder is in die Departement aangestel en maandelikse vergaderings tussen die DKES se sekuriteitsbestuurder en die sekuriteitsadviseur van die Departement van Gemeenskapsveiligheid vind plaas om alle veiligheid- en sekuriteitskwessies in die DKES te bespreek en aandag daaraan te gee.

Die Departement van Kultuursake en Sport en die Departement van Gemeenskapsveiligheid het 'n Memorandum van Verstandhouding aangegaan vir die 2018/19-verslagtydperk om die doeltreffende bestuur van risiko's, bedreigings en kwesbaarhede met betrekking tot die veiligheid en sekuriteit binne die Departement te verseker en om duidelikheid te gee oor die rolle en verantwoordelikhede van die Departement Gemeenskapsveiligheid (sekuriteitsrisikobestuur) ten opsigte die Departement.

Op 12 Maart 2019 het 'n voertuig in die kelder/parkeergarage van die Departement se hoofkantoorgebou aan die brand geslaan. Die brand het geen beserings of ernstige skade aan die gebou veroorsaak nie. Daar was ook minimale verlies van werkstyd vir personeel terwyl die rook opgeklaar het en die sproeierstelsel weer gestel is.

7. Portefeuljekomitees

Vergadering	Onderwerp
Staanse Komitee oor Kultuursake en Sport	
2 Mei 2018	- Inligtingsessie deur die Departement van Kultuursake en Sport oor sy eerste, tweede en derde kwartaallikse prestasieverslae vir 2017/18. - DKES uitgenooi na 'n aanbieding deur die Zip Zap Sirkusskool op program vir maatskaplike uitreik en opleiding, spesifiek gemik op die jeug.
23 Mei 2018	- Inligtingsessie deur die Departement van Kultuursake en Sport, en sy entiteit, die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK), oor die uitdagings verbonde aan tradisionele inisiasieprosesse in die Wes-Kaap. 'n Inligtingsessie deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) oor die delegering van verantwoordelikhede.
26 Julie 2018	Oorsigbesoek aan die Saldanhaabaai Stadion, met inbegrip van 'n inligtingsessie oor die Wes-Kaapse Sportakademiestelsel.
27 Julie 2018	Besoek aan Vooruitsig Primêre Skool en skoolbeheerliggaam oor aangeleenthede rakende onderwys, breëband, naskoolse programme, MGO-sentrums.
16 Oktober 2018	Bespreking oor die Departement van Kultuursake en Sport se 2017/2018-Jaarverslag, sowel as sy entiteite, naamlik: Wes-Kaapse Taalkomitee; Wes-Kaapse Kultuurkommissie; en Erfenis Wes-Kaap.
23 November 2018	DKES Begrotingspos 13: WK Aansuiweringsbegroting
12 Maart 2019	DKES Begrotingspos 13: WK Begroting
SKOOR	
27 Junie 2018	Inligtingsessie deur die Departement van Kultuursake en Sport oor: 1.1 Die waarde wat verkry word uit die oordrag van fondse na die onderskeie belanghebbers by sport. Die Komitee het ook genoem dat die Departement soms meer as een oordrag na dieselfde belanghebbende gemaak het gedurende die 2016/17-boekjaar; 1.2 Die 3-jaar lange finansiële verbintenis wat onderneem is tussen die Departement en die Chippa Opleidingsakademie. Die Departement het die komitee ook ingelig oor die waarde wat uit hierdie verbintenis verkry word vir die gemeenskap van Philippi, en die Departement; en 1.3 Die meganisme, deur middel van die interne auditproses, wat in plek is om die toekomstige voorkoms van 'n verlies van geringe kapitaalbates deur die Departement in toekomstige boekjare te versag.
16 Oktober 2018	Jaarverslagbespreking oor DKES en sy entiteite.
Nasionale Portefeuljekomitee oor Sport en Ontspanning	
13-14 September 2018	Assessering van die gebruik van die DORA-toelaag toegeken aan die Provinsie vir die implementering van sport- en ontspanningsprogramme vir die verskaffing van sportgeleenthede aan gemeenskappe; belyning met SRSA met die implementering van NSOP; impak van fasiliteite gebou met MIT-toekenning; monitering van die implementering van die model oor sportfokusskole.

8. SKOOR-besluite

Besluit nommer	Onderwerp	Besonderhede	Reaksie deur die Departement	Opgelos (Ja/ Nee)
Bladsy: 257 van die Jaarverslag	Opskrif: Nota 22.2: Onreëlmatige Uitgawe Beskrywing: Die aantekeninge toon dat die Departement gedurende die 2017/18-boekjaar onreëlmatige besteding ten bedrae van R2,232 miljoen aangegaan het. Die besteding het plaasgevind weens die nienakoming van die onderskeie verkrygingsbeleide. Die Departement het egter die aangeleentheid na die komponent vir menslike hulpbronne verwys vir dissiplinêre stappe.	Die Departement lig die Komitee in oor die uitdagings wat deur die Departement ondervind is deur sodanige onreëlmatige uitgawes aan te gaan, insluitend die meganisme wat die Departement sal ontwikkel en implementeer om 'n herhaling te verhoed.	Inligtingsessie moet deur die Komitee vir Openbare Rekeninge geskeduleer word.	Inligtingsessie moet deur die Komitee vir Openbare Rekeninge geskeduleer word.

9. Vorige wysigings aan ouditverslae

Geen.

10. Interne beheer

Dit is die plig van die Rekenpligtige Beampte om interne beheermaatreëls deurlopend te assesseer en te evalueer om seker te maak dat die beheeraktiwiteite wat in werking is, doeltreffend, doelmatig en deursigtig is en dat hulle verbeter word waar nodig. Om dit te bereik word kwartaallike vergaderings oor die verbeteringsplan rakende finansiële bestuur en sleutelbeheer met die Ouditeur-Generaal, programbestuurders van die Departement en die Minister gehou. Dit is 'n deurlopende proses om te verseker dat die DKES voortgaan om sy skoon ouditresultate te handhaaf.

Die Departement het 'n internebeheerstrategie en -plan wat 'n hoëvlakplan oor die implementering van interne beheer binne sy kernfunksies behels.

11. Interne oudit en ouditkomitees

Interne oudit voorsien die bestuur van onafhanklike, objektiewe sekerheids- en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en deurlopend die

werksaamhede van die Departement te verbeter. Dit moet die Departement help om sy doelwitte te behaal deur middel van 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van bestuursoorsig en prosesse vir risikobestuur en -beheer. Die volgende sleutelaktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Evaluering en toepaslike aanbevelings om die bestuursprosesse ter bereiking van die Departement se doelwitte te verbeter;
- Evaluering van die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuurproses en bydrae tot die verbetering daarvan;
- Bystand aan die Rekenpligtige Beampte met die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheermaatreëls deur dié maatreëls te evalueer om hul doeltreffendheid en doelmatigheid te bepaal, en deur aanbevelings vir uitbreiding of verbetering te ontwikkel.

Interne auditwerk wat gedurende die oorsigjaar vir die Departement voltooi is, het vyf versekeringsaksies en drie opvolgareas ingesluit. Die detail hiervan is ingesluit by die Verslag van die Ouditkomitee.

Die Ouditkomitee is as 'n oorsigliggaam aangestel, wat onafhanklike toesighouding oor staatsbestuur-, risikobestuur- en beheerprosesse in die Departement voorsien. Dit sluit toesighouding en verantwoordelikhede in, wat verband hou met:

- Interne auditfunksie;
- Eksterne auditfunksie (Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika – OGSA);
- Departementele boekhouding en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- Oorsig van OGSA se bestuurs- en auditverslag;
- Departementele monitering deur die loop van die jaar;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Die tabel hieronder verskaf relevante inligting oor die lede van die Ouditkomitee:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Ameen Amod	MBA; CIA; CGAP; CRMA; BCOM	Ekstern	NVT	1 Januarie 2019 (2de termyn)	NVT	7
Me. Judy Gunther	CIA; AGA; CRMA; Meestersgraad in Kosterekeningkunde; BCompt	Ekstern	NVT	1 Januarie 2016 (2de termyn)	2de termyn het 31 Desember 2018 verstryk	5
Mnr. Francois Barnard	MComm (Belasting); CA(SA); Nagraadse Diploma in Ouditkunde; CTA BCompt (Hons); BProc	Ekstern	NVT	1 Januarie 2016 (2de termyn)	2de termyn het 31 Desember 2018 verstryk	5

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Kerry Larkin	B Compt; ND FIS; FI/ASA CIA; CRMA; CCSA	Ekstern	NVT	1 Januarie 2018 (1ste termyn)	31 Augustus 2018	3
Mnr. Ebrahim Abrahams	B Com Hons	Ekstern	NVT	1 Januarie 2019	NVT	2
Mnr. Pieter Strauss	B Acc; B Com Hons; CA (SA)	Ekstern	NVT	1 Januarie 2019	NVT	2
Me. Annelise Cilliers	B Compt Hons CA (SA)	Ekstern	NVT	1 Januarie 2019	NVT	2

12. Verslag van die Ouditkomitee

Hiermee lê ons graag ons verslag vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2019 voor.

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur **artikel 38(1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1.13**. Die Ouditkomitee rapporteer verder dat toepaslike, formele opdragte as die Handves van die Ouditkomitee aanvaar is, aangeleenthede ter nakoming van hierdie handves gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

Die doeltreffendheid van Interne Beheer

In lyn met die WOFB en die King IV-verslag oor korporatiewebestuursvereistes, verskaf interne audit die Ouditkomitee en die bestuur van redelike gerusstelling dat die interne beheermaatreëls voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne auditplan, waarvolgens interne audit die doeltreffendheid assesseer van beheermaatreëls wat die risiko's verminder, en die Ouditkomitee implementering van korrektiewe optrede monitor.

Die volgende rakende interne audit is gedurende die oorsigjaar deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur Interne Audit voltooi. Interne Audit het die versekering gegee dat die kontroles toereikend, doeltreffend en doelmatig is:

Versekeringsaksies:

DSA-direktiefdelegasies

Argiefbestuur – Bewaring

Kultuurorganisasies

Bestuur of openbare entiteite

Oordragbetalings – Museums

Opgevolg:

Prestasiemonitering en verslagdoening

Erfenis Wes-Kaap

Inisiasiepraktyke

Die interne ouditplan is vir die jaar voltooi. Die areas vir verbetering, soos aangedui deur Interne Oudit gedurende die uitvoering van hulle werk, is deur die bestuur aanvaar. Die Ouditkomitee gaan voort om die handelinge deurlopend te monitor.

Bestuur deur die loop van die jaar en maandelikse/kwartaalverslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallike bestuurs- en prestasieverslae wat die Rekenpligtige Beampte van die Departement gedurende die oorsigjaar ingevolge die Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste uitgereik het.

Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate vir insluiting by die jaarverslag met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) en die Rekenpligtige Beampte nagegaan en bespreek;
- die OGSA se bestuursverslag en die bestuur se reaksie daarop nagegaan;
- veranderinge aan rekeningkundige beleid en praktyke soos aangegee in die finansiële jaarstate nagegaan;
- wesenlike aanpassings wat uit die oudit van die Departement voortgespruit het, nagegaan.

Nakoming

Die Ouditkomitee het die Departement se prosesse in verband met die nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings nagegaan.

Provinsiale Forensiese Dienste

Die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) het ons voorsien van statistiek. Die Ouditkomitee monitor kwartaalliks die vordering van die PFD-verslae. Geen sake is onder ons aandag gebring wat verdere verslagdoening deur die Ouditkomitee vereis het nie.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos gerapporteer in die jaarverslag, nagegaan.

Verslag van die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het die Departement se implementeringsplan vir ouditkwessies, wat in die voorafgaande jaar ter sprake gekom het, kwartaalliks nagegaan. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om seker te maak dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese oudit voortgespruit het nie. Regstellende optrede ten opsigte van die

gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA uitgelig is, word kwartaalliks deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem daarmee saam en aanvaar die OGSA se mening aangaande die finansiële jaarstate, en stel voor dat hierdie geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar word en saamgelees word met hul verslag.

Die Ouditkomitee prys die Departement vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde auditmening sonder wesenlike bevindings.

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering teenoor die bestuur van die Departement, die OGSA en die WKR se Direktoraat: Korporatiewe Versekering betuig vir hul samewerking en die inligting wat hulle verskaf het om dit vir ons moontlik te maak om hierdie verslag saam te stel.

Slot

Hoewel die Ouditkomitee die Departement prys vir die bereiking van 'n ongekwalifiseerde audit sonder enige wesenlike bevinding, is die Ouditkomitee bekommerd oor die koste-impak daarvan. Hierdie koste van nakoming het die vermoë om skaars hulpbronne van dienslewering na audituitkomste te verskuif.

Ameen Amod
Voorsitter van die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee
Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport
31 Julie 2019

Deel D

MENSLIKEHULP- BRONBESTUUR

1. Inleiding

Ons unieke bydrae tot die werk van die Wes-Kaapse Regering word moontlik gemaak deur die volgehoue en dikwels onbaatsugtige werk van die mense in die Departement van Kultuursake en Sport. Die bou van 'n positiewe diensleweringstrajek en suksesvolle leiding aan kollektiewe pogings van ons span kan egter uitdagend wees. Die moderne mensebestuurslandskap het die afgelope paar jaar beduidend verander en vereis komplekse navigasie tussen 'n verskeidenheid mededingende veranderlikes.

Afgesien van die feit dat hierdie veranderlikes onderling afhanklik en onderling verwant is aan mekaar, word hulle ook beheer deur streng reëls en regulasies, wat moeilik is wanneer inisiatiewe vir werwing en behoud verken word. Dit sluit in die balansering van diensleweringimperatiewe, die lok en behoud van kritieke en skaars vaardighede, die bemagtiging van die arbeidsmag, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n instaatstellende omgewing waar werknemers kan floreer. Daar word ook van die Departement vereis om binne 'n beperkte omgewing te funksioneer, wat vereis dat bestuurders die impak daarvan in ag moet neem "om meer met minder te doen".

Ondanks veranderende patrone en toenemende eise wat die moderne werkplek affekteer, het die deurlopende harde werk van ons mense gedurende die oorsigjaar tot merkwaardige prestasies en diensleweringverbetering gelei.

2. Stand van Mensebestuur in die Departement

2.1 Departementele arbeidsmagbeplanning

Die rol van arbeidsmagbeplanning is belangrik om te verseker dat die Departement oor die vereiste aantal mense met die nodige vaardighede, kennis en ingesteldheid beskik om hul werk te verrig. Deur middel van hierdie proses assesser die Departement jaarliks sy arbeidsmagprofiel ten opsigte van huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes.

'n Nuwe Arbeidsmagplan (2018–2023) is gedurende 2017/18 ontwikkel en is in werking gestel met ingang van 1 April 2018. Toekomstige verslagdoening sal oor die nuwe prioriteite en aktiwiteite soos geïdentifiseer in die nuwe Arbeidsmagplan gedoen word. Die volgende prioriteite en sleutelaktiwiteite is geïdentifiseer en in die Arbeidsmagplan vir 2018 – 2023 vervat:

1. Organisatoriese struktuur

Sleutelaktiwiteit 1.1: Makro- en mikro-ontwerp van die Departement:

Sleutelaktiwiteit 1.1.1: Direktoraat: Kuns, Kultuur en Taal

- Versnel implementeringsproses met die fokus op Taaldienste

Sleutelaktiwiteit 1.1.2: Direktoraat: Museum, Erfenishulpbronbestuur en Geografiese Naamdienste

- Implementering van aanbevelings sodra oorlegpleging met Arbeid en DSA gefinaliseer is

Slutelaktiwiteit 1.1.3: Direktoraat: Biblioteekdienste

- Implementering van aanbevelings met betrekking tot die omskakeling van Biblioteekassistentposte na Administratiewe Klerk-poste nadat oorlegpleging met DSA gefinaliseer is.
- Funksionele ontleding en posevalueringintervensie met betrekking tot Algemene Werkers.

Slutelaktiwiteit 1.1.4: Prioritiseer die implementering en instelling van SLIMS Biblioteekmateriaalbatebestuureenheid en die plasing van die SLIMS Biblioteekstelselondersteuningskomponent.

Slutelaktiwiteit 1.1.5: Die skep van 'n permanente organisasie en diensstaat vir die UOWP-funksie binne die Departement:

- Implementering moet geprioritiseer word.

Slutelaktiwiteit 1.1.6: Herontwerp van Hoofdirektoraat Sport en Ontspanning

- Onderzoek moet weer begin en afgehandel word.

Slutelaktiwiteit 1.1.7: Herbelyning van Direktoraat Finansies met HFB-model

- Onderzoek moet herskeduleer en gefinaliseer word.

Slutelaktiwiteit 1.1.8: Departementele Beplanning

- Diensstaatondersoek na addisionele kapasiteit

Slutelaktiwiteit 1.1.9: Posevaluerings

- Verskeie posevaluerings moet gedoen word waar teenstrydighede bestaan in terme van vergoedingspakkette en nakoming van die nuwe PSR 2016 (60 maande se hersiening).

2. Opleiding en Ontwikkeling

Slutelaktiwiteit 2.1: Senior Bestuurders en ander geïdentifiseerde werknemers moet mentorskap- en afrigtingsintervensies bywoon.

Slutelaktiwiteit 2.2: Bestuurders moet vaardigheidsleemte-ontleding doen op grond van die individuele PDP's wat dan inligting sal gee vir die WSP met betrekking tot die heropleiding/verbetering van vaardighede van werknemers waar nodig.

Slutelaktiwiteit 2.3: Gefokusde belyning van internskap en beurstoekenningkriteria en/of opleidingsintervensies vir kritieke beroepe en beroepe met skaars vaardighede.

Slutelaktiwiteit 2.4: Prioriteitsopleidingintervensies geïdentifiseer om aandag te gee aan die kritieke bevoegdhede en vaardigheidsleemte om die volgende in te sluit:

- Veranderingsbestuur
- Skryf en verslagdoening (intermediêr en gevorderd)
- Toepassing van kundigheid en tegnologie
- Hersiening van ontledings en ander gepaste analitiese intervensies
- Mensebestuur en bemagtiging
- Program- en projekbestuur
- Navorsingsvaardighede
- Gasvryheidsbestuur
- GIS vir Kuns, Kultuur en Taal
- GIS vir Erfenis

- Finansies vir nie-finansiële bestuurders
- Ontwikkeling van Uitvoerende Bestuur
- Besigheidskryfwerk – voorleggings en die skryf van verslae
- Gespesialiseerde afrigting- en mentorskapsprogramme vir sportbevorderingsbeamptes

3. Opvolgbeplanning en Loopbaanontwikkeling

Sleutelaktiwiteit 3.1: Identifiseer 'n geakkrediteerde leierskapsprogram wat leierskapsvermoëns sal ontwikkel met spesifieke klem op die funksionele gebiede sowel as mentorskaps- en afrigtingsvaardighede (middelvakbestuurders)

Sleutelaktiwiteit 3.2: Bestuurders moet werknemers identifiseer wat in aanmerking kom vir aftrede met die klem op SBD en middelvakbestuursdiens, en diegene in kritieke beroepe en vaardighede wat verlore sal gaan, moet geïdentifiseer word

Sleutelaktiwiteit 3.3: Aftrede- en uittredebeplanning moet geïmplementeer word om seker te maak dat vaardighede en kennis na potensiële opvolgers oorgedra word

Sleutelaktiwiteit 3.4: Ontwikkeling en implementering van 'n provinsiale loopbaan- en opvolgbeplanningraamwerk gekoppel aan die strategie vir mensebestuur

4. Kultuur en Etiek

Sleutelaktiwiteit 4.1: Stel 'n plan op om interne kommunikasie te lewer ten opsigte van die nuwe (2017) resultate.

Sleutelaktiwiteit 4.2: Bied werkswinkels aan om die resultate te ontleed.

Sleutelaktiwiteit 4.3: Elke komponentshoof moet 'n implementeringsplan opstel om die kultuur na die gewenste stand te verskuif en om die implementering daarvan te monitor.

Werknemerprestasiestuur

Die doel van prestasiestuur is om prestasie te verbeter deur individuele toegewydheid, aanspreeklikheid en motivering aan te moedig.

Daar word van alle werknemers verwag om elke jaar voor 31 Mei 'n prestasie-ooreenkoms te voltooi. Die ooreenkoms is in wese 'n kontrak tussen die werkgever en die werknemer wat die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standaarde vir die verlangde dienslewering bevat. Ten einde 'n gestandaardiseerde administrasieproses te fasiliteer, het die Wes-Kaapse Regering 'n elektroniese stelsel genaamd PBIS (Prestasiestuurinligtingstelsel) ontwikkel, wat voorsiening maak vir die vaslegging, monitering en bestuur van die hele prestasiestuurproses.

Die prestasiestuurproses vereis dat 'n halfjaarevaluering en 'n jaarlikse assessering gedoen word, maar dat die bedryfsteikens en -prestasies gekoppel aan die prestasie-ooreenkoms op 'n deurlopende grondslag gemonitor en gekommunikeer word. In gevalle waar teikens of prestasieverwagtinge nie bereik word nie, word leemtes deur middel van die bestuur van swak prestasie hanteer. Binne hierdie konteks is 'n prestasiekonsulteringsseenheid binne die

Korporatiewedienstesentrum (Hoofdirektoraat: Menslikehulpbronbestuurspraktyke) gevestig om lynbestuurders (menslikehulpbronbestuurders) te help om swak prestasie te hanteer. Die proses is ontwikkelingsgerig. In gevalle waar individue as swak presteerders ingevolge die wetgewende raamwerk geïdentifiseer is, word daar egter van hulle verwag om hulself aan 'n ontwikkelingsplan, of alternatiewelik aan dissiplinêre optrede, te onderwerp.

Werknemerwelstand

Die WKR se transversale program vir Werknemergesondheid en -Welstand (WGW) volg 'n holistiese benadering tot werknemerwelstand en is grotendeels voorkomend van aard deur beide primêre en sekondêre dienste aan te bied.

Die WGW-program word in die Departement gemonitor deur 'n maandelikse benuttingsverslag vir primêre dienste (telefoniese 24/7/365-beradingsdiens, aanlyn e-sorgdiens en verslagdoening) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma- en kritieke insidente, opleiding en geteikende ingryping, bestuursafrigting, voorspraak).

'n Kwartaalverslag word deur die Direktoraat: Organisatoriese gedrag in die Korporatiewedienstesentrum voorberei, wat 'n tendensontleding van benutting, risiko-identifisering en die impak daarvan op produktiwiteit voorsien. Voorts is deurlopende verslagdoening aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) ook 'n vereiste en sodanige verslagdoening fokus op vier gebiede, naamlik MIV/vigs, gesondheid en produktiwiteit, welstandbestuur en SHEQ-bestuur (veiligheid, gesondheid, omgewing en gehalte).

Monitering van menslikehulpbronbestuur

Die Departement, in samewerking met die KDS, monitor die implementering van 'n reeks nakomingsaanwysers vir menslikehulpbronbestuur. Die maandelikse barometerfeiteblad, wat deur die Hoofdirektoraat: Menslikehulpbronbestuurspraktyke binne die KDS saamgestel word, voorsien die Departement van gereelde opdaterings rakende die arbeidsmagprofiel en ander relevante data in verband met menslikehulpbronbestuur vir die doel van besluitneming. Die aanwysers sluit onder andere die volgende in: diensstaatinsigting, koptelling, bestedingsvooruitskattings rakende menslikehulpbronne, siekteverlofpatrone, geldwaarde van jaarlikse verlofkrediete, gevalle van dissiplinêre optrede, vakaturekoerse, personeelskuiwe, diensbillikheid.

3. Oorsigstatistiek rakende Mensebestuur

3.1 Personeelverwante besteding

Die volgende tabelle gee 'n opsomming van finale geouditeerde besteding per program (Tabel 3.1.1) en per salarisband (Tabel 3.1.2).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is verkry uit die Basiese Rekeningkundige Stelsel en die syfers in Tabel 3.1.2 is verkry uit die PERSAL-stelsel (personeelsalarisstelsel). Die twee stelsels is nie gesinchroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings

en -bedankings en/of oorplasinge na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die totale besteding wat deur hierdie stelsels weergegee word.

Die sleutel in die tabel hieronder is 'n beskrywing van die programme binne die Departement. Voortaan sal daar na programme volgens hul nommer verwys word.

Program	Programbenaming
Program 1	Administrasie
Program 2	Kultuursake
Program 3	Biblioteek- en argiefdienste
Program 4	Sport en Ontspanning

Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program, 2018/19

Program	Totale besteding (R'000)	Personeelbesteding (R'000)	Opleiding-besteding (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeelbesteding as 'n % van totale besteding	Gemiddeld e personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers vergoed
Program 1	64 657	49 264	320	12 661	76.2	306	161
Program 2	115 200	55 613	264	16 023	48.3	288	193
Program 3	371 224	66 847	155	42 537	18.0	303	221
Program 4	183 226	30 698	1,571	57 035	16.8	361	85
Totaal	734 307	202 422	2,310	128 256	27.6	307	660

Nota: Die getal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagdoeningsperiode vergoed is, insluitend internskappe, maar met uitsluiting van die Minister. Die getal werknemers is die totaal en nie 'n momentopname soos dit op 'n spesifieke datum was nie.

Tabel 3.1.2: Personeelbesteding per salarisband, 2018/19

Salarisbande	Personeelbesteding (R'000)	% van totale personeelbesteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Interns	1,838	0.9	31	59
Laer geskoold (vlak 1-2)	11,138	5.5	155	72
Geskoold (vlak 3-5)	41,747	20.7	207	202
Hoogs geskoold: produksie (vlak 6-8)	79,410	39.4	351	226
Hoogs geskoold: toesighouding (vlak 9-12)	51,053	25.3	587	87
Senior bestuur (vlak 13-16)	16,478	8.2	1,177	14
Totaal	201,663	100.0	306	660

Nota: Die getal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagdoeningsperiode vergoed is, insluitend internskappe, maar met uitsluiting van die Minister. Die getal werknemers is die totaal en nie 'n momentopname soos dit op 'n spesifieke datum was nie.

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisband (Tabel 3.1.4) rakende uitgawes wat aangegaan is weens salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelae nie, wat die totale personeelbesteding uitmaak. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbesteding wat vir hierdie items aangewend is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per program, 2018/19

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel besteding
Program 1	34 342	17.0	140	0.1	1,172	0.6	1,801	0.9
Program 2	39 590	19.6	580	0.3	2,240	1.1	3,353	1.7
Program 3	47 279	23.4	169	0.1	2,794	1.4	4,505	2.2
Program 4	21 664	10.7	519	0.3	531	0.3	1,295	0.6
Totaal	142 876	70.8	1,408	0.7	6,736	3.3	10,954	5.4

Tabel 3.1.4: Salarisse, Oortyd, Behuisingstoelae en Mediese bystand per salarisband, 2018/19

Salarisbande	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel besteding
Interns	1,769	0.9	0	0.0	0	0.0	0	0.0
Laer geskool (vlak 1-2)	7,284	3.6	133	0.1	764	0.4	1,305	0.6
Geskool (vlak 3-5)	28,183	14.0	438	0.2	2,551	1.3	3,607	1.8
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	57,519	28.5	591	0.3	2,657	1.3	4,401	2.2
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	37,331	18.5	246	0.1	712	0.4	1,367	0.7
Senior bestuur (vlak 13-16)	10,790	5.4	0	0.0	52	0.0	274	0.1
Totaal	142,876	70.8	1,408	0.7	6,736	3.3	10,954	5.4

3.2 INDIENSNEMING EN VAKATURES

Die volgende tabelle gee 'n opsomming van die getal aktiewe poste op die diensstaat, die getal werknemers (met uitsluiting van internskappe en die Minister) en die persentasie aktiewe vakante poste soos aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word aangebied ten opsigte van drie belangrike veranderlikes, naamlik: program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie afdeling word as 'n momentopname verskaf soos aan die einde van die boekjaar onder oorsig.

Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program, soos op 31 Maart 2019

Program	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Program 1	102	101	1.0%
Program 2	185	181	2.2%
Program 3	212	209	1.4%
Program 4	71	69	2.8%
Totaal	570	560	1.8%

Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 31 Maart 2019

Salarisband	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Laer geskool (vlak 1-2)	104	104	-
Geskoold (vlak 3-5)	176	175	0.6%
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	193	187	3.1%
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	84	81	3.6%
Senior bestuur (vlak 13-16)	13	13	-
Totaal	570	560	1.8%

Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2019

Kritieke beroepe	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Argivaris	16	16	-
Kultuurbeamp	6	6	-
Erferisbeamp	4	3	25.0%
Taalpraktisyn	4	4	-
Biblioteke	26	25	3.8%
Museumgeesteswetensk aplike	8	8	-
Sportbevoororderingsbeamp	20	19	5.0%
Totaal	84	81	3.6%

Nota: Kritieke beroepe verwys na beroepe wat noodsaaklik is vir dienslewering. Indien hierdie beroepe nie in die Departement teenwoordig is nie, sal die funksie/dienste ineenstort.

3.3 POSEVALUERING

Posevaluering is ingestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyk vergoed word. Binne 'n raamwerk wat nasionaal vasgestel is, word daar van uitvoerende owerhede verwag om elke nuwe pos in sy of haar organisasie te evalueer of om enige pos te herevalueer waar die mandaat of inhoud beduidend verander het. Hierdie posevalueringproses bepaal die gradering en salarislak van 'n pos. Daar moet begryp word dat posevaluering en personeelprestasiebestuur verskil in die sin dat posevaluering verwys na die waarde/gewig van die aktiwiteite wat met die pos gepaardgaan en personeelprestasiebestuur verwys na die beoordeling van 'n individu se prestasie.

Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2018 tot 31 Maart 2019

Salarisband	Getal aktiewe poste soos op 31 Maart 2019	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	Poste opgegradeer as 'n % van totaal poste	Getal	Poste afgegradeer as 'n % van totale poste
Laer geskool (vlak 1-2)	104	1	0.2	0	0.0	0	0.0
Geskool (vlak 3-5)	176	4	0.7	0	0.0	0	0.0
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	193	8	1.4	0	0.0	1	0.2
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	84	9	1.6	0	0.0	0	0.0
Senior Bestuur Diensband A (vlak 13)	9	0	0.0	0	0.0	0	0.0
Senior Bestuur Diensband B (vlak 14)	3	0	0.0	0	0.0	0	0.0
Senior Bestuur Diensband C (vlak 15)	1	0	0.0	0	0.0	0	0.0
Totaal	570	22	3.9	0	0.0	1	0.2

Nota: Die "Getal poste geëvalueer" per Salarisband weerspieël die Finale Goedgekeurde Posvlak na Posevaluering.

Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is weens hul poste wat opgegradeer is, 1 April 2018 tot 31 Maart 2019

Begunstigdes	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Totaal
Geen					

Tabel 3.3.3 is 'n opsomming van die getal gevalle waar salarislakke die graad oorskry het wat deur posevaluering bepaal is of waar hoër kerwe binne 'n spesifieke salarislak aan werknemers toegestaan is. Elke salarislak bestaan uit 12 kerwe. Redes vir die afwyking word in elke geval verskaf.

Tabel 3.3.3: Werknemers aan wie hoër salarisse toegestaan is as wat deur posevaluering bepaal is, per hoofberoep, 1 April 2018 tot 31 Maart 2019

Hoofberoep	Getal werknemers	Posevalueringsvlak	Vergoeding op 'n hoër salarislak	Vergoeding op 'n hoër kerf van die dieselfde salarislak	Rede vir afwyking
Geen					

Tabel 3.3.4: Profiel van werknemers aan wie hoër salarisse toegestaan is as wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2018 tot 31 Maart 2019

Begunstigdes	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Totaal
Geen					

3.4. VERANDERINGE IN INDIENSNEMING

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indienseningsprofiel van die Departement gedurende die oorsigjaar. Die volgende tabelle gee 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroep (Tabel 3.4.2). Hierdie afdeling bevat nie inligting oor internskappe nie.

Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2018 tot 31 Maart 2019

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2018	Omsetkoers 2017/18	Aanstellings in die Departement	Oorplasing na die Departement	Diensbeëindigings uit die Departement	Oorplasing uit die Departement	Omsetkoers 2018/19
Laer geskool (vlak 1-2)	70	6.3	5	0	2	2	5.7
Geskool (vlak 3-5)	191	8.0	22	0	7	3	5.2
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	200	10.8	22	1	13	3	8.0
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	82	15.9	3	1	7	0	8.5
Senior Bestuur Diensband A (vlak 13)	9	0.0	0	0	1	0	11.1
Senior Bestuur Diensband B (vlak 14)	3	0.0	0	1	0	0	0.0
